

DIE AFRIKAANS VAN KHARKAMS

DEUR

THOMAS HODSON LINKS

VERHANDELING VOORGELÊ TER GEDEELTELIKE VERVULLING
VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

DOCTOR LITTERARUM



IN DIE

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

AAN DIE

UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

PROMOTORS: PROF F A PONELIS (U S)


PROF A J L SINCLAIR (U W K)

BELLVILLE

OKTOBER 1983

Ek verklaar hiermee dat:

DIE AFRIKAANS VAN KHARKAMS my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het, deur middel van volledige verwysings aangedui of erken het.



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'T H Links', followed by a dotted line indicating the end of the signature.

T H LINKS

Wat die Namakwalander sê, slaag keer op keer daarin, onfeilbaar, om 'n lagbui te ontlok, ook van die Namakwalanders in sy gehoor. Want laat dit nou maar altyd bekend wees, ons kán lank en lekker vir onself lag. En as die lagbui weggesteef het, dan voel ons so 'n klein bietjie trots en selftevrede, want ons weet, van die suigeling wat nog nie bewus is van sy bestaan, tot die grysaard wat nie meer bewus is van syne nie, kan elke mens onder die son 'n ander laat huil. Maar hulle aan wie die gawe gegee is om andere te laat lag, is dun gesaai. As dit dan nou aan ons gegee is om 'n taal te skep wat vir andere tot plesier kan wees, dan aanvaar ons daardie gawe met diepe dankbaarheid.

- Huibrecht Mulder -

DANKBETUIGINGS

Dit verskaf my groot genoeg om my dank en waardering teenoor die volgende instansies en persone te kan betuig:

- die Universiteit van Wes-Kaapland en die Universiteit van Stellenbosch vir die ruim geriewe en geleenthede vir navorsing,
- my twee promotors proff F A Poneis en A J L Sinclair vir hulle besielende leiding en persoonlike belangstelling in my werk,
- al my yakkollegas vir die stimulerende gesprekke en belangstelling in my studie,
- dr A C Redlinghuis vir die kaarte oor die navorsingsgebied,
- die Leliefonteinse Bestuursraad, in die besonder mnr P Joseph, vir die beskikbaarstelling van gegewens,
- Rapport wat finansieel mildelik bygedra het om dié studie moontlik te maak,
- die ATF vir 'n beurs wat deel van die koste van dié navorsing kon dek,



- Denise Lodewyk vir die netjiese tikwerk en die toewyding, opoffering en besondere bekwaamheid waarmee sy dié taak behartig het,
- Charles Calvert en Peter Links vir hulle bereidwilligheid om elke keer saam met my die Namakwalandse paaie te trotseer op die navorsingstogte,
- Pappa en Mamma wat selfs op hulle hoë ouderdom baie van die navorsingsritte meegemaak het en behulpsaam was met die verklaring van baie uitdrukkings en Khoi-woorde,
- die gemeenskap van Kharkams, Leliefontein en al die ander nedersettings wie se lieflike samewerking dié projek moontlik gemaak het,
- al die familieleden op Kharkams, in die besonder Kliema, vir die gasvryheid en bereidwilligheid om altyd te help,
- die Lottering-gesin op Kheis vir die besondere onderskraging en hulpverlening,
- Pearl en die kinders wat gedurende hierdie tyd baie moes ontbeer en dikwels die slagoffers was van al die irritasies en spanninge wat so 'n studie meebring,
- aan Hom, die bron van alle wysheid, wat gesê het: *"Hou dit (die wysheid) hoog, dan sal dit jou verhoog; dit sal jou eer as jy dit omhels."*

A F K O R T I N G S

AB : Algemeen-beskaaf

HAT : Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.

KT : Kharkamstaal

O : Ondervraer

R : Respondent

WAT : Woordeboek van die Afrikaanse Taal



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

LYS VAN KAARTE

Fig. 1.3 : Ligging van die navorsingsgebied in Namakwaland.

Fig. 1.4 : Verspreiding van die verskillende Landelike Gebiede
in Namakwaland.

Fig. 1.5 : Kaart van die Leliefonteinse Landelike Gebied.



INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDING

	<u>Bladsy</u>
1.1 Die aard van die studie	1
1.2 Die navorsingsgebied	3
1.2.1 Histories	4
1.2.2 Geografies	6
1.2.3 Sosiaal	7
1.3 Die begrippe Algemeen-beskaaf en Dialek	7



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

HOOFSTUK 2

DIE FONOLOGIE

	<u>Bladsy</u>
2.1 Inleiding	14
2.2 Die vokale	15
2.3 Die diftonge	38
2.4 Die konsonante	46
2.5 Verdere klankverskynsels	51
2.5.1 Epentese	52
2.5.2 Klankverlies	52
2.5.2.1 Klankverlies in woordeindposisie	52
2.5.2.2 Klankverlies a.g.v. atoniese reduksie	53
2.5.3 Nasalering	54
2.5.4 Metatesis	55
2.5.5 Asemstem	55
2.5.6 Fluisterstem	56
2.6 Algemene Opmerkings	57
2.7 'n Foneties-getranskribeerde weergawe van 'n stuk Kharkamsspraak	58

HOOFSTUK 3

DIE LEKSIKON

	<u>Bladsy</u>
3.1 Aspekte van woordvorming	62
3.1.1 Substantief + -goed	62
3.1.2 Substantief + dubbele meervoudsformans op -e	66
3.1.3 Enkelvoudsubstantief met meervoudige funksie	68
3.1.4 Die diminutiefsuffiks	70
3.1.4.1 Dubbele diminutiefsuffiks	70
3.1.4.2 Oormatige gebruik van die di= minutiefsuffiks	72
3.1.5 Jotasering	73
3.1.6 Hoë gebruiksfrekwensie van -lik(e) vir afleiding	75
3.1.6.1 -lik(e) as substantiveerder ..	75
3.1.6.2 -lik(e) as adverbialiseerder .	75
3.1.6.3 -lik(e) as adjektiveerder	76
3.1.7 Prefiks by woorde met be-, ge-, her-, er-, ont-, ver-	77
3.1.7.1 Die posisie in AB-Afrikaans ..	77
3.1.8 Vooropplasing van ge- by die deeltjie= werkwoord	80

3.2 Eiename	82
3.2.1 Voorname	82
3.2.2 Familiename	83
3.2.3 Byname	85
3.2.4 Aanspreekvorme	89
3.3 Woord- en idioomgebruik	91
3.4 Khoi-invloed op die leksikon	129
3.4.1 Plantname	131
3.4.2 Diername en ander woorde wat met die veldlewe in verband staan	134
3.4.3 Huishoudelike woorde en uitdrukkings ..	135
3.4.4 Plekname	140
3.5 Die invloed van Engels op die leksikon	143
3.6 Argaïsmes	145



HOOFSTUK 4
DIE SINTAKSIS

	<u>Bladsy</u>
4.1 Enkele woordsoortelike verskille tussen AB en KT	149
4.1.1 Verbalisering van die preposisie	149
4.1.2 Verbalisering van die substantief	150
4.2 Die uitdrukking van ontkenning	151
4.3 Die agteroplasing van dit wat as belangrik in dié sin aangevoel word	155
4.4 Herhaling en stapeling	156
4.5 Die oormatige gebruik van "en", "nou" en "toe" as konjunksies	158
4.6 Die skakelwerkwoorde	161
4.7 Die pronomens	164
4.7.1 Geslag by die pronomens	164
4.7.2 Die affektiewe gebruik van "dit"	169
4.7.3 Vormlike aspek van besit by die pronomens	170
4.8 Die parentese	174

4.9 Slotopmerking	175
Samevatting	176
Bibliografie	178
Addenda	187
Opsomming	227



HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Die aard van die studie

Die terrein wat hierdie studie betree, nl. die taalgebruik in 'n deel van Namakwaland (Kharkams), is een waarin die navorser nog altyd 'n groot belangstelling gehad het, hoofsaaklik omdat sy eie wortels soontoe te herlei is. Hierdie belangstelling het oor die jare gegroei namate die belangstelling in die dialektologie in die algemeen gegroei het.

Die gebied van die Afrikaanse dialektologie is 'n breë veld en selfs waar 'n navorser hom begewe op die terrein van 'n bepaalde dialek of streektaal, ondervind hy dat dié afgebakende veld ook net so omvangryk is. Taal is iets wat saamhang met die gees en die geesteservaring van die sprekers en om 'n getroue weergawe van 'n bepaalde streek se taalgebruik te kan gee, sou 'n mens moet rekening hou met ten minste een belangrike feit: die menslike gees het verskillende stemminge en dit beïnvloed taalgebruik in die algemeen.

In hierdie ondersoek gaan dit om 'n beskrywing van die Afrikaanse spreektaal soos opgeteken uit die mond van "gekleurde" sprekers in Kharkams en omliggende nedersettings. Drie vlakke van

taalgebruik word in dié monografie van nader bekyk, nl. die fonologie, die leksikon en die sintaksis.

Die respondente behoort almal tot die ouer laag van die bevolking - almal is bo 70 jaar - en dié keuse van respondente het berus op die hipotese dat ons in dié omgewing met 'n ouer vorm van Afrikaans te doen het. 'n Waarneming van die taal van die jongmense en kinders, wat nie deel van hierdie ondersoek vorm nie, het duidelik getoon dat stadskontak, die massamedia, die skool e.d.m. al hulle invloed by taalgebruik laat geld het. Om dié rede verskil die taalgebruik van dié groepe ook al in 'n groot mate van die taalgebruik van dié onderhawige teikengroep.

Al die proefpersone het die grootste deel van hulle lewe in hierdie kontrei deurgebring en stadskontak wat enigsins hul taalgebruik sou kon beïnvloed, was minimaal. Waar daar wel gevalle was van respondente wat stadskontak gehad het, was dit 'n passiewe soort kontak, byvoorbeeld met die doel om mediese behandeling te ontvang of om 'n begrafnisgeleentheid by te woon.

Voorts moet daarop gewys word dat waar die begrip "gekleurdes" gebruik word, dit geen politieke konnotasies bevat nie; dit word bloot gebruik om dié groep sprekers en bewoners van dié kontrei te identifiseer.

Daar is nie gepoog om 'n volledige beskrywing van hierdie kontrei se taalgebruik te gee nie, dit sou te omvattend wees en daarbenewens sal so 'n ondersoek baie meer tyd en finansies verg as wat die navorser tot sy beskikking gehad het.

Taalinligting is hoofsaaklik verkry deur middel van die bandopnemertegniek. Die onderhoudsituasie was in die meeste gevalle ontspanne en informeel. Die navorser het te kenne gegee dat hy besig was om historiese data oor die navorsingskontrei in te win en het op dié wyse goeie samewerking van die proefpersone ontvang. Die rede vir hierdie voorwendsel was om 'n natuurlike, spontane en ongeïnhibeerde taalgebruik te ontlok, wat in die meeste gevalle geslaag het. Nadat die hele ondersoek afgehandel was, is dit om etiese redes onder die aandag van die respondente gebring dat dié ondersoek op taalgebruik gemik was. Alle respondente het daartoe ingestem dat dié gegewens vir dié doel gebruik mag word. Benewens die bandopnemer is sporadiese optekeninge ook gemaak in gespreksituasies waarop die navorser toevallig afgekom het. Ook hier was die sprekers glad nie bewus van die optekeninge nie.

1.2 Die navorsingsgebied

Kharkams is ongeveer 20 km noord van Garies en is feitlik teen die nasionale pad geleë. Dié nedersetting ressorteer onder die Leliefonteinse Bestuursraad. Benewens Kharkams

is Leliefontein, Kheis en Tweerivier ook besoek om die verspreidheid en gebruiksfrekwensie van bepaalde taaldinge te toets. Die primêre navorsingsgebied bly egter Kharkams.

1.2.1 Histories dien daarop gewys te word dat dié kontrei - en dit geld vir Namakwaland as geheel ook - veral in die 18de eeu 'n soort toevlugsoord vir die Khoi-khoi en die Basters was. Moontlik het die afgesonderdheid van die gebied daartoe bygedra. Dit was feitlik nog net hier in die Noordweste waar hulle kans gesien het vir 'n bestaan en waar daar nog grond beskikbaar was sodat hulle 'n ongehinderde en geïsoleerde bestaan kon voortsit.

Toe die Khoi die suidwestelike Kaap inbeweeg, was die gebied alreeds beset deur die oorspronklike jagters, die San. Elphick (1977:23) wys daarop dat die kontak tussen die twee groepe oorlog tot gevolg gehad het, handel en ondertrouery. Dit, op sy beurt, het grootskaalse vermenging van kulturele inhoude tot gevolg gehad.

Namate die Kaapkolonie se grense uitgebrei het en die Blankes die binneland beset het en die Khoi-khoi nie verder die binneland kon inbeweeg nie, moes hulle hul nomadiese bestaan prysgee en probeer om 'n lewe uit die landbou te maak, in 'n gebied wat uiters ongeskik daarvoor was.

Ook die sendelinge het daartoe bygedra om die nomadiese bestaan van die Khoi-san te beëindig deur hulle aan te moedig om tuine aan te lê en te saai. Klaarblyklik was die doel om hulle permanent by die standplaas te hou en die rondtrekkery met die vee te beperk om sodoende die sendingaksie onverstoord te kan laat plaasvind. Du Plessis (1965: 169) noem dit juis t.o.v. Leliefontein, die nedersetting waaronder die Kharkamsgebied ook ressorteer:

"Here Shaw remained for ten years, during which period immense progress was made with the evangelising and up= lifting of the natives. They were trained to habits of industry, and changes from pastoral nomads into a settled community following agricultural pursuits."

So het die Europese pastoraliste geleidelik die Noord= weste binnegegaan en het die vestiging van die Blankes in dié kontrei al hoe meer plaasgevind. Legassick (1969:104-105) maak in dié verband die volgende stelling:

"It was, in fact, non-whites who were the 'real pioneers of this part of the colony', or, more precisely, the agents by which the acculturative processes of frontier society spread to the north. But, it must be repeated it is hard to ascertain from the available contemporary sources much information on the origin of acculturated non-white groups: between the descriptions of traditonal

Khoi societies, whose situation and movements can be traced to the early eighteenth century, and the emergence of a recognisable class of Bastards in the Khamiesberg area in the last third of the century, there is a striking gap."

Uit voorafgaande is dit dus duidelik dat die Khoi baie nou in verband staan met dié streek se geskiedenis.

Dit is dus geen wonder dat die Khoi-invloed nou nog in die Namkwalandse spreektaal waar te neem is nie.

1.2.2 Geografies word die gebied veral gekenmerk deur sy rots- en bergagtigheid, sy warm weersomstandighede, sodat dit al beskryf is as "'n halwe helletjie", en die lae reënval. Die plantegroei pas hom aan by die reënval, daarom is sukkulente die tipiese plante van die kontrei. Verder is bossies en struikie die normale plantegroei. Daar word tereg gesê dat die besondere geografiese faktore van Namakwaland 'n baie vername rol gespeel het in die vorming van die Namakwalander. Die toestande waaraan hy onderworpe is, het dan ook neerslag in sy taal gevind.

As gevolg van die lae reënval is die gebied feitlik net vir veeboerdery geskik en vir al die jare was dit maar die hoofbedryf van die meeste inwoners.

1.2.3 Sosiaal is die gemeenskap baie agterlik en was dit vir baie jare in 'n groot mate geïsoleerd. Daar is 'n sterk aanduiding van die beperkte mobiliteit van die inwoners. Die kommunikasie- en vervoergeriewe is swak. Redlinghuis (1981:164) merk op:

"'n Gebrek aan kommunikasie kan soms as direkte oorsaak beskou word waarom mense in afgesonderde gebiede minder geneig is om nuwighede te aanvaar."

Miskien geld dit ook vir die groep respondente se taalgebruik.

Armoede is algemeen en daar is 'n groot tekort aan lewens= middele om 'n verandering in hulle lewensomstandigheid te bewerkstellig. Die behuisingsituasie sowel as die inkomste, wat maar deurgaans uit die een of ander soort pensioen bestaan, laat veel te wense oor. Dit is dus nie vreemd dat die omstandighede neerslag vind in dié mense se taal nie.

1.3 Die begrippe Algemeen-beskaaf en Dialek

Omdat hierdie studie by uitstek 'n dialektmonografie is, is dit belangrik dat duidelikheid verkry word oor wat onder Algemeen-beskaaf en Dialek verstaan word.

Die HAT verklaar dat AB die taal van toonaangewende kringe is, terwyl die WAT AB definieer as die taal wat in alle toonaangewende kringe van 'n volk gebesig (kan) word en as gemeengoed beskou kan word. Hierdie definisies sê egter nog niks oor die aard van dié taal wat as gemeengoed beskou kan word nie en alhoewel baie taalondersoekers op hierdie terrein gewerk het, is die probleem nog onopgelos.

(De Klerk 1972: 220)

Sapir (1921: 153) het al gekonstateer dat begrippe soos dialek en taal relatief is. Dié onderskeid t.o.v. Afrikaans word verder bemoeilik as in gedagte gehou word dat sodanige onderskeid gewoonlik 'n tradisie veronderstel en dat Afrikaans 'n baie kort tradisie in dié opsig het. Verder is die probleem dat taalgebruiksverskille in Afrikaans in 'n groot mate deureenloop. Dis heel dikwels moeilik om bepaalde taalverskynsels aan sekere geografiese gebiede te koppel. Die verskille is, met ander woorde, nie skerp genoeg afgebaken nie. Ten spyte van hierdie toestand, egter, sal niemand dit ontken nie dat daar tog taalgebruiksverskille in Afrikaans bestaan en dat bepaalde konsentrasies van verskynsels tog wel gelokaliseer kan word. Dat daar ook in Afrikaans rekening gehou moet word met AB en dialek is dus voor die hand liggend.

Weijnen (1958: 18) beskou die algemeen-beskaafde taal as

'n soort koördinerende sisteem wat 'n reeks taalsisteme (dialekte) saambind tot 'n taal:

"Het verschil tussen taal en dialek bestaat o.i. hierin dat een tekensysteem het pas dan tot de rang van taal brengt als het met naverwante locale tekensystemen een ander naverwant tekensysteem voor hoger en interlocaal verkeer aanvaardt."

Hieruit spreek dit duidelik dat dialek nie sinoniem is met agterlik en onbeskaaf nie. Daar is geen essensiële verskil tussen 'n dialek en taal nie, maar dit is dikwels gerieflik om eersgenoemde toe te pas op ondergeskikte spreeksoorte in gebruik by betreklik klein gemeenskappe en laasgenoemde op die spraak van hele volke (Coetzee 1983: 311).

De Klerk (1968: 23) vat dit soos volg saam:

"So gesien kan 'dialek' omskryf word as die taalgebruik van die grootste homogene milieu. Dit spreek vanself dat hierdie milieu territoriaal nie te verbreed en maatskaplik nie te geskakeerd kan wees nie."

Oor AB konstateer De Klerk (1968: 24):

"Teen die dialek kan die AB nou gestel word in terme van wat hom van die dialek onderskei. In negatiewe terme sal

ons dan kan sê dat die spreker wie se taalgebruik sy herkoms die minste verraaï as behorende tot 'n bepaalde streek of kultureel minder-ontwikkelde groep 'n AB-spreker is."







FIG: 1.3

FIG: 1.4 VERSPREIDING VAN DIE VERSKEIE LANDELIKE GEBIEDE IN NAMAKWALAND






FIG: 1.5

DIE LELIEFONTEINSE LANDELIKE GEBIED

HOOFSTUK 2

DIE FONOLOGIE

2.1 INLEIDING

Daar bestaan tussen KT en AB allerlei fonologiese verskille. Hierdie verskille in uitspraak is nie net op te merk by die gemeenskap as geheel nie, maar dikwels het verskillende lede verskillende uitsprake vir bepaalde klanke. Dit gebeur ook dat die uitspraak van bepaalde klanke by dieselfde individu dikwels wissel: in 'n spesifieke geval sal 'n bepaalde respondent 'n klank op 'n sekere wyse artikuleer en in 'n ander geval sal hy dieselfde klank op 'n ander wyse artikuleer.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Om die oorsake van hierdie wisselings linguisties vas te stel is in beginsel onmoontlik. Aangesien hierdie variasies nie voorspelbaar is uit die foneemsisteem van dié besondere streektaal nie, is hulle ook nie sistematies nie. Dit blyk baie duidelik uit die beskrywing van die klanke en die wisselings wat hieronder volg.

Die AB word as uitgangspunt geneem en die volledige foneeminventaris word van nader bekyk om die besondere wisselings aan te dui.

2.2 DIE VOKALE

As die AB as uitgangspunt geneem word, val dit op dat daar op die gebied van die vokale 'n groot mate van variasie voorkom. Hierdie variasies kan in eerste instansie toegeskryf word aan 'n verskil in die grootte van resonansieruimtes, soos De Klerk (1968:56) tereg aandui.

Daar word van diakritiese tekens gebruik gemaak om die besondere verskille en wisselings aan te dui.

2.2.1 [i]

Hierdie klank word by dié groep respondente, soos in AB, effens laer as die kardinale [i] geartikuleer. Dit wil voorkom of dié vokaal op dieselfde wyse geartikuleer word as die ooreenstemmende klank in die breër Afrikaanssprekende gemeenskap. Dié afleiding is gemaak na aanleiding van KT-uispraak van o.a. die volgende woorde:

bietjie

daardie

die

drie

familie

gesie

geskie

hier

iemand

Januarie

knie

Leliesfontein

matjie

nie

onlieflik

rondehuisie

rumetiek

saaiperseletjie

sien

sylappietjie

stukkie



2.2.2 [y]

Die [y] soos in huwelik word beskryf as 'n abnormale hoë voorvokaal, d.w.s. dit het die tongstand van [i] met gewoonlik effens geronde lippe soos by [u] (De Villiers: 1973: 58). Wat opval van dié spraakgebied is die gerondheid waarmee klanke soos die [y] geartikuleer word. In die ontleding van die opnames wil dit voorkom of ronding sonder uitsondering onder die groep respondente algemeen is. Die geronde aard van die vokaal word veral weerspieël in die volgende woorde wat taamlik frekwent in die opnames

voorkom:

skuur

huwelik

muurhuise

skuu

2.2.3 [e:]

De Villiers (1978:56) wys daarop dat hierdie middel-
hoë voorvokaal selfs in die breër Afrikaanssprekende
gemeenskap baie wisseling t.o.v. uitspraak toon. So
word die uitspraak [ij] dikwels in die noordelike streke
gehoor, terwyl die uitspraak wat nader aan die [i] is
weer baie frekvent in die Boland is. Die AB-uitspraak
is min of meer [eə].

Dit is dus heeltemal begryplik dat daar ook artikulasie-
variasie t.o.v. die [e:] sal wees.

✓ 2.2.3.1 [e:] x [ə]

Dit kom sporadies voor dat die [e:] in sommige woorde
oorgaan tot die schwa, sodat woorde soos meneer, meer
(soos in "kan meer die") uitgespreek word as [mənər]
en [mər] soos in [kaməri]. Verdere voorbeelde waarin
dié wisseling voorkom is:

besigheid [bəsəxəit]

Leliesfontein [ləlisfntəin]

Dit is moontlik dat hierdie oorgang van die [e:] > [ə] aan vokaalharmonie toegeskryf kan word, vgl. [mənər] wat uitgespreek word as [mənər]. Ook moet daarop gewys word dat hierdie wisseling, soos reeds aangedui is, sporadies voorkom en die navorser het dikwels by dieselfde spreker dié wisseling aangetref. In sommige gevalle het die schwa baie na aan die [œ] geklink.

2.2.3.2 [e(:)] X [ɛ(:)]

Dit gebeur soms dat die middelhoë voorvokaal [e(:)] wissel met 'n klank wat klink na die middellae voorvokaal [ɛ(:)]. Hierdie wisseling is veral waar te neem in die volgende woorde:

eerste

weer

geleer

redenering

Ook hierdie wisseling is sporadies opgeteken.

2.2.3.3 [e(:)] X [ʌi]

Hierdie wisseling kom betreklik frekwent voor, maar varieer ook soms by dieselfde spreker. Die uitspraak [ʌi] vir die [e:] het veral in die volgende woorde opgeval:

alleen

algemeen

bereen

daarmee

een

eenling

gemeente

gemeentelik

mening

ten

waarmee



Hierdie wisseling is nie ongewoon in die diachronie van Afrikaans nie. Rademeyer (1938: 41) wys daarop dat ons in AB ook vleis en gemeente uit vlees en gemeente het. Vgl. o.a. Pascha van Vondel vs. 1199: teiken vir teken en vs. 2153: kleid vir kleed.

✓ 2.2.3.4 [e(:)] X [iə]

Die [iə]-uitspraak vir die middelhoë voorvokaal toon

'n baie hoë frekwensie en is opgeteken in o.a. die volgende woorde:

steek

weet

breek

weer

eerste

lewe

vee

gewees

gelewe

teen

een

meer

eenders

meen

twee

verbeel

geleer

been

klere



✓ [e:] X [ø]

Ook dié wisseling is opgeteken en is slegs waargeneem in die woorde teen, seer.

2.2.3.5 [e(:)] x [eʰ]

Soms word die [e:] effens hoër geartikuleer as wat geval in AB is. Dit gebeur sporadies en is opgeteken in die volgende woorde.

steek wat dikwels as [steʰk] uitgespreek word.

alleen uitgespreek as [aleʰ:n]

wees uitgespreek as [veʰs]

seker uitgespreek as [seʰkər]

stene uitgespreek as [steʰnə]

nee uitgespreek as [neʰ:]

Ook hierdie uitspraak wissel soms by dieselfde respondent.

[e(:)] x [eʰ]



Soms klink die [e(:)] laer as die gewone [e(:)] in Afrikaans. Dit gebeur in woorde soos :

mee [meʰ:]

Ja-nee [ja:neʰ:]

2.2.4 [∅]

In AB word die klank beskryf as 'n abnormale middelhoë voorvokaal, d.w.s. dit het die lippestand van [o] en

die tongstand van [e].

Kenmerkend van die spraak van dié gebied is dat hierdie klank, op enkele uitsonderings na, deurgaans gerond uitgespreek word. Dit het na vore gekom in woorde soos die volgende:

deur

deurgekom

beur

skooneseun

neus

heup

Ten opsigte van hierdie vokaal is die volgende wisselings opgeteken:



2.2.4.1 [ø] x [ø^:]

Dit gebeur sporadies dat dié middelhoë voorvokaal effens hoër as die AB-vorm uitgespreek word, sodat soms in dié navorsingsgebied uitsprake soos die volgende teëgekom word:

[sø^:n] i.p.v. [sø̃n]

[dø^:x] i.p.v. [dø̃:x]

[hirdø^:r] i.p.v. [hirdø̃r]

✓ 2.2.4.2 [∅] X [œ]

Ook hierdie wisseling is nie algemeen nie, maar is nogtans teëgekrom in gevalle soos die volgende:

get [xœt]
deurslag [dœrsɫax]
deurgekrom [dœrxekɔm]
nek [nœk]
jek [jœk]

2.2.5 [ɛ]

Die middellae voorvokaal wat in AB dikwels heelwat hoër gevorm word as die ooreenstemmende vokaal in Nederlands of Duits toon ook taamlik wisselings in die uitspraak.



○ 2.2.5.1 [ɛ] X [a]

Dié wisseling is veral te bespeur in sommige gebruiksgewalle van die woordjie het, vgl. "toe het hy mos lank gesit" > [tu hat əi mɔs lɑŋk xəsɪt].

2.2.5.2 [ɛ] X [ə]

Oor die wyer Afrikaanse spreekgebied kom die tipe vokaalwisseling ook algemeen voor en dan nie net in bepaalde streektale nie, maar ook in erkende AB-vorms.

So verbreed is die verskynsel dat die AB selfs sommige van dié wisselings erken: win X wen; kin X ken. Dit blyk asof hierdie tipe variasie verder gevoer word in die afgebakende spraakgebied van Kharkams. Dit moet egter beklemtoon word dat dié tipe wisseling ook oor die breër Namakwalandse spraakgebied te bespeur is, maar hier word slegs 'n beskrywing gegee van die spraak van Kharkams en die omliggende nedersettings.

As daar gelet word op die taal van die jongmense en kinders, is dit duidelik dat dié tipe vokaalwisseling nie baie lank meer sal voortbestaan nie aangesien die taalgebruik van dié twee groepe al so 'n groot mate van AB-kenmerke toon. Voorts het die invloed van die skool, massamedia, kerk, en die stedelike kontak 'n groot aantal van die tipiese Namakwalands-hede t.o.v. taal laat verdwyn.

Ten opsigte van die [ɛ] X [ə]-wisseling kan ook daarop gewys word dat dit in Middelnerlands taamlik frekwent voorgekom het, vgl. bringhen naas brenghen, inghel X enghel. Ook in die Nederlandse volkstaal is hierdie verskynsel algemeen. Le Roux en Pienaar (1927:54) verskaf die rede vir hierdie afwisseling wat dikwels voor die nasale klank plaasvind. Die verklaring is dat, hoewel [ɛ] meer na vore in die mond uitgespreek word as die [ə], die twee vokale tog baie eners klink voor 'n nasaal en dus met mekaar afwissel. Ook pos=

tuleer hulle dat die "lae inherente toon" van die nasaal werkende in die rigting van toonassimilasie, ook die verandering vanaf die [ɛ] na die [ə] teweeg kan bring. Van die frekwentste vorme wat in die kon=trei opgeteken is en dié wisseling openbaar, is die volgende:

agent

brekfes

drentel

Engels

enkel

ewenwel

flenters

gemmer

grootmens

het

jongmens

kerelmens

lente

meng

mens

met


omtrent

oumens

rente

sement

sendingwerk



skelmens

skenk

tent

verlep

wel

2.2.5.3 [ɛ] X [eʰ]

Dit gebeur ook soms dat die [ɛ] wissel met 'n klank wat klink na die [e] maar effens hoër geartikuleer word:

[mɛʰns]

2.2.5.4 [ɛ] X [ə]

Die uitspraak [mɛʰns] is ook opgeteken. Die swa is effens hoër as die neutrale [ə] wat ons in Afrikaans ken, maar nie heeltemal die [i] nie.

2.2.6 [œ]

Waar dié vokaal nie wissel met ander klanke nie, is die klankwaarde daarvan dieselfde soos in die volgende AB-vorme:

buk

puts

sukkel

tussen

suster

hulle

2.2.6.1 [œ] X [œ^]

Die hoër [œ] word soms gehoor in 'n woord soos [roe^x].

2.2.6.2 [œ] X [ø]

By sommige respondente is uitsprake soos die volgende opgeteken:

tussen	>	[tøsan]
kussing	>	[køsaŋ]
kurke	>	[kørk]
duskant	>	[døskant]
pluk	>	[pløk]
hulp	>	[hølp]

2.2.7 [a(:)]

Ook hierdie vokaal toon wisselings in dié spraakgebied.

2.2.7.1 [a:] X [a]

Hierdie wisseling, soos ook by [e:] en [o:], is sterk aanwesig:

<u>a</u> an	>	[an]
<u>m</u> aar	>	[mar]
ge <u>h</u> ad	>	[xəhat]
<u>l</u> aat	>	[lat]
vi <u>e</u> rvaamse	>	[firfamsə]
uit <u>m</u> ekaar	>	[œytməkar]
de <u>u</u> rmekaar	>	[dœrməkar]
<u>l</u> aas	>	[las]
ska <u>a</u> pwagter	>	[skavaxtər]
<u>s</u> taan	>	[stan]

Opvallend is dikwels ook die teenoorgestelde nl. dat die kort [a] gerek word en [a:] word.


<u>a</u> mp ^{er}	>	[a:mpər]
<u>w</u> at	>	[va:t]
<u>d</u> at	>	[da:t]
'n bl <u>a</u> d vleis	>	[bla:t]
ver <u>w</u> arring	>	[fərva:rəŋ]
<u>a</u> lle	>	[a:lə]
s <u>a</u> kke	>	[sa:kə]
<u>k</u> an	>	[ka:n]
<u>b</u> aster	>	[ba:stər]
<u>m</u> anne	>	[ma:nə]
gew <u>a</u> s	>	[xəva:s]
jong <u>m</u> anne	>	[jœunma:nə]
<u>g</u> at	>	[xa:t]
geb <u>e</u> plan	>	[xəbəpla:n]

Wat die vorm [xa:t] betref, skryf Le Roux en Pienaar (1927:50) die ontstaan daarvan toe aan 'n gevolg van betekenis=assosiasie met die liggaamsdeel en 'n daaropvolgende klankdifferensiëring wat versterk is deur die meervoudsvorm [xa:te]. Daar kan egter daarop gewys word dat dié tipe wisseling weer eens oor die breër front van Afrikaans voorkom. Vgl. [fat] X [fa:t]
[xlas] X [xla:s]

Verder is ook teëgekem dat waar die gerede vorm [xa:t] gebruik word, dit ook in hierdie spraakgemeenskap na die liggaamsdeel verwys; m.a.w. dit word 'n skeldwoord.

2.2.7.2 [a(:)] X [a·]

Die halflang [a] word ook soms gehoor in woorde soos die volgende:



laas	>	[la·s]
drie <u>va</u> amse	>	[drifa·msə]
s <u>a</u> k	>	[sa·k]
ja <u>m</u> mer	>	[ja·mər]
na <u>t</u>	>	[na·t]
ka <u>n</u> t	>	[ka·nt]

✓ 2.2.7.3 [a] X [ə]

Hierdie wisseling is opgemerk in woorde soos die volgende:

f <u>a</u> milie	>	[fəmil <i>i</i>]
ma <u>m</u> a	>	[mɑ:mə]
ta <u>t</u> a	>	[tɑ:tə]

Dis duidelik dat die vokaal hier verswak tot die [ə] omdat die [a] in onbetoonde posisie staan.

2.2.7.4 [a] X [ɔ]

Hierdie wisseling vind veral plaas voor die nasaal en veral die velêre nasaal [ŋ]:

l <u>a</u> nk	[lɔŋk]
d <u>a</u> nkbaar	[dɔŋkba:r]
ont <u>a</u> ng	[ɔntɔŋ]
b <u>a</u> ng	[bɔŋ]

2.2.8 [ɔ]

Dié middellae agtervokaal word vir sover dit nie met ander vokale wissel nie, uitgespreek soos in AB. Waar dit wissel, blyk die volgende variasies algemeen te wees onder die respondente:

2.2.8.1 [ɔ] X [ə]

Hierdie alternasie tree op in woorde soos die volgende:

<u>mos</u>	>	[məs]
<u>hom</u>	>	[həm]
daar <u>om</u>	>	[da·rəm]

Dis veral wanneer hierdie woorde in onbetoonde sins=
posisie staan, dat die wisseling voorkom:

"Maar my mama was mos (uitgespreek [məs]) nou weer
Kharkams."

"My tata is mos (uitgespreek [məs]) Leliesfontein geb...
laat ek nou maar dit noem gebōr."

"... dan moet ek hom (uitgespreek [həm]) uittrek."

2.2.8.2 [ɔ] X [u]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In die volgende woorde gaan die [ɔ] dikwels oor tot [u]:

<u>ons</u>	>	[uns] / [us]
<u>onderveld</u>	>	[unərfeɪlt]
<u>onder</u>	>	[unər]

2.2.8.3 [ɔ] X [ɔu]

Die volgende gevalle is opgeteken waar die [ɔ] oor=
gaan tot [ɔu]:

dom word uitgespreek as [dɔum]

blom word uitgespreek as [blɔum]

donkiewa word uitgespreek as [dɔŋkiva:]

jonk word uitgespreek as [jɔŋk]

pronk word uitgespreek as [prɔŋk].

2.2.9 [o(:)]

Dié middelhoë agtervokaal word oor die algemeen in KT uitgespreek soos in AB. Vgl.

skoon uitgespreek as [sko:n]

groot uitgespreek as [xro:t]

soort uitgespreek as [so:rt]

By hierdie vokaal, soos by die [a(:)], is daar ook heelwat wisselings, soos blyk uit die volgende:

2.2.9.1 [o(:)] x [ɔ]

Soms word hierdie middelhoë vokaal ietwat laer uitgespreek as die gewone [o]. Dié verskynsel openbaar hom veral t.o.v. die volgende woorde:

so uitgespreek as [sɔ]

gehoor uitgespreek as [xəho:ʀ]

oorlede uitgespreek as [oʷ:rledə]

koring uitgespreek as [ko^ˈ:rən]

grootgeword uitgespreek as [xro^ˈ:txəvɔrt]

grootgemaak uitgespreek as [xro^ˈ:txəma:k]

2.2.9.2 [o(:)] X [o^ˈ]

Die teenoorgestelde vind ook soms plaas, nl. dat die [o] soms alterneer met 'n klank wat ietwat hoër gear= tikuleer word. Dié verskynsel openbaar hom veral in die volgende woorde:

loop uitgespreek as [lo^ˈp]

ook uitgespreek as [o^ˈk]

2.2.9.3 [o(:)] X [uə]

Soos in die geval met [e(:)] waar breking van die vokaal dikwels plaasvind, bv. vee > [fiə], breek die [o(:)] ook sporadies tot [uə], vgl.

loop wat uitgespreek word as [luəp]

groot wat uitgespreek word as [xruət]

Dit het egter baie weinig voorgekom en is hoofsaaklik waargeneem t.o.v. die uitspraak van bg. twee woorde.

✓ 2.2.9.4 [o(:)] X [ɔ:]

Hierdie tipe wisseling kom ook algemeen onder die proef=

persone voor. Voorts is dit belangrik om daarop te let dat dié wisseling ook in AB bestaan:

more X mōre
smorens X smōrens

Verder is dit ook interessant dat dié wisseling meesal soos volg daaruit sien: [o:] X [o:] X [ɔ:]. Dit word bevestig in veral die uitspraak van die volgende woorde:

oond

stories

kook

skool

ook

boor

geoor

oop

hoor

droog

so

koop

skoolmeester

voorganger

droom

loop

droogjaar



stoof
hoogte
dood
vloor
oor
brood
kool
skooomoeder
verstoor

2.2.10 [u(:)]

Hierdie hoë agtervokaal is een van die min vokale ten opsigte waarvan daar geen variasie opgeteken kon word in dié spraakgebied nie. Die wyse van artikulasie stem ooreen met dit wat in AB aangetref word. Dit blyk uit vorme soos die volgende wat opgeteken is:

brouer
bouer
mout
goud
nouem

2.2.11 [ə]

Die schwa is kort soos in AB. Vgl.:

oorlede
Johannes
is

2.2.11.1 [ə] X [ɛ(:)]

In baie gevalle word daar weggeswaai vanaf die schwa en word 'n vokaal wat met meer spanning uitgespreek word, nl. die [ɛ] hier verkies. Die wisseling het veral na vore gekom in woorde soos die volgende:

a <u>a</u> ngesig	>	[a:nxəsɛx]
be <u>g</u> in	>	[bəxɛn]
bi <u>n</u> ne	>	[bɛnə]
i <u>n</u> kom	>	[ɛnkom]
hi <u>n</u> der	>	[hɛnər]
br <u>i</u> ng	>	[brɛŋ]
bi <u>d</u>	>	[bɛt]
di <u>n</u> g	>	[dɛŋ]
ki <u>n</u> ders	>	[kɛnərs]
ki <u>s</u>	>	[kɛs]
mi <u>n</u>	>	[mɛn]

2.2.11.2 [ə] X [ɪ]

Heel dikwels gaan die schwa oor tot die [ɪ] en dit het veral geblyk by die uitspraak van die volgende woorde:

<u>l</u> inks	>	[lɪŋks]
<u>i</u> s	>	[ɪs]
vi <u>er</u> vaam <u>s</u> e	>	[fi:rfɑmsɪ]
br <u>in</u> g	>	[brɪŋ]
el <u>s</u> e	>	[ɛlsɪ]
<u>i</u> n	>	[ɪn]
s <u>i</u> t	>	[sɪt]
d <u>in</u> g	>	[dɪŋ]

2.2.11.3 [ə] X [e]

'n Paar gevalle is ook opgeteken waar die schwa met die [e] alterneer en dit het veral by die uitspraak van die volgende woorde na vore gekom:

<u>b</u> innekant	>	[benəkɑnt]
<u>k</u> inders	>	[çenərs]
<u>g</u> if	>	[çef]
<u>l</u> iggaam	>	[lɛxɑ:m]

2.2.11.4 [ə] X [a]

Schwa-verlaging voor [x] is baie algemeen in AB en dié wisseling is feitlik sonder uitsondering by al die proefpersone opgeteken:

se <u>s</u> tig	>	[sɛstɑx]
tw <u>i</u> ntig	>	[tvəntɑx]

selfsugtig	>	[selfsœxtax]
stadig	>	[sta:rax]
slegterig	>	[slɛxtərax]
koppig	>	[kɔpax]
wragtig	>	[vraxtax]
kragtig	>	[kraxtax]

2.2.11.5 {ə} x [œ]

Gevalle waar die schwa wissel met die geronde abnormale middellae vokaal [œ] is ook opgeteken n.a.v. die volgende woorde se uitspraak by sommige respondente:



sukke <u>l</u>	>	[sœkœl]
tussen	>	[tœsœn]
vir	>	[fœr]
gesukke <u>l</u>	>	[xœsœkœl]

2.3 Die diftonge

2.3.1 [œy]

Afrikaans en Nederlands onderskei hulle in een belangrike opsig van Middelnederlands: die lang uu [y:] en ii [i:] van Middelnederlands het tweeklanke of diftonge geword, nl. [œy] en [ɛi]. In Middelnederlands tref ons, byvoorbeeld,

die volgende vorme aan: hi [hi:], mi [mi:] en iser [i:sər]. In Afrikaans en Nederlands het dit ontwikkel na hy [həi], my [məi] en yster [əistər]. Insgelyks het die Middelnederlands huus [hy:s], duvel [dy:vəl] en tuun [ty:n] ontwikkel na huis [hæys], duiwel [doeyvəl] en tuin [toeyn] in Afrikaans en Nederlands. Hierdie reëlmatige klankproses noem ons diftongering.

Hierdie hele proses van diftongering was 'n verbrede verskynsel, veral in die 16de eeu. Dit het nie net Nederlands en Afrikaans geraak nie, maar was ook aan die gang in ander Germaanse tale, bv. Hoogduits en Engels. As die Afrikaanse woorde bruin, duisend, huis, tuin en vuil vergelyk word met Hoogduits en Engels, sien die vergelyking soos volg daaruit:

<u>Afrikaans</u>	<u>Hoogduits</u>	<u>Engels</u>
bruin	braun	brown
duisend	Tausend	thousand
huis	Haus	house
tuin	Zaun	town
vuil	faul	foul

Die gemeenskaplike neiging in dié tale is dus baie duidelik.

In die Kaapse taal was daar reeds in die 17de eeu 'n

stryd tussen die [i:] en [əi]-vorme enersyds en tussen die [y:] en [œy]-vorme andersyds. So is dit byvoorbeeld baie duidelik uit die 17de-eeuse geskrifte dat die aanvanklike vorm iser was; trouens dit was die algemene vorm; vgl. iser, iserwerck, iservercken. Dié bepaalde skryfwyse is 'n moontlike aanduiding dat die woord monoftongies uitgespreek was. As ons later in die 17de-eeuse geskrifte ÿsere, tÿserwerck en ijser aantref, is dit bykans seker dat die klank diftongies uitgespreek was.

Daar is egter heelwat Afrikaanse woorde waarin daar i-restante is van monoftonge wat nie diftonge geword het nie: tier, stiebeuel, stiegriem, olienhout en wierook. Wat die [y:]-relikvokaal betref, kry ons, naas die [u]-relikte (soos in moelband, kroesemunt, roe-gare), duusman, Julie, Judas, Lukas. Origens kom die relikvokaal in Afrikaans baie seltsaam voor.

Opsommend kan dus gesê word dat diftongering baie sterk ingewerk het op Afrikaans; dit is inderdaad een van die klankkenmerke wat Afrikaans van Middelnederlands onderskei. Waar die monoftonge voorkom, is dit meesal as relikvokale in bepaalde woorde.

Interessant is nou dat daar in die uitspraak van bykans

al die proefpersone die [y:] wat 'n vroeër taalperiode verteenwoordig, aangetref is. Inderdaad is die bekende taalopvatting hier van toepassing: oudhede in die taal word dikwels op die periferie van taalgebruik aangetref.

2.3.1.1 [æy] x [y]

In die taalgebruik van feitlik al die respondente word die klanksegment [æy] in die volgende woorde vervang met [y:]:

afsluit

agteruit

bruuin

bui

buitekant

fluit

fluitwiel

gebruuk

huis

juis

kuil

kuit

lui

luister

matjieshuis

muurhuise



ruig

ruikerig

ruimhartig

slaghuis

suip

tuie

uie

uitspan

vuis

Schönfeld (1932:72) noem 'n interessante aspek t.o.v. die geskiedenis van die ui [œy]: in die 17de eeu het die ui (ui¹) met 'n ander ui (ui²) saamgeval, lg. wat in die vroeëre taal en in die huidige nie - diftongerende dialekte duidelik te onderskei is deurdat die ui² in die ouere dialekte 'n tweeklank was en in genoemde dialekte dit ook is. Die ui² kom sowel in Nederlands as in die ontleende woorde voor: bui, hui, lui, pui, buitelen, duit, fluit, kuier, sluier, ruilen, schuim. Die diftong was van ouds af in die woorde teenwoordig en is dus nie 'n ontwikkeling uit 'n monoftong nie. In die KT is dit dus interessant dat monoftongering hierdie vorme ook geraak het. Met ander woorde, klanke wat van die begin af diftonge was, word ook hier in Kharkams ge=monoftongeer.

[fly:t] < [flœyt]

[by:] < [bœy]
[sly:hər] < [slæyhər]
[ly:] < [lœy]

Monoftongering is een van die opvallendste spraakmerke van dié groep respondente en dis ook in hierdie opsig dat die taal van die jonger sprekers verskil van dié van die ouer laag van die bevolking. Eersgenoemde diftongeer terwyl lg. monoftongeer.

Waar die [œy]-diftong sporadies voorkom by hierdie groep respondente, word die geronde [œy] gehoor en nie die ontronde [əi] soos in die breër Afrikaanse spraakgemeenskap nie.

Gevalle waar die diftong opgeteken is, is die volgende woorde:

luister uitgespreek as [læystər]

tuis uitgespreek as [tæys]

2.3.2 [oi]

Vir sover die navorser kon waarneem, word hierdie diftong uitgespreek soos in AB. Dit blyk uit opgetekende woorde soos die volgende:

gooi

opgegooi

nooi

2.3.3 [a(:)i]

Die uitspraak van [a:i] kom ooreen met die uitspraak in AB vir sover dit nie wissel met die kort [ai] nie. Veral in die volgende woorde word die korter [ai] dikwels gehoor:

afmaai > [afmai]

taai > [tai]

laai > [lai]

saai > [sai]

Dit blyk veral of die variasie voorkom in woorde wat 'n hoë gebruiksfrekwensie toon, soos bogenoemde.

2.3.4 [œu]

Ook hierdie diftong wissel dikwels in die uitspraak en daar bestaan variasie tussen veral die volgende vorme: [ɔu], [ʌu] en [au]. Weer eens is dit in woorde wat 'n hoë gebruiksfrekwensie toon dat dié alternasie optree:

nou > [nɔu] / [nʌu] / [nou]

jou > [jɔu] / [jʌu]

tu > [tɔu] / [tʌu]
vrou > [frɔu] / [frʌu] / [frəu]
bu > [bɔu] / [bʌu]
getroud > [xətrʌut] / [xətrəut]

2.3.5 [əi]

2.3.5.1 [əi] x [ʌi]

Dié wisseling blyk die frekwentste voor te kom en openbaar hom veral in die volgende woorde:

terwyl uitgespreek as [tərvʌil]
sny uitgespreek as [snʌi]
my uitgespreek as [mʌi]
jy uitgespreek as [jʌi]
brei uitgespreek as [brʌi]
wys uitgespreek as [vʌis]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

2.3.5.2 [əi] x [i(:)]

Interessant is dat alhoewel die monoftong t.o.v. die [æy] behou is, soos vroeër aangedui, word die korresponderende lang [i:] nie aangetref nie. Slegs een voorbeeld van die [i:] x [əi] is aangetref in die aanspreekvorm [klima:] < [kləinma:]

2.3.6 [ui]

Die diftong word geartikuleer soos in AB en geen wisselings kan opgespoor word nie. Dit kom na vore in ver-

al die volgende woorde wat uitgespreek word soos in die breër spraakgemeenskap van Afrikaans:

koei

moeite

snoei

goedjies

2.4 Die konsonante

Omdat daar oor die algemeen nie so baie wisselings by konsonante voorkom soos by die vokale nie, en die konsonante minder probleme oplewer as die vokale, word slegs dié konsonante bespreek wat wisselings toon met ander konsonante of waar bepaalde konsonante, in vergelyking met AB, sekere eienaardighede openbaar.

By die konsonante is die wisseling veral te bespeur t.o.v. stemloosheid en stemhebbendheid, 'n verskynsel wat ook in AB voorkom:

2.4.1 [b] x [p]

Dié wisseling het hom veral geopenbaar in die volgende woorde:

betyds word soms uitgespreek as [pətəits]

betaal word soms uitgespreek as [pəta:l]

Omgekeerd word soms gehoor

[bæber] vir probeer.

Rademeyer (1938:52) konstateer dat die wisseling moontlik toe te skryf is aan die feit dat die stemhebbende eksplosiewe nie volledig stemhebbend is soos bv. in Fransie. Die gevolg is dat die stemhebbende en stemlose eksplosiewe baie na aan mekaar staan en die een dus maklik deur die ander vervang kan word. Dit geld ook vir:

2.4.2 [d] x [t]

Die wisseling is opgeteken in

enkelte wat soms as [enkaldə] uitgespreek word.

Saterdag " " " [sədərɔx] " "

geboorteplek " " [xəbɔ:rdəplek] " "

geboortevan " " [xəbɔ:rdəfan] " "

slote wat soms as [slodə] " "

soldate " " " [sɔlda:də] " "

skuite " " " [skæydə] " "

2.4.3 [ç]

Dié konsonant is 'n stemlose palatale eksplosief en kom voor veral in die verkleiningsuitgang, bv. [bici], [buci] en [kuici]. Verder kom dit ook voor in woorde met [i, e en ø] onmiddellik na die eksplosief. In KT is dit egter

baie frekvent dat die [c] soms wissel met [k]. Die wisseling is veral opgeteken in die woord kind met sy verskillende uitgange soos in

kind > [cənt]
kindertjies > [cənərcis]
kinderse > [cənərs]
kinderlike > [cənəralək]

Die verklaring vir dié alternasie is moontlik geleë in die feit dat die [ə] soos in [kənt] wissel met die [e:]

2.4.4 [k]

Waar dié stemlose velêre eksplosief onmiddellik gevolg word deur die [l] of [n] gaan dit dikwels oor tot [t]. Hierdie wisseling is baie gewoon ook in die breër Afrikaanse spraakgebied. Miskien is die hoër frekwensie wat die in KT toon die rede dat dit so opvallend is. Dis veral in die volgende woorde opvallend:

klomp > [tlɔmp]
klein > [tləin]
werkklik > [vɛrtlək]
klop > [tlɔp]
klap > [tlap]
klits > [tləts]
kleur > [tløʀ]

<u>k</u> leer	>	[tler]
<u>k</u> leinsielig	>	[tləinsiləx]
<u>k</u> las	>	[tlas]
<u>k</u> nip	>	[tnəp]
<u>k</u> nelter	>	[tnɛltər]
<u>k</u> neus	>	[tnøʊs]
<u>k</u> neg	>	[knɛx]
<u>k</u> nak	>	[tnak]

2.4.4.1 [k] x [c] x [tʃ]

Dit gebeur baie gereeld dat dié konsonante wissel voor [i, e, ə, œ, ɛ]. Daar word toegegee dat dié variasie hom ook in ander streke openbaar, maar wat opval in KT is die hoë frekwensie waarin dit voorkom. Dit vind veral plaas in die volgende woorde:

kielie
kierie
kies
kilogram
kruk (uitgespreek as kurk)
keel
makeer
kerk
kerf
Niekerk
kinders

2.4.5 [g]

Dié stemhebbende velére eksplosief is sporadies in dié gebied opgeteken. Dit kom voor in [ne:gə] waar dit wissel met [x]. Verder kom dit voor in ontleende woorde soos ghries en gun. Voorts word die [g] nog gehoor in ou Nederlandse ongesinkopeerde vorms. Hiervan is etlike voorbeelde in KT opgeteken:

oge	[o:gə]
dage	[da:gə]
ogenblik	[o:gənblək]

2.4.6 [x] x [ʃ]

Hierdie wisseling vind plaas voor [ɛ, e] soos opgeteken in die volgende woorde:

gee
geel
geld
gemmer
generaal
gemsbok



2.4.7 [ɬ]

In Afrikaans is dié konsonant oor die algemeen dof of hol. Die klank word apikoalveolêr geartikuleer, d.w.s. die punt van die tong word teen die alveolus geplaas met 'n opening aan een of albei kante van die tong sodat die

lug daardeur kan beweeg. Dit is opvallend dat die [ɪ] dikwels wissel met 'n sterk gepalataliseerde variant wat vir die doel van dié studie aangedui word as [j]. Die sterk gepalataliseerde kenmerk wat die [ɪ] soms aanneem hang waarskynlik saam met die feit dat die KT-spreker oor die algemeen baie nadruklik praat. Die [ɪ] is veral gehoor in die volgende woorde:

<u>hulle</u>	wat ontrond	tot	[hə]ə]		
<u>optel</u>	wat dikwels as	[ɔptɛ]	uitgespreek	word.	
<u>else</u>	wat dikwels as	[ɛ]sɪ]	"	"	
<u>geldjies</u>	wat dikwels as	[ɛɛ]cis]	"	"	
<u>help</u>	wat dikwels as	[hɛ]p]	"	"	
<u>self</u>	wat dikwels as	[sɛ]f]	"	"	

Uit voorafgaande voorbeelde is dit duidelik dat die [ɪ] sterk palataliseer onmiddellik na die [ɛ]-klank.

2.5 Verdere klankverskynsels

In bostaande bespreking van die vokale en konsonante is reeds gewys op sekere klankverskynsels. Wat hierdonder volg is dus aanvullend by wat reeds genoem is t.o.v. die fonologie van KT.

2,5,1 Epentese

Dié verskynsel nl. dat 'n eksplisief voor, in die middel of aan die einde van 'n woord gevoeg word, is 'n prominente kenmerk van KT. Voorbeelde wat algemeen in die taalgebruik voorkom is die volgende:

bakent	<	baken
begint	<	begin
bostes	<	bosse
betekent	<	beteken
enkelt	<	enkel
mint of meer	<	min of meer
leraart	<	leraar
rekont	<	reken
tamentlik	<	taamlik

Hierdie verskynsel hang saam met 'n historiese neiging wat daar in Afrikaans bestaan. Reeds in Van Riebeeck se dagregister is dit te bespeur. Tot vandag toe, byvoorbeeld, het hierdie epentetiese t in Afrikaans behoue gebly in woorde soos geneentheid en geleentheid. In Nederlands kom dit nie voor nie en is die ooreenstemmende vorme genegenheid en gelegenheid.

2.5.2 Klankverlies

2.5.2.1 Klankverlies in woordeindposisie

Opmerklik van KT is dat die [x] dikwels in hierdie posisie geskrap word en vorme soos die volgende ontstaan:

ploe < ploeg (Dit geld vir die naamwoord en die verbum.)

wa < waag

ry < ryg

sa < saag (Dit geld vir die naamwoord en die verbum.)

sui < suig

2.5.2.2 Klankverlies a.g.v. atoniese reduksie

Ook hierdie verskynsel n.l. dat klanke of sillabes buite woordaksent dikwels gereduseer word, is baie frekwent. Die volgende voorbeelde in hierdie verband is opgeteken:

vloor < verloor

vloordood < verloor dood

glukkige < gelukkige

glykte < gelykte

kros < karos

ghad < gehad

blasting < belasting

korpraal < korporaal

kwalk < kwalik

broerte < beroerte

<u>b</u> lo	<	belowe
huw <u>l</u> ik	<	huwelik
<u>g</u> rus	<	gerus
ag <u>t</u> ruit	<	agteruit
<u>g</u> raamte	<	geraamte
<u>g</u> loof	<	geloof

2.5.3 Nasalering

Wat baie opvallend is in die KT is die feit dat nasalering baie weinig voorkom in die spraak van hierdie groep respondente. In AB is die verskynsel algemeen dat in woorde soos ons, mens, dans, inwy, aangaan die [n] uitgestoot word en die voorafgaande vokaal sterk genasaleer word.

In KT is dit met die ondersoek vasgestel dat die [n] behou word in woorde soos die volgende:

mens
oumens
ons
inwy
aaangaan
onbillik
onplesierig
aaankom

inkry

aanbod

invryf

onseker

aansteek

kans

krans

venster

Sporadies is gevalle soos [bãjn] < baie, [kã:] uit kan en [dã:] uit dan en [mẽ:s] uit mens opgeteken, maar dis nie algemeen in hierdie groep proefpersone se spraak nie.



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

2.5.4 Metatesis

Benewens die gewone gevalle van klankverspringing wat ook in AB voorkom, is die volgende voorbeelde ook opgeteken:

blaklei < baklei

appelkasie < applikasie

perbeer < probeer

2.5.5 Asemstem

Ook hierdie verskynsel wat algemeen is in die spraak

van die groep proefpersone hang hoofsaaklik saam met die feit dat die bepaalde streek se sprekers geneig is om nadruklik te praat. Om asemstem te produseer moet die stemlippe liggies teenmekaar gehou word terwyl die ari-opening oop is. Omdat die stemlippe baie liggies teenmekaar raak, beweeg lug vanaf die longe tegelyk deur die ari-opening en tussen die stemlippe deur. Die perseptiewe effek van asemstem is 'n kragtiger bromgeluid as wat by gewone stem gehoor word. Dit was veral waar bepaalde respondente sekere dele van hul spraak wou beklemtoon waar asemstem gebruik is, bv.:

"Maar my mama was mos nou weer Kharkams."

"Dan maak hy bier."

"Daar maak ons toe huis."

"Daar het ons toe mekaar hand gegee, hand."

2.5.6 Fluisterstem

Die verskynsel wat in fonetiese notasie met die diakritiese teken [] aangedui word, het ten doel om die stem se draagkrag te verminder soos wanneer iemand iets aan 'n ander toefluister. In KT word die finale vokale van sommige woorde en veral sinne in gewone nie-nadruklike spraak dikwels gefluister. So word in KT dikwels gehoor:

[xətɔrəŋ]

[mɛnsɛ]

[ɔrlɛdə]

2.6 Algemene opmerkings:

Die proefpersone, en dit geld seker vir die hele Nama=kwaland, is nie bewus daarvan dat hulle anders of onge=woon praat nie, wat veral hulle klanke betref nie. Wat opgeteken is en op band vasgelê is, is inderdaad spontane spraak, onbevange en in 'n gemoedelike atmosfeer.

T.o.v. die klanke, soos dit in hierdie kontrei gebruik word, is daar 'n aansienlike "afwyking" (drift) van die standaardvorm. Die rede lê natuurlik in 'n groot mate daarin dat die gebied nog tot onlangs toe baie afgesonderd was sodat die AB-vorm nie sy remmende en puristiese invloed kon laat geld nie.

2.7 'n Foneties-getranskribeerde weergawe van 'n stuk Kharkamspraak

(Slegs die R se taalgebruik word hier foneties weergegee)

O *Met watter Links is dié nou?*

R [dæt əs məs nʌu, sos ɔns dæt xənum hət, ve^vr in di kəⁿt
fan ɔ^rledə ʌu juhanəs lɪnks. ɛjli xəh^o:r fan ʔ^ʌ juhanəs
lɪnks]

O *Ja, maar hoe is hy nou van die ander Links-broers familie?
Is hy 'n neef van hulle of ...*

R [dæt əs ʌ bru:r]

O *Broer?*

R [ana lɪnks vat ən di kə:p is, dæt vasli bru:r xəves, juhanəs
lɪnks, ən ekət da:r in di mens^h het ek ənxətrɔt. mli man s^ə ma:mə s^ə
na:m vas le:nə, le:nə lɪnks. t^u trou h məs nou, di oumɪns,
məs nou viər net medi sɔlse sin s^o]

O *Ja!*

R [ja ma'r mli xəb^o:rdəfan əs məs sti:vi]

O *Stewe? So, is Ouma familie van die oupa Stewe by wie ons
nou was? Ou Hansie Stewe?*

R [ja ɔs əs fəmi- ɔs is nau jə ...]

O *So ver langs?*

R [so fɛːr laŋs.ɔ:s is fəmi-]

O *Is Ouma oorspronklik hier van Kharkams, of ...?*

R [ne: ek əs fan karkams lɛ'lisfntʌin. mʌi ta:ta əs məs lɛ'lisfntʌin
xəb ...,la'tək nʌu mɑr dət num, xəbɔ:r,mɑ:r mʌi mɑ:mɑ vɑs
məs nʌu ver karkams]

O *U was maar altyd maar ...*

R [ja, ek əs mɑ:r altəit net hir ən di kɔntrʌi əs ek mɔs mɑ:r
net altəit]



O *Nou, en die man, hoe lank is hy nou al ...*

R [di man is mɔs ən se:vən dertəx het-ʌi məs xəsterf]

O *Is dit?*

R [ja.]

O *Toe het Ouma nou maar al die jare so alleen deur die lewe gekom?*

R [ja·so a·len dœ rxəkəm]

O *Is dit nie eensaam nie?*

R [ne:ː[^] ek het mäs nlu imant xəhat vat ək sou nou sikər mē:
ən[^] hy:ːlək ən[^]xəa:nət vat [^] laiza sɪ bru:r. mə:r ek hət
xəsin, jəi viət, ən di le:vě, tər[^]vɪl ek di xətraudə le:[^]v[^]
dœrxəma:kət mət məi iərstə ma[^]n, əs dət [^] bici swa:r, vanj[^]li
viət tu h[^]li lɒp kraŋk ra:k, tu hatəi mɔs laŋk xəsit. həi
hət mäs di bru:rtə xha:t ε:n mli lu cənərcis vas mäs klɪn
en [^]ək mɔs mɔs kœ:rəŋ snli, en ek mus fiœl brli en ek mus
na:lt vae:rk lat ək bæi a:ndə as ek fani lant afxəkəmət,
dā: vet ek ni, mə:r dan mut ek di ləx əpsti:k əm di na:ltvaerk
na:stəbəi tə brɪŋ so lat as ik sa:tərdax əf frəidaxa:nt
afsly:t mēdi snlirli dan mut ek di verk klā:r dun vant lat
ik ok fa[^]n di verk plɪ lat di cənərs[^] kan]

O *Dat daar darem 'n pennie kan wees?*

R [jœ:s, dat da:r da:rəm ə ʒiɛ]ci kan ənkəm en dat ek kã:
fəri kənərs lapərs kop en hə]l is mɔs əni sko:l, sin, en
bājn da: damutək məi sak əpi roe[^]x sit, di fiœlsa:k en da:
mutək na di bu:rə tu en da mutək my:rhopə dra[^] as di bu:r
nau əp ... da:rəm vat ek nau so: xədra:t di sa[^]nt ẽ: xut,
mi:ropə lœp kap en ən di sak ẽ: xɔi ε:n brɪŋ en stamp asət

re:ntait is, stamp, lat di bu:r se: ne a:i, jai ka nau ma:r
lɔs. nau ja, ma:r as ek nau mut lɔs da se: di nɔ:i : au
a:ja, lop fat di pɔtə ena sky:r jəi di pɔtə, nau asək di
pɔtə kla:r xəsky:rət: au a:ja da mut jai nau kɔm en ma:kri fe]ə na:t
ən dā brai jei. nau ja:, nau mut ek di sla:i lo:p fat, dan
mut ek di fe]ə kɔm natma:k en dan mut ek di fe]ə brai, ɔf ek
mut di ma:ici natma:k, ə drifa:msɪ ma:ici ɔf ə fi:rfamsɪ
ma:ici en da mut ek həm natma:k en da mut ek di sa:k fa:t
en damətək həm ytməka:r tɔ:rɔŋ en da mut ek həm ytre:k.
ek kan jau nau nɔx hir ə sɪlɪpici vɪs vət ek nɔx la:s tu ə
ek ma:ici xəsti:kət]



HOOFSTUK 3

DIE LEKSIKON

In hierdie afdeling word daar na die leksikale voorraad van dié bepaalde streektaal gekyk. Dit sluit nie net woorde en hulle betekenis in nie, maar die hele leksikon word in oënskou geneem. Dit kom daarop neer dat allerlei aspekte soos o.a. woordbou en -vorming, woordbetekenis, idiomatiese uitdrukkings en spreekwoorde en vreemde inwerking op die leksikon van nader ontleed word. Vir die doel van hierdie dialekmonografie word die begrip leksikon dus gebruik om al bogenoemde aspekte van taalgebruik in te sluit.

Dit moet ook daarop gewys word dat sommige van die aspekte wat onder hierdie afdeling behandel word eweseer onder die sintaksis aangebied kon gewees het. Om verskeie praktiese oorwegings word dit egter hier behandel.

3.1 Aspekte van woordvorming

3.1.1 Substantief + -goed

Hierdie tipe woordformasie is baie gewoon in die navorsingsgebied en toon 'n baie hoë gebruiksfrekwensie onder die respondente. Die volgende voorbeelde is o.a. opgeteken:

Antie Luis-goed

Elias-goed

Gert-goed

Hendrik-goed

Jakob-goed

Kaatjie-goed

Koos-goed

Ma-goed

Meester-goed

Meid-goed

Meneer-goed

Neef-goed

Niggie-goed

Oompies-goed

Saterdag-goed

Sussie-goed

vrugte-goed

Zara-goed

Die konstruksie gaan heel waarskynlik terug op die Khoi-
taal en is blykbaar oorgeneem omdat daar naas die on-
effektiewe -hulle-konstruksie behoefte bestaan het aan
'n middel om die kategorie van kollektiwiteit uit te
druk. In AB bestaan vorme soos rookgoed, wasgoed, skottel-
goed, vuurmaakgoed, voetgoed, rygoed ens. Le Roux (1923:
83) wys egter daarop dat die gebruik van -goed om meer-

voud by lewende wesens aan te dui waarskynlik te herlei is na die Khoi-taal waarin die suffiks -gu bestaan. Dié suffiks word gebruik om die meervoud van die manlike substantiewe te vorm, byvoorbeeld:

enkelvoud: khoib = die man

meervoud: khoigu = die manne

Le Roux toon verder aan dat die suffiks -gu eintlik die enklitiese vorm van die manlike 3P van die persoonlike voornaamwoord is en is dus, wat betekenis betref, gelyk is aan die Afrikaanse hulle. Dit kan dus aangeneem word dat hierdie konstruksie met -gu letterlik vertaal is uit die Khoi-taal en het vorme met -goed ontstaan, soos hierbo aangedui.

Benewens die feit dat die -goed-konstruksie verspreid gaan raak het in KT en hoofsaaklik meervoudaanduidend is, het daar ook ander betekenis-kategorieë ontwikkel. In die volgende gebruike, byvoorbeeld, het die suffiks baie duidelik 'n meervoudsfunksie aangedui:

"Elias-goed (= Elias en sy gesin) is hier uit die Kaap."

"Zara-goed (= Zara en haar man) is mos in die veld by hulle se veënse."

Wanneer die konstruksie as aanspreekvorm gebruik word,

word dit dikwels ook enkelvoudig bedoel, soos blyk uit die volgende gebruike wat opgeteken is:

"Meester-goed (= Meester) moet darem laat weet wanneer Meester-goed (= Meester) weer kom."

"Meid-goed (= Meid) maak dan vir Meester-goed (= Meester) 'n drinkdingetjie."

"Jakob-goed (= Jakob) was stoksielalleen."

"By Gert-goed (= Gert) het ek dit geverneem."

Heel dikwels word die suffiks ook aangewend om die betekenis van "in die omgewing van" of "rondom" oor te dra, soos onderskeidelik blyk uit die volgende twee opgetekende sinne:

"Hulle was toe daar by Tweerivier-goed."

"Dis hier Saterdag-goed wat hulle so baljaar."

In een opgetekende geval het die -goed ook die betekenis gedra van "verskillende soorte" of "'n verskeidenheid", soos blyk uit die volgende:

"Tollie is onlekker want hy het mos dan vrugtegoed geëet."

Kempen (s.j.: 249) wys daarop dat die verbinding met -goed in 'n groot deel van die Afrikaanssprekende ge-

meenskap voorkom. Voorts toon hy aan dat die verbinding met -goed sosiaal laer gewaardeer word as die verbinding met -hulle. Hy konkludeer: "Die -goed-groep kan ons links laat as onvertaalde Hottentots."

3.1.2 Substantief + dubbele meervoudsformans op -e

Hierdie tipe toutologiese meervoudsvorming is baie algemeen in dié spraakgebied. Toutologiese meervoudsvorming is nie heeltemal vreemd in Afrikaans nie. Die volgende vorms in AB is almal voorbeelde van toutologiese meervoudsvorming, diachronies gesien:

eiers

hoenders

kalwers

lammers

skoene



In Middelnederlands was die posisie soos volg:

Enkelvoud

Meervoud

ei (vgl. "appel en 'n ei")

eier

hoen

hoen(d)er

calf

calver

lam

lammer

scoe (vgl. Eng. "shoe")

scoen

Mettertyd is nog 'n meervoudsformans aan dié woorde, wat 'n groter kategorie verteenwoordig, toegevoeg sodat die posisie in AB is soos hierbo uiteengesit.

Die verskynsel, nl. dat die substantief nog 'n meervoudsformans gaan neem, is dus nie heeltemal vreemd vir Afrikaans nie. Waarom dit egter in KT en ook in die groter Namakwalandse spraakgebied so produktief is, is moeilik te verklaar. O.a. is die volgende voorbeelde opgeteken:

baadjiese

damese

dogterse

dokterse

donkiese

emmerse

geldjiese

goeterse

hamelse

kinderse

koringse

lammerse

liggaamse

lewense

nommerse

ouerse

ploeëense



reënse

veënse

vraense

vrouense

waterse

3.1.3 Enkelvoudsubstantief met meervoudige funksie:

Afrikaans is 'n hiper-analitiese deflekterende taal, d.w.s. by dié taal het oorbodige fleksiemiddele verdwyn. Meervoudsvorming op -s en -e is van die gebiede waar Afrikaans nog van fleksie gebruik maak.

By dié groep proefpersone is opgemerk en opgeteken dat die meervoudsuffiks in baie gevalle in die slag bly omdat die enkelvoudsvorm in bepaalde gevalle meervoudsbetekenis het:

"'n klomp kind"

"'n lap kind"

"Perd was nooit hier volop."

"Hy het met die skaap veld toe geloop."

"Hier het vroeër baie bobbejaan geloop."

"Die Raad het die donkie toe verminder."

"Septembermaand is Namakwaland se blom mooi."

In gevalle soos hierbo is die verband waarin die substantief gebruik word gewoonlik aanduidend of dit enkelvoudig of meervoudig bedoel is.

De Klerk (1968:104) voer aan dat hierdie kategorie substantiewe wat meervoudigheid aandui met 'n enkelvoudige vorm nie saamhang met 'n anomalie in die kategorie "meervoud" nie, maar dat die groep substantiewe (perd, skaap, bojaan, blom) eerder as massanaamwoorde beskou moet word. Hy stel dit op een lyn met:

"ek boer met koring"x"ek boer met skaap"

"'n duisend sak (= omvangsnaam)"x"'n duisend skaap"

"'n honderd man"

Wat verder interessant is omtrent dié groep selfstandige naamwoorde is dat die gebruik (nl. enkelvoudigheid terwyl meervoudigheid bedoel word) beperk bly tot dié woorde, al word hulle saam met oënskynlik ooreenstemmende vorme gebruik: "As jy die bees aanja moet jy hulle nie dwarsdeur die skaap ja nie."

Bees en skaap bly enkelvoudig wat vorm betref, terwyl

bokke optree met sy meervoudsformans. Nog 'n voorbeeld van KT is:

"Nee, ek het mos nie geleer. Ek het mos net vee ...

ek het mos varke opgepas, ek het mos perde opgepas en ek

het mos skaap opgepas en ek het mos bokke opgepas en ek
het mos bees opgepas."

3.1.4 Die Diminutiefsuffiks

3.1.4.1 Dubbele Diminutiefsuffiks

Dit val enige waarnemer van die KT onmiddellik op dat dié verskynsel 'n baie hoë frekwensie toon. Dis inderdaad 'n tiperende kenmerk van die spraak van die kontrei. Klaarblyklik het die aanwending van die dubbele diminutiefsuffiks ten doel om 'n groter mate van affektiewe waarde te verkry. Dit het die navorser ook opgeval dat die verskynsel, soos baie ander wat hier bespreek is, selde in die geskrewe taal voorkom; dit word net in die gewone spreektaal van die kontrei waargeneem. Daar is twee van die weinige gevalle wat deur Kempen aangehaal word (s.j.: 383).

"Daar is die puisietjie en oom Luikes krap dit stukkend." (Droogte, bl. 113) en: "Gee nou vir ons 'n klein plekkie langs die transportpad om vir ons daar 'n huisietjie op te sit." (Op veld en rante, bl, 78).

Net soos die gebruik in puisietjie en huisietjie bydra om affek tot stand te bring in die sin, slaag die Kharkamsspreker daarin om die gevoel van tederheid, intensivering en affek uit te druk met die ge-

bruik van die dubbele verkleiningsformans.

Opgeteken is die volgende:

	<u>AB</u>	<u>KT</u>
nes	nessie	nessietjie
huis	huisie	huisietjie
sylap	sylappie	sylappietjie
melk	melkies	melkietjies
twak	twakkies	twakkietjies
vleis	vleisie	vleisietjie
stuk	stukkies	stukkietjie
'nurse' (Eng: 'nurse')	'nursie'	'nursietjie'
klip	klippie	klippietjie
Sakkie (eienaam)	Sakkie	Sakkietjie
Kaatjie(eienaam)	Kaatjie	Kaatjietjie

'n Moontlike verklaring vir dié verskynsel wat in die spraak van feitlik al die proefpersone voorkom, is dat dit 'n analogie is n.a.v. woorde wat alreeds in 'n diminutiefvorm bestaan, m.a.w. vorme waarvan die verkleiningswaarde versteend geraak het:

<u>mandjie</u>	>	<u>mandjietjie</u>
<u>koppie</u>	>	<u>koppietjie</u>
<u>kierie</u>	>	<u>kierietjie</u>
<u>bakkie</u>	>	<u>bakkietjie</u> (voertuig)

Ook kan dit verklaar word in terme van die beklemtoning van die verkleiningswaarde.

3.1.4.2 Oormatige gebruik van die diminutiefsuffiks

Benewens hierdie eienaardigheid van dubbele verkleining, het die Kharkamsspreker by uitstek 'n voorliefde vir die verkleiningsvorm. Voorbeelde is baie:

"Juis, dat daar darem 'n geldjie kan inkom.

"Sy vrou het mos ook 'n ander man gevat, maar die kindertjies kom mos daar van hulle se mama af ..."

"Ja, behalwe as die watertjies nou nie afkom nie, as dit nou so reën soos ek nou die slootjies gemaak het. Ek het mos nou die slootjies daar gemaak."

"En die ou plannetjie wat ek dan nou so-so, so-so, die kan ek mos nie klaarmaak nie."

"En ek het mos dan ook nog 'n ou saaipersaletjie wat ek dan nou gedink het ..."

"En ek het die ou mannotjie gesê jy moet kom November= maand."

"Ons het mos in die rondehuisie gebly."

Hierdie beheptheid met die verkleiningsuitgang gaan so ver dat selfs die pronomen dit kry en dit is onge= woon in AB-Afrikaans:

"Die'tjie sal ek laat leer"(verwys na 'n seuntjie).

"Hy'tjie"('n antwoord op 'n vraag wie die oom hospitaal toe geneem het.)

Kempen (s.j.: 385) haal ook voornaamwoorde aan wat dikwels die diminutiefsuffiks neem sodat die verskynsel nie uniek is aan die KT nie:

"Is hompie moeg?" (Steynsburg)

"Jy moet maar nou loop sodat hytjie ook kan kom eet."
(Vanrhynsdorp)

Hierdie feitlik oormatige aanwending van die verkleiningsuitgang in die spraakgebied is nie sonder funksie nie. Gevoel word meesal hierdeur uitgedruk en die formans leen hom by uitstek daartoe. In 'n lae reënvalgebied soos Namakwaland, waar boerdery eintlik nou al 'n dobbelspel geword het, is dit te begrype dat waar mense in die kontrei oor die reën, ploëry, koring e.s.m. gesels dit met gevoel sal plaasvind. Geen wonder dat vorme soos reëntjies, korinkies en buitjies so dikwels voorkom nie.

3.1.5 Jotasering


Ook hierdie verskynsel is taamlik prominent in die taal=

gebruik van die proefpersone. Dit gaan by hierdie verskynsel veral oor die intervokaliëse [d] of [t] wat 'n [i] word:

<u>Nederlands</u>	<u>Afrikaans</u>
poeder	poeier
paden	paaie

Dié verskynsel word aangevoer as een van die sterkste argumente vir Suidelike Suid-Hollands as herkomsdialek van Afrikaans.

Die verskynsel is baie prominent in die taalgebruik van dié kontrei en is ook iets wat deurgewerk het tot die taal van die kinders.



<u>Enkelvoud</u>	<u>AB-meervoud</u>	<u>KT-meervoud</u>
plaat	plate	<u>plaaie</u>
("Die blomme het sulke <u>plaaie</u> aanmekaar gestaan.")		
blompot	blompotte	<u>blompoie</u>
sloot	slote	<u>slooie</u>
voorskoöt	voorskote	<u>voorskooie</u>
neusgat/neusgaat	neusgate	<u>neusgaaie</u>

De Klerk (1968:102) skryf die verbreiding van dié verskynsel toe aan analogiese druk. Binne die fonologiese

patroon: goed x goeie; histories

rood x rooi kry jy nou verder

meerkat x meerkaaie, moontlik ook na aanleiding van:

pad x paaie.

3.1.6 Hoë gebruiksfrekwensie van -lik(e) vir afleiding

Kempen toon aan dat die formans -lik(e) een van die afleidingsmorfeme in Afrikaans is wat 'n baie hoë gebruiksfrekwensie het "sodat 'n nuwe vorming hier en daar 'n mens nie te erg moet verbaas nie" (s.j.:426). Dit het opgeval dat juis hierdie morfeem baie produktief in KT voorkom.

3.1.6.1 -lik(e) as substantiveerder

Hierdie gebruik wat heel dikwels teëgekome is, is vreemd in AB:

"Die kerklike (= kerk), Meester, vra so baie van 'n mens."

"Die anderlike (= ander) wat jy kamma hier rond trou ..."

"Die privaatlike (= privateiendom) is mos ook belangrik in 'n mens se lewe."

3.1.6.2 -lik(e) as adverbialiseerder

Hierdie gebruik van -lik(e) in AB is baie gewoon,

byvoorbeeld:

"Ons sal daadwerklik moet optree."

"Hy het die stuk baie aandoenlik voorgedra."

In KT is dit dikwels gevind dat die -lik(e) in gevalle wat ongewoon is vir AB optree as adverbialiseerder:

"Swaarlik het ons dit reggekry, Meester."

"Ons sal moet aanstotelik ry."

3.1.6.3 -lik(e) as adjektiveerder

Soos in AB is dié bepaalde gebruik van lik(e) die frekwenste, maar weer eens is dit die vreemde gevalle waarin dié formans optree wat opval, soos blyk uit die volgende sinne van respondente:

"My man had toe mos troulike planne."

"Daar, Meester, op die Kamiesberg, het ek my jonklike dae deurgebring."

"Die onderwysers hier almal bekwaamlike manne."

"Dis 'n belooflike jaar."

"Daardielike dinge moet 'n mens voor oppas."

"Aan die politiek en dielike sake steur ek my nie."

"Dit is 'n kostlike (= kosbare) bossie vir ons medisyne."

"Ons het totalelik niks gewen nie."

"Ou Meis is 'n vernamentlike man hier op Kharkams."

"Ek is 'n enkele vrou en ek sal bly in my gewonelike geloof."

Omdat hierdie morfeem in AB ook so 'n hoë gebruiksfrekwensie het, het ons hier in KT moontlik te doen met analogiewerking.

3.1.7 Prefiks by woorde met be-, ge-, her-, er-, ont-, ver-.

3.1.7.1 Die posisie in AB-Afrikaans

Hoewel die fleksiomorfeem ge- as 'n kenmerk van die meeste voltooide deelwoorde gesien word, is daar baie werkwoorde wat nie die ge kry nie. Die reël hier is min of meer soos volg:

Alle simplekse en alle werkwoorde wat met postmorfeme -eer en -ig en premorfeem wan- afgelei is, kry ge- by die voltooide deelwoord. Daar bestaan egter 'n sterk neiging by die tweesillabiges met die woordklem op die laaste sillabe om nie die ge- te kry nie. Voorbeelde is simplekse met voltooide deelwoord soos gekom, geregeer, gekasty, geginnegaap, geredekawel.

Alle saamgestelde werkwoorde soos oorlaai:

"Ek is oorlaai met werk."

en ondervra soos in:

"Ons sal hom moet ondervra."

kry nie die ge nie.

Alle verba met die prefikse be-, ge-, her-, er-, mis-,
ont-, ver- en weer- kry nie die ge-voorvoegsel in die
verlede tyd nie:

"Ek het dit beleëf/ervaar/gebied/herstel/misken/ontneem/
verkies/weerstaan. De Klerk (1968:107) wys tereg daarop
dat ons in dié gevalle met prefikse te doen het wat
histories perfekte semantiese aspek gedra het.

In AB-Afrikaans is dit dan ook algemeen dat ons sommige
sprekers kry wat "foutiewelik" die ge-gebruik by ver-
lede deelwoorde wat dit normaalweg nie neem nie. Die
verskynsel is dus nie eie aan die KT nie aangesien
dit baie verbreed in ons land voorkom.

Hierdie posisie is moontlik te verklaar in terme van
die feit dat ons juis in MiddelNederlands al vorme
aantref soos:

gheachterhaelt i.p.v. achterhaelt

<u>ghevolbracht</u>	i.p.v.	<u>volbracht</u>
<u>ghebenedýt</u>	i.p.v.	<u>benedýt</u>
<u>gheanebeedt</u>	i.p.v.	<u>anebeedt</u>
<u>ghevernemen</u>	i.p.v.	<u>vernemen</u>

Wat moontlik verder aanleiding kon gegee het tot die verbreiding van die verskynsel in Afrikaans, is analogie. Wat tref in die navorsingsgebied, is egter die hoë frekwensie waarmee die neiging voorkom, nl. om ge- by feitlik enige werkwoordvorm te gebruik:

AB		KT
onthou		<u>ge</u> onthou
betaal		<u>ge</u> betaal
behandel		<u>ge</u> behandel
herinner		<u>ge</u> herinner
verbrand		<u>ge</u> verbrand
versag		<u>ge</u> versag
verminder		<u>ge</u> verminder
verwag		<u>ge</u> verwag
bedaar		<u>ge</u> bedaar
misken		<u>ge</u> misken
erken		<u>ge</u> -erken
verneem		<u>ge</u> verneem
verstoot		<u>ge</u> verstoot
beteken		<u>ge</u> beteken
verplaas		<u>ge</u> verplaas
beweeg		<u>ge</u> beweeg

Daar moet ook aangedui word dat daar sporadies wisseling voorkom sodat die vorme "Hy het onthou"x"Hy het geonthou" aangetref word. Die vorme sonder ge is egter weinig aangetref sodat die veralgemening gemaak kan word dat die ge-formans baie sterk inslag gevind het in die taalgebruik van hierdie groep proefpersone.

3.1.8 Vooropplasing van ge- by die deeltjiewerkwoord

Ponelis (1978:232) omskryf die deeltjiewerkwoord "as 'n baie hegte verbinding van 'n werkwoordelike element met 'n ander element - die deeltjie - (wat van uiteenlopende aard kan wees), sodat die werkwoordelike element en die deeltjie saam 'n leksikale eenheid, 'n hoofwerkwoord, vorm."



In AB word verlede tyd by die deeltjiewerkwoord soos volg gevorm:

stilhou > stilghou
staanmaak > staangemaak

Die morfologiese volgorde van die lede is dus telkens:
deeltjie + ge- + werkwoordelike element

In KT kom dit algemeen voor dat die ge- by die deeltjie=

werkwoord vooropgeplaas word vir verledetydsaanduiding en is vorme soos die volgende baie frekvent teëgekrom:

ghoustil

gestaanmaak

ge-uitspan

ghouvas

geneerlê

geloopmaak

gehuishou

ge-aangaan

geslegsê

gegrootmaak

getuisgaan

geaanteel

gebymekaarskraap

gebymekaarmaak

Dié verskynsel is moontlik te verklaar in terme van die algemene verbreidheid van die ge-morfeem in KT, soos onder 3.1.7 bespreek, waar analogie ook 'n belangrike rol speel.

3.2 EIENAME

3.2.1 Voorname

Kenmerkend van die gebied is die beperkte aantal voorname wat voorkom. Name soos die volgende kom baie dikwels voor:

Elisabet

Pieter

Willem

Elias

Johannes

Albert

Katriena

Jakoba

Barnabas

Gert

Thomas



Dié name word heel dikwels verkort en met 'n verkleiningsuitgang gebruik en so word affektiewe inhoud aan die name gegee:

Elisabet Wildschutt

Eletjie Wildschutt

Johannes Nero

Hansie Nero

Katrina Links

Tryntjie Links

Albertus Bok

Allie Bok

George Farmer

Org Farmer

Hendrik Meissenheimer

Hantoen Meissenheimer

Barnabas Smit

Barnie Smit

Casper Wildschutt

Cassie Wildschutt

3.2.2 Familiename

Bepaalde vanne, net soos in die geval van voorname, kom baie dikwels voor. Van die bekendste vanne, wat ook saamhang met die geskiedenis van die kontrei en 'n baie hoë frekwensie toon, is die volgende:

Beukes

Bok

Bodem

Booyes

Brandt

Cartenaar

Cloete

Cornet

Cupido

Dirks

Dirkse

Domberg

Eiman



Faroa
Gal
Jagers
Jantjies
Kordom
Kriel
Links
Matroos
Meissenheimer
Nero
Rooi
Saal
Saul
Slimmert
Smit
Stewe
Sochop
Wildschutt
Witbooi
Spogter



In die onmiddellike Kharkams-gebied is vasgestel dat van die 204 huishoudings wat by die Raad geregistreer is, 22 die familienaam LINKS het, 12 die familienaam BEUKES, 13 die familienaam WILDSCHUTT en 8 die familienaam SAUL.

'n Interessante verskynsel is ook dat baie persone heel dikwels dieselfde voornaam en familienaam het. So kom die volgende kombinasies baie frekwent voor:

Jan Beukes

Willem Beukes

John Henry Links


Thomas Hodson Links

Willem Rooi

Casper Wildschutt

Pieter Links

Willem Stewe



3.2.3 Byname

Juis as gevolg van die beperkte aantal voornaam en familie= name, sowel as die feit dat bepaalde kombinasies baie dikwels voorkom, word byname vry algemeen gebruik om bepaalde persone te onderskei. Hierdie byname is so eie aan die persone na wie dit verwys dat die meeste daarvan in die Bestuursraad se register opgeteken staan, naas die persoon se doopname.

Daar kan verskillende kategorieë van byname onderskei word. Die verklarings en etimologieë vir die byname is deur die respondente meegedeel. Daar is groot

ooreenstemming t.o.v. die proefpersone se verduidelikings oor hoe die byname sou ontstaan het, maar die navorser kan egter nie instaan vir die absolute juistheid van al die verklarings nie:

3.2.3.1 Byname op grond van 'n liggaamlike toestand of eienskap

Gert Beukes > Gert Skilder: Dié persoon het sproete in sy gesig en die bynaam is moontlik 'n verwysing daarna.

Hendrik Kriel > Hendrik Koukop: Dié persoon is skynbaar 'n goeie redenaar en is baie slim.

Pieter Gal > Pieter Langtoon: Dié bynaam het betrekking op die feit dat hierdie persoon groot van liggaamsbou is en skynbaar ook lang tone het. Die meeste respondente glo egter dat dit na sy forse liggaamsbou verwys.

Tiem Wildschutt > Tiem Melk

Pieter Beukes > Pieter Melk: Dié persone het 'n taamlike ligte gelaatskleur vandaar die assosiasie met melk.

Jan Stewe > Jan Botter: Die opvatting bestaan allerweë dat die persoon baie flink kan redeneer en dus nie maklik vasgevra kan word nie.

Hans Owies > Wit Hans: Dié persoon is lig van kleur.

Gert Rooi > Swart Gert: Dié persoon het 'n donker ge=laatskleur en die bynaam word gebruik om hom te onderskei van ander persone met dieselfde voornaam en van.

Jan Engelbrecht > Ronde Jan: Dié persoon is baie geset, vandaar die beskrywende bynaam.

Josef Hendricks > Josef Yster: 'n Baie sterk persoon.

Willem Rooi > Willem Tier: 'n Baie kwaai en kortge=spanne persoon.

Josef Klaase > Josef Kopseer: Dié persoon kla altyd van 'n hoofpyn en dra in die meeste gevalle ook 'n doek om die kop.

Pietjie Links > Pietjie Tdoepens: Dié persoon het 'n groot ronde maag, vandaar die woord uit die Khoitaal om hom te beskryf.

Dawid Links > Breek Dawid: Dié persoon is gebreklik vanweë beserings wat hy tydens die oorlog opgedoen het.

3.2.3.2 Nog 'n manier om persone te onderskei is om agter die

naam van die seun die naam of bynaam van sy vader te plaas en agter die naam van die vrou dié van haar man. Die volgende voorbeelde is in dié verband opgeteken:

Klaas Gal > Klaas Tatatjie: (Klaas, die seun van Tatatjie).

Paul en Japie Nero > Paul en Japie Boesman: (Paul en Japie, die seuns van Boesman).

Anna Links > Anna Brekie: (die vrou van Breek Dawid).

Maria Willems > Maria Frank: (Maria, die vrou van Frank).

Flora Dirkse > Flora Oudoekie: (Flora, die vrou van Dirk Oudoekie).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ellie Wildschutt > Ellie Johnnas: (Ellie, die vrou van Johnnas Wildschutt).

Baba (Elisabet) Wildschutt > Baba Josiebooi: (Baba, die vrou van Josiebooi Wildschutt).

Baba (Elisabet) Links > Baba Zoela: (Baba, die vrou van Zoela Links).

3.2.4 Aanspreekvorme

Dié gebied is ryk aan aanspreekvorme wat deel vorm van die daaglikse taalgebruik. Baie van hierdie aanspreekvorme het 'n negatiewe betekenisinhoud in AB, maar word in hierdie gebied algemeen gebruik, dikwels juis om vertroeteling en intimiteit uit te druk:

Keima: Dié vorm, wat "grootma" beteken, word gebruik deur kinders teenoor vrouens wat met die oudste broer van 'n bepaalde familie getroud is. Dis interessant dat dit nie net die familiekinders is wat die aanspreekvorm gebruik nie, maar selfs persone wat nie deel vorm van die familie nie.

Kliema (< Kleinma): Die kinders van die eerste vrou, noem hul pa se tweede vrou dikwels "Kliema". Ook hierdie aanspreekvorm word later deur die breër gemeenskap gebruik t.o.v. die bepaalde vrouens.

Kleinboeta: Dié aanspreekvorm word gebruik t.o.v. die jongste broer van 'n bepaalde gesin en dit is heel dikwels die nie-verwante persone wat dié aanspreekvorm gebruik.

Oompies/Oombies: Alhoewel die vorm 'n meervoudsuitgang het, word die meervoud nie hier bedoel nie. Dis die

aanspreekvorm wat in die AB gelyk is aan "Oom" of "Oompie". Ook dié aanspreekvorm word vry algemeen gebruik deur kinders en jongmense teenoor bejaarde mans.

Meid: In AB het die aanspreekvorm 'n baie sterk negatiewe betekenis. In KT is dit die vorm wat teenoor enige dogter gebruik sou kon word. Dan is die bedoeling juis om intimiteit, beleefdheid en liefde uit te druk. As aanspreekvorm bevat dit dus in KT nie die negatiewe inhoud soos in AB nie:

"Meid, kook die water al?"

"Meid, jy moet dan tog die vuur brand steek."

Aia: Ook hierdie vorm het in AB 'n baie negatiewe inhoud. In KT word dit gebruik teenoor iemand wat jou opgepas het, al is dit die tante of ouma. Dit is 'n besondere eer vir die grootmens as sy as aia aangespreek word. Almal weet dan ook dat as 'n kind dié aanspreekvorm teenoor 'n vrou gebruik, die vrou hom in een of ander stadium moes opgepas het.

Oudietjie (< Outatjie): Ook hierdie vorm word vir verering gebruik en dit is 'n intieme aanspreekvorm teenoor enige bejaarde man. Bekende persone in die kontrei is Oudietjie Hendrik Beukes en Oudietjie Petrus.

Ta/Tata: Dis die aanspreekvorme wat gelyk is aan Pa/Pappa in AB.

Kaus: Die aanspreekvorm word teenoor die jongste tante gebruik en dis ook vir sodanige vrouens 'n eer as hulle as Kaus aangespreek word. Die woord hou verband met die Khoi-woord wat "jongste" beteken soos in tkaukind.

3.3 Woord- en idioomgebruik

'n Uitstaande kenmerk van hierdie streektaal is die wyse waarop woorde en uitdrukkings tot stand kom d.m.v. reeds bestaande vorme. Dit geskied natuurlik as gevolg van verskillende redes.



In hierdie opnamegebied en ook in die groter Namakwaland bestaan daar 'n behoefte om die taal af te take tot die basiese en die begryplike. Dié spreektaal word geskoei op die fundamentele, die eenvoudige, die funksionele. Die bydrae tot Afrikaans in die algemeen is dus 'n suiwer bodemgebonde, lewenskragtige en skilderagtige taal. Wat in dié kontrei gebeur, veral op die vlak van die leksikon, is inderdaad soos Venter (1975:22) dit stel: "Hulle sê 'n ding soos hulle hom sien en hoor en voel en proe. Hulle kan bekende woorde en uitdrukkings op die kop staan=

maak, op die rug laat lê, afkap, middeldeur maak, bymekaar aanlas of herrangskik sodat iets heel oorspronklik ontstaan."


'n Beginsel wat in KT ook baie sterk geld t.o.v. woord- en idioomgebruik is kombinatoriese simbolisasie, soos Reichling (1962:53) dit noem. Hiermee word te kenne gegee dat die presisering by woordgebruik opgehef word, m.a.w. dat 'n woord of uitdrukking nie altyd na 'n spesifieke saak hoef te verwys nie. Dié woord of uitdrukking kry dikwels ook op 'n ander vlak betekenis. Dié verskynsel word metaforiek genoem; 'n woord word toegepas op 'n saak waarop dit normaalweg nie toegepas word nie.

Wat met die metaforiek in verband staan, is die sg. idiomatiese uitdrukkings en spreekwoorde. Gewoonlik word die wel en wee van taalgebruikers in dié leksikon-items weer- spieël. Dit word gebore uit die leefwyse en die aard van die omstandighede waarin die sprekers hulle bevind.

Wat hieronder volg, is 'n alfabetiese inskrywing van al die leksikon-items soos hierbo uiteengesit en wat algemeen voorkom in die navorsingsgebied. Alle betekenisse en semantiese inhoude, soos deur die respondente verstrek, word by elke item verskaf. Omdat die meeste van hierdie woorde, woordgroepe en uitdrukkings in AB onbekend is, is dit goed

geag om die etimologie van sommige items aan te gee, soos dit uit die mond van verskillende segsmanne verneem is. Ook moet daarop gewys word dat baie woorde en uitdrukkings al sulke gemeenplase in KT is dat die ontstaansgronde van baie nie opgespoor kon word nie.

'n Belangrike aspek wat ook in gedagte gehou moet word, is die feit dat dit hoogs onwaarskynlik is dat 'n volgende respondent 'n woord of uitdrukking wat deur 'n vorige persoon gebruik is, sal besig. Daar is sommige woorde, woordgroepe en uitdrukkings wat wel uitstaan vanweë hulle hoë gebruiksfrekwensie, maar waar bepaalde vorme wat interessant voorkom in 'n onderhoudsituasie gebruik word, is die volgende respondent soontoe gelei of anders direk daaroor uitgevra:



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

aanroer: Om stadig aan te jaag: "Roer die bokke aan."

aansit: In baie gevalle word dié woord in die betekenis van "gestig" gebruik: "Ou Meester het toe daar 'n skool aangesit." Dié vorm is moontlik 'n verkorting van "aan die gang sit," en is 'n bewys van die Namakwalander se (onbewuste) strewe na beknoptheid en woordekonomie.

aanslag: Met dagbreek: "Ons is toe hier weg met die aanslag van die dag."

aansleep: Beteken om maar voort te sukkel: "Nee, die ou sleep darem nog so aan."

aantreklik: "My vrou lê daarbinne; sy is mos baie aantreklik dese dae." Hier het "aantreklik" baie duidelik die betekenis van "siekerig" en die betekenis is ook getoets by verskeie respondente. Die naaste wat ons aan die gebruik in AB kom, is wanneer die woord gebruik word in die betekenis van "liggeraak" of "geneig om jou te bekommer."

aardig: Dié woord se gebruik in die AB is soos die volgende:

"'n Aardige som geld nalaat." (groot)

"Aardig voel oor die slegte reuk." (naar, misluk) of

"Ek het te aardig gevoel om die geld te neem." (sleg)

In die KT is dit dus heel vreemd dat die woord ook "mooi" kan beteken:

"Hier in September, as die blomme sulke lappe staan, is dit te aardig om te sien."

Miskien het ons hier te doen met 'n soort betekeniskontaminasie.

afleer: Dit word gebruik in die betekenis van baasraak:

"Ek het gedink ek sal hom afleer." (Dié gebruik verwys na ry van polisieperd, waarmee die respondent baie gesukkel het.)

agterdeursuiper: Hierdie uitdrukking het ook huishoudelik geword op Kharkams en moontlik elders op Namakwaland. Respondente het o.a. die volgende semantiese inhoude aan die uitdrukking toegeken: So 'n persoon is gewoonlik ruggraatloos, hy teer op ander se ongerief; hy is besluiteloos en benut geleenthede wat uit ander se swakhede voortvloei. Die Namakwalandse veeboere laat gewoonlik hulle vee by groot gronddamme of krippe drink. Normaalweg vind 'n mens dat daar in elke veetrop twee of meer bokhanslammers is wat om een of ander rede hants grootgemaak is of wat deur hulle natuurlike moeders verwerp is. Wanneer die veetrop dan by die suiping saamdrom, drink hierdie hantslammers, terwyl die vreemde moeders met geboë knieë water drink, hulle pensies van agter trommeldik. Die lam van die bokooi sal altyd van voor kom en sal in elke geval nie onder sulke moeilike omstandighede drink nie. 'n Respondent het byvoorbeeld sy seun wat teer op sy en sy vrou se pensioen en weier om te gaan werk, 'n "agterdeursuiper" genoem.

agterdeursuipkalf: 'n Kalf wat melk by die agterdeur kry. Die navorser het dit ook een maal in 'n figuurlike gebruik gehoor: "Hy is 'n agterdeursuipkalf, daarom kry hy so swaar." Gesê van iemand wat dinge op 'n skelm en agteraf manier probeer bewerkstellig het.

agterent: In KT het dié woord die betekenis van "einde".

"Julle was mos laas met die agterent van Maart hier op Kharkams."

agtermiddag: Die woord kan optree as groetwoord, gelyk aan AB: 'middag' (groetwoord): "Agtermiddag alle Kaapse mense."

ai-ploeëry: In die kontrei - en dit geld seker vir die res van Namakwaland - het die wisselvallige reënval en die onoordeelkundige ploëëry van menige saaiboer hulle al telik op die neus laat kyk. In die meeste gevalle is hulle baie spyt na die ploegseisoen, wanneer die reën in die groeiperiode net nie wil kom nie. Die versugting is in die meeste gevalle: "Ai, ek moes maar nie geploe(g) het nie." Dit het mettertyd 'n vaste uitdrukking geword om te beteken: 'n ploëëry wat nie moes plaasgevind het nie, 'n mislukte ploëëry.

amperkans: 'Op 'n haar na', 'byna': "Dit was amperkans of hy was onder die wa."

Al is die ouer hoe arm, hy dek tog warm: 'n Bekende idiomatiese uitdrukking wat beteken dat enige ouer sorg vir sy kinders.

armmanskros: Die son.

asvaal: In die betekenis van onskuldig: "Wat staan jy daar en hou jou so asvaal."

dit gaan (op) baadjieval: As dinge deurmekaar gaan, veral oestyd, gaan dit (op) baadjieval. Sommige respondente ken die uitdrukking sonder die voorsettel, terwyl ander dit gebruik met die voorsettel: "Nee, oestyd, selfs saaityd, gaan dit maar woes hier by ons; soos die oumense sê, dit gaan baadjieval."

bakkies: 'n Interessante aspek omtrent woordbetekenis in dié spraakgebied is, dat woorde wat gewoonweg pejoratief gebruik word, 'n neutrale betekenis kry. In AB het 'bakkies' nie 'n gunstige verwysing nie, maar in KT word dit dikwels neutraal (soos "gesig") gebruik: "Het jy al jou bakkies geskottel?"



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

bankvoor: Wanneer daar in Namakwaland met trekdier ge- ploeg word, is daar altyd 'n touleier aan die voerpunt wat moet sorg dra dat die diere en die ploeg reguit loop en alle beskikbare grond omgeploeg word. Indien die touleier met 'n draai sal loop, m.a.w. indien sy leiding verkeerd sal wees, bring dit mee dat daar stukkies grond in die omgeploegde deel agterbly wat nie onder die skaar was nie. Die omgeploegde stukke grond staan as bankvore bekend. As straf moet die touleier dan dikwels oor die middaguur

of selfs na uitspantyd sorg dat die stukke grond geploeg word. Om te bankvoor beteken dus om te fouteer. Dié betekenis is later oorgedra om na enige soort flater te verwys. Iemand bankvoor as hy fout begaan. Die substantief word dus geverbaliseer.

beginse: Dié woord word heel dikwels gebruik as sinoniem vir begin: "Aan die beginse was die korinkies maar swakies." (Let op die voorliefde vir die verkleiningsuitgang by die respondent.)

jou bek kos gee: Die uitdrukking word veral gebruik t.o.v. persone wat sukkel om te praat. Die gewildste konteks waarin dit gebruik word, is wanneer 'n jongman gaan ouers vra en sukkel om sy storie uit te kry. 'n Respondent het dit soos volg gebruik: "Sowat bek kosgee had ek nog nie gesien."

bekersoort: "Ek is die bekersoort." Ek hou daarvan om uit 'n beker te drink.

bêreklere: Die beste klere; Sondagklere: "Toe ek na die breekplek is, had ek mos my bêreklere aan."

om iemand of iets te besit: Die uitdrukking is slegs een keer deur 'n respondent gebruik, maar na aanleiding van

verdere navrae is agtergacom dat daar in die navorsingsgebied groot eenstemmigheid is oor die betekenis daarvan. Om iemand te besit beteken om iemand of iets toe te takel: "Toe ons die bojaan in die koring gewaar, het ons hulle sommer gebesit."

bestaan: Die betekenis van die woord word verruim na aanleiding van "perde beslaan". So tref ons in KT aan: "Ek sal nou 'n slag my skoene moet beslaan, hulle is al deurgeloopt."

be-uil: Om te spot: "As die oumens loop halfkop raak, be-uil die kinderse hom mos."

bietjie: Hierdie woord toon 'n baie hoë gebruiksfrekwensie met 'n gepaardgaande skakeling van betekenis. Gewoonlik word die woord "bietjie" in teenstelling met "baie" gebruik, waar dit dan die betekenis het van "min". In KT is die gebruik van bietjie in die betekenis van "effens", "taamlik" baie algemeen:

"Hy het bietjie baie gesels."

Heel dikwels ook: "Dit was bietjie lekker" waar "bietjie" dan "baie" beteken. Ook word dit dikwels vir beklemtoning aangewend. "Die bokke het in die laaste paar weke maar bietjie baie min melk gegee." Hierdie gebruik mag in die AB ook voorkom, maar dis veral die hoë frekwensie van dié

aanwending wat 'n kenmerk van die KT is.

bojaan staan: Die respondente het dit veral gebruik om die posisie waarin 'n mens staan as jy koring sny te verduidelik en te beskryf; Een respondent het gesê:

"Ja Meester, hier in die Namakwaland het ek baie bojaan (=bobbejaan) gestaan." Hy wou beklemtoon dat hy baie koring gesny het.

bokbloed: Die ervaring met bokke slag en die gereelde kontak met bokbloed het die stukkie metaforiese taal tot gevolg: As iemand te veel bokbloed gedrink het, het hy te veel wyn gedrink.

bokkies deurmekaar ja: Dit is nou nog 'n verskynsel in hierdie gebied dat baie kinders ook vee besit, wat miskien deur die ouers aan hulle geskenk is of wat hulle self in die hande gekry het. As twee partye dus hulle vee, ofte wel hul bokke, deurmekaar jaag, beteken dit die bokke vorm nou een trop omdat die jongman en jongdame getrou het.

bokwerk: Aanvanklik het dit verwys na die bedrywigheid met bokke op die werf, maar het later 'n algemener betekenis gaan kry. As iemand, byvoorbeeld, op sy werf besig is om aan sy motor te werk sou 'n vriend wat daar opdaag kon sê: "Wat bokwerk jy so?"

bot: In KT ook betekenis van "skielik": "Ons kon toe nie anders nie, want die belastingaffêre het te bot op ons afgekom." Die gebruik is baie algemeen in die Kharkams-kontrei.

Bowesdorp se perde: Bowesdorp is 'n plasië wat ongeveer 8km noord van Kamieskroon, op die pad na Springbok, geleë is. Vir baie jare was die perdekar nog een van die weelderigste voertuie in die kontrei en die boere van Bowesdorp het hulle veral op die teel van goeie en spoggerige perde toegelê. Die perde is gewoonlik hard gedryf om die beste uit hulle te haal. Die uitdrukking "Bowesdorp se perde" is later verder toegepas op die daaglikse lewe, wanneer jy iemand onbillik dryf, of uit hom wil haal meer as wat hy kan gee.



buitetronk: Dié term "buitetronk" word sinoniem met "opgeskorte vonnis" gebruik en het waarskynlik in die volksmond gekom omdat die woorde "opgeskorte vonnis" ietwat lank en moeilik is vir die gemiddelde inwoner om te onthou en te gebruik. Die uitdrukking wek die indruk dat die betrokke persoon tog in 'n mate in een of ander gevangenis is, maar net nie agter slot of grendel nie. Dis 'n baie raak uitdrukking omdat dit die skaduwee waarin die persoon leef en die wolk van onsekerheid op ondubbelsinnige wyse weergee.

ding: As iemand in AB 'n "ding" genoem sou word, sal dit baie negatief wees, maar in KT word dit dikwels vertroetelend gebruik. Die volgende voorbeeld is opgeteken:

"My ou ding sal nou vir ons koffie maak."

Dié respondent het met "ding" na sy vrou verwys. Dié gebruik het 'n baie hoë frekwensie in die geselstaal. Ook is opgeteken: "Die ou ding het ek in '47 getrou."

dooddag: In AB word gepraat van "die dag van sterfte", "die dag van die dood" maar a.g.v. dié sprekers se strewe na gekonsentreerdheid sê hulle sommer: "Elias gaan jy bly tot die dooddag?" (Aan navorser se vader gesê toe sy broer so ernstig siek gelê het.)

doodjonk: "Dood" het hier dieselfde betekenis van "bloed" in "bloedjonk". Oupa Tkomma ('n respondent) praat van sy vrou: "Hy is sommer doodjonk."

op jou doopseel skool hou: Iemand wat sonder kwalifikasies onderwys gee, hou op sy doopseel skool.

doringtak deur die gesig: As die Namakwalander iemand aanstoot gee, is dit vir dié persoon ('n) doringtak deur die gesig.

douspoor: Dis 'n vars spoor; ook "vroeg oggend".

draaimaag: 'n Spreekende uitdrukking vir honger wees:
"As 'n mens so heeldag agter die ploeg aanloop, word jy
later draaimaag."

drafryperd: 'n Ryperd wat net wil draf en nie galop nie.

droëlewer, -ig: Dit verwys na iemand wat baie water drink,
voortdurend dors is. "Waarom is jy dan vandag so droë=
lewer?"; "Heletjie is so droëlewerig."

droëpram: Dis die jongste kind. "Ek het toe mos my droë=
pram skool toe gestuur."

duim druk: Onder die ouer garde is daar baie wat nie kan
lees en skryf nie. Duim druk is dus algemene praktyk en
dit het 'n wyer betekenis gaan kry, nl. "om te teken".
'n Respondent het hom teenoor die navorser soos volg uit=
gelaat: "Sal Meester duim druk dat Meester dié goed nie
sal oorvertel nie?"

dun kopvel: Dit word gebruik t.o.v. iemand wat gou dronk
word: "Daardie klas wyne is nie vir 'n mansmens met 'n
dun kopvel."

eetbetrekking: Die samestelling word as ekwivalent van
eetlus gebruik: "Diese kind had toe geen eetbetrekking."

eie: Beteken "dieselfde" of "einste":

Daardie eie dag was hy hier."

"Eie hy sê so."

"Ek het dit gehoor by eie my vrou."

die elmoog stoot: Dis 'n oorbekende uitdrukking onder die respondente en beteken om weg te hardloop. Een respondent het dit soos volg gebruik: "Toe die wa omkantel, het Klasie se tata (se pa) net elmoog gestoot." Die uitdrukking hou semanties dus glad nie verband met die bekende uitdrukking in Afrikaans nie, nl. "om die elmoog te lig."

etenstydaand: Beteken "aandete se tyd": "Dit was hier etenstydaand dat hy hier aangekom het."

fluks: "So 'n fluks vrou beweeg maar swaar." Ons ken hierdie woord net in die betekenis van "ywerig", "flink", "lewendig". In die KT word 'n vet persoon baie dikwels beskryf as 'n "fluks" vrou. Selfs die Nederlandse woordeboeke dui die betekenis van "fluks" aan as: "met spoed", "gezwind" sodat hierdie gebruik inderdaad vreemd opval.

fynvee/fyngoed: Ons het die woord fyngoed in ons woordeboeke en dit beteken "goed wat fynmaak, in stukkies gemaak is", of "gewasse wat fyn van blaar en/of stingel is": "Fyngoed gaan haal om in die stal te gooi." Fyngoed of fynvee op Kharkams en die groter Namakwaland verwys egter na bokke en skape.

grofgoed: Die samestelling verwys na trekdier, koeie, ens.

grootweek/grootkerk: Nagmaal.

halfkop: Vergeetagtig: "Die kinderse se name is my nou ontskoot. Ek is mos so halfkop dese dae."

halfwasmannetjie: Opgeskote seun.

om iemand se hand te hê (of kry): Dit beteken om iemand te ontmoet of te groet. Die navorser het die volgende gebruik van die uitdrukking teëgekomen: "Meester had ek al Meester se hand gehad?"

'n hand met 'n gat hê: Dié bekende uitdrukking onder die respondente word gebruik om te verwys na iemand, veral 'n vrou, wat deurbring, 'n verkwister. Sy laat geld en besittings deur haar vingers gaan.

as 'n mens nie hand had, kan jy nie vuus maak: Die uitdrukking is opgeteken net soos dit gehoor is. Soos spreek uit die woordvorme "had" en "vuus" is dit 'n uitdrukking wat veral by die ouer garde voorkom. Die betekenis wat deur die respondente daaraan geheg word, is: met geld kan jy alles doen; as jy nie geld het nie, is jy magteloos.

geheel: Ook dié woord het in KT betekenisverruiming ondergaan en die hoë gebruiksfrekwensie val dadelik op in die Nama=kwalander se taal. In AB beteken dié woord: "heeltemal", "volkome", "gans", "in elke opsig" en word dikwels soos volg aangewend:

"Dis geheel onjuis."

"Dis iets geheel iets anders." In albei dié gebruiksgesvalle beteken "geheel" heeltemal .

Opvallend is die verskillende betekenisverbande waarin 'n woord soos "geheel" in KT gebruik word:

"Ek sal dit geheel moet doen." (beslis)

"Hy het geheel nie gekom nie." (glad nie)

"Hy weet geheel nie van die storie nie." (heeltemal niks)

geleë: Dié woord is moontlik 'n verkorte vorm van "geleentheid." "Ek sal met die eerste geleë Kaap toe gaan."

goed: Die woord verwys ook, naas sy gewone betekenis, na vee:

"Wie's nou by jou goed (= vee)?"

"Waar staan jou goed (= vee)?"

"Hoeveel goed (=vee) het jy ?"

gourygoed: Verwys na vinnige voertuie, soos motors, in teenstelling met die donkiekar ens.: "Julle Kapenaars het mos die gourygoed."

hartry: Middelry by koring sny: "Jy begin koring sny by die blad en sny dan na die hartry toe."

hele: Almal of alles: "Hy het die hele kinders grootge= maak."

hiernatoe: "Hy is nie hiernatoe se goeie man nie" = Hy is 'n baie goeie man.

hitsvuur: Baie warm vuur - Ons ken hitsige vuur in AB of hitsige somer. In die KT word dit kortweg "hitsvuur".

hoe: Die woordjie het gewoonlik die betekenis in KT van: "nie te veel/baie van 'n toestand nie". Ons ken nie die gebruik in AB nie.

"Die kind is nie hoe nie" = nie sleg nie.

"Die motor is nie hoe nie" = nie te sleg nie.

"Dis nie hoe lank nie of hy loop weg" = baie.

hoorstorie: 'n Storie of gerug waarvan die waarheid onseker is. "Dis mos hoorstories dié van julle Kapenaars dat dit met ons Namakwalanders so goed gaan."

horingsmangrond: 'n Horingsman is 'n vaal kort slang, behorende tot die addergroep wat veral vir sy giftigheid in dié kontrei bekend is. Dis 'n gevreesde adder. Omdat

dié slang in bepaalde dele van die navorsingsgebied voorkom, het die inwoners mettertyd geleer om hierdie areas as gevaarlike terreine af te baken. Die uitdrukking "horingsmangrond" het derhalwe later ontstaan om te beteken enige gebied van die lewe wat gevaarlik is. So het 'n respondent sy kind gemaan: "My kind, die danste is horingsmangrond."

houtklippiehard: Soms kla die Namakwalander nie omdat hy werklik sukkel of swaarkry nie, maar meer uit gewoonte. Wanneer daar die draak gesteek word met hierdie soort persoon word gesê dat dit "houtklippiehard" met hom gaan. Die semantiese opposisie is duidelik in die woord.

nie 'n hoenderspoor doodgereën nie: As dit effentjies gereën het, word dié uitdrukking gebruik.

uit die huis in die kookhuis: Dit is nou nog so op Kharkams en ander nedersettings dat baie huise 'n kookhuis het wat elders op die werf staan. In die kookhuis word daar gekook en vuurgemaak. N.a.v. dié opset het die idiomatiese uitdrukking ontstaan as familieledede ondermekaar trou: "Ek het mos uit die huis in die kookhuis getrou." 'n Respondent wat destyds met haar neef getrou het, het die uitdrukking gebruik. Dié uitdrukking is baie bekend onder die mense van Kharkams.

huisplek: 'n Plek om (veral die matjies-)huis op te rig:
"My man is opsent want hy het mos huisplek gaan soek."

Jan Tabo: Die uitdrukking word gebruik t.o.v. persone wat 'n besondere eetlus het, Jan Klaase, ook bekend as Jan Tabo, so deel die respondente mee, het in die omgewing van Kharkams gewoon, Hy kon verskriklik baie eet. Die navorser het navraag gedoen oor die uitdrukking nadat 'n respondent op Kharkams gesê het: "Meester ek maak mos hier (verwysende na die kind) 'n Jan Tabo groot." Na verdere kontrole is daar agtergekom dat die gebruik redelik goed bekend is op Kharkams.

karrienaam: 'n Bynaam, troetelnaam.

katvoet: "Versigtig", "bangerig": "Ek is bra katvoet vir die Raad."

Ook word die woorde dikwels gebruik t.o.v. wewenaars wat vryerig of lastig is: "Ek is vir hom katvoet."

kêrelbees: 'n Bul

kêrelkind: Jongetjie

kêrelmens: Mansmens

kieriegeld: Pensioen

klaarkos: Blikkieskos of winkelkos.

kleindag: 'Van kleins af': "Van my kleindag af is ek hier op Kharkams."

klouding: Hierdie woord verwys na vee: "Ek het nie 'n enkele klouding om jou te gee nie."

knapsak.maak: In sy figuurlike betekenis word dit gebruik vir kerk toe gaan, m.a.w. om geestelike voedsel te gaan haal: "Ek is jammer dat ek laat is, maar die ou kêrel het mos vanoggend 'n slag weer gaan knapsak maak."

iemand kry knapsak/ dra knapsak: Die idiomatiese uitdrukking word gebruik om 'n eertydse welaf persoon wat verarm het, te beskryf: "Die droogte gaan maak dat baie van ons knapsak gaan dra." Dié gebruik is op Kheis opgeteken. Ook is 'n enkele gebruik teëgekom waarin die uitdrukking 'skaap oppas' aandui, toe die betekenis van die uitdrukking by die respondent nagegaan is: "Meester hy dra knapsak beteken hy pas skaap op."

knipmes: Hierdie samestelling word weer eens gebruik in die plek van 'n woordgroep en is nie op dieselfde lyn as die gebruike van AB nie. In AB is daar verskillende gebruike vir dié samestelling:

"Hy maak sy knipmes toe." (sakmes)

"Buig soos 'n knipmes." (baie maklik)

"So gou soos (jy sê) knipmes." (baie gou).

"Knipmeslê (ww.)" (lepellê)

In die KT word die samestelling soos volg gebruik. "Nou laas het die maaiers knipmes op die land geloop en groot skade aangerig." Hiermee het die proefpersoon ongetwyfeld aangedui dat die skade so groot was asof die maaiers dit met knipmesse aangerig het.

koop- (-brood, -kos, -hek): Die "koop-"as eerste lid van die samestelling het die betekenis van: nie tuisgemaak of voorberei nie.

"Koopbrood" is dus gekoopte brood.

"Koopkos" is gekoopte kos.

"'n Koophek" is 'n gekoopte hek.

kortkierie: Dis 'n man of vrou wat krom loop moontlik a.g.v. ouderdom. Dikwels ook as bynaam: Johanna Kortkierie.

kortloop: Die woord het ook 'n heelwat betekenis in die KT:

"Die naam loop kort" = die naam het 'n slegte betekenis.

"Hy loop maar kort met sy koringsnyery" = hy sny maar swak.

"Hy het kortgeloop" = hy het min uitgevoer.

kruipkind: 'n Kind wat begin kruip.

om laag-af te wees: Dit beteken om na aan jou einde te wees.

die man met die langste lip, moet die vuur blaas:

'n Respondent het die uitdrukking gebruik en het die betekenis aangegee as min of meer die volgende: "Die kwamelikste persoon moet die 'jop' doen." Die uitdrukking is egter nie so algemeen bekend soos die ander nie, waarskynlik omdat dit 'n baie ou uitdrukking is.

lapprop: In Kharkams en omgewing word daar veral na 'n ongediplomeerde leerkrag verwys as 'n "lapprop". Die uitdrukking is nie baie oud nie, na verneem word, en het eers gevestig geraak na die grootskaalse aanstelling van ongediplomeerde onderwysers deur die onderwysowerheid. Paraffien word op Kharkams nog in bottels gekoop en die bottels word deur die koper oor die toonbank ingehandig. Dié reëling geld ook vir asyn en bensien. Om nie 'n ekstra sent of twee vir bv. 'n kurkprop te betaal nie, word 'n lapprop, 'n tydelike prop, net om die huis te haal, somer uit lap of ander afval gemaak. Dit kan egter met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat hierdie uitdrukking aan hierdie gebruik ontleen is. Die uitdrukking word nie in 'n negatiewe sin gebruik nie, maar eerder om die tydelikheid van die persoon se aanstelling te aksentueer.

las/gelas: "Hulle het my by 'n breekplek ingestoot en daar is ek toe gelas." Dié gebruik val ook vreemd op vir AB. Maar ook dié woord is getoets onder die respondente en het die betekenis van "gesond" of "gesond maak". Dit

word selfs wyer gebruik om te verwys na die genesing van enige kwaal,

lelik: Naas die betekenis van "nie mooi nie", "onaantreklik" wat baie goed bekend is in die AB, word lelik in die KT ook in die volgende gevalle gebruik:

"Kharkams se jongmense word lelik." = rof, geweldig.

Dié gebruik is baie algemeen. Ook as iemand terg of spot sal die persoon wat geterg word, opmerk:

"Julle is lelik", waarmee hy wil aandui: "snaaks" of "gemeen".

maak: Die AB-gebruik van die woord is oorbekend. Dié woord word egter in KT in verdere betekenisverbande gebruik, wat vir die AB-spreker vreemd opval:

"Willem het gaan kerk maak" = kerk toe.

"Juffrou Willemse maak skool" = hou skool.

"Die kinders het gaan hout maak" = haal.

"Jy sal nou moet 'n maak maak anders kan jy nie trou nie." = bes doen.

Al dié gevalle is getoets by die respondente en is oorbekend. Moontlik het dit na analogie van "kos maak" ontstaan.

watter mama se melk het jy gedrink?: Die uitdrukking word gebruik wanneer daar na familiebande verneem word en beteken: van watter familie is jy?

medisyneman: "dokter". Dis weer eens 'n bewys hoedat die taalgebruikers binne hul eie gedagte- en verbeeldingswêreld 'n oorspronklike konstruksie met bekende woorde kan skep. 'n Medisyneman is vir die sprekers aards en prakties. Dit vervang egter nie dokter heeltemal nie.

meidebees: 'n Koei.

'n middelvinger hê: Om naaldwerk te kan doen. Die volgende twee sinne is by verskillende respondente opgeteken: "Nee, die oumense het mos geglo 'n vrou moet 'n middelvinger hê."

"Vandag trou julle mos meide wat nie middelvinger had."

misry: "Dis net 'n misry wat maak dat julle nie die huis gekry het." Die woordelement "mis-" word in AB gebruik om te beteken: "nie raak tref nie". In dié verband het die respondent baie duidelik laat blyk dat hy "verkeerd ry" bedoel het. Dié gebruik is ongewoon in AB.

maselmens/maselkind: "Hulle is toe na die medisyneman (dokter) toe met die maselkind."

"masels" in hierdie gebruik is ongewoon vir AB.

"Dié weer is maar sleg vir 'n asmamens."

op die naaf loop: Dié uitdrukking beteken "deeglik", "or= dentlik" en is redelik in gebruik by die meeste respondente: "Met elke ding wat hy aanpak, loop hy op die naaf."

nie nat nie, nie droog nie: Kontrastering word dikwels in dié taal gebruik om 'n bepaalde saak of toestand te aksentueer. Ons het dit in die AB ook. As 'n persoon uit dié kontrei wil beklemtoon dat hy niks het nie, waarskynlik nadat jy hom iets gevra het, sal hy sê: "Ek het nie nat nie, nie droog nie." = niks nie.

'n naweeklyfie: Die uitdrukking word algemeen gebruik om te verwys na 'n dame met 'n dun middellyfie.

neuk: Dié woord het ook 'n sterk negatiewe konnotasie in AB: "slaan", "lol", "sanik", "hinder". Maar in verbande waarin die woord in KT gebruik is, was die betekenis neutraal. Opgeteken is o.a.: "As dinge neuk, moet 'n mens op jou knieë bly."

"Ons broers neuk nie met mekaar nie."

omkeer: In AB sou ons 'n skoen aan die verkeerde voet aantrek, maar in die KT word gesê: "Hy had toe sy skoene omkeer aan."

ongegrond: "Dis daar in die holte dat hulle Saterdag= aand-goed so ongrond is." Dis algemene gebruik om jong=

mense of kinders wat uit die koers uit is, of onsedelik lewe te beskryf as "ongegrond". 'n Deugniet sou ook as "ongegrond" bestempel kon word. AB ken bloot die betekenis van "sonder grond" of "sonder goeie redes".

ontouwys: 'n Dier soos 'n donkie of esel is ontouwys as dit nie mak is wanneer dit ingespan is nie.

ontuis: "Toe ons by die Saulse kom, was hulle ontuis." Dis 'n baie algemene gebruik van die woord in KT vir "nie by die huis nie." In AB beteken dit "nie op jou gemak nie", "vreemd", "nie tuis voel nie".

uit die oog uit: Hierdie uitdrukking is vrywel aan al die respondente bekend en beteken "van die egte soort". Dit word veral gebruik t.o.v. familiestambome. 'n Respondent het haar soos volg uitgelaat oor die feit dat haar van ook Links is: "Ek is uit die oog uit 'n Links." Sy het dit later min of meer soos volg verduidelik: die oog is die waterbron waaruit die rein water kom. Die water loop staan later in 'n dammetjie waar jy alle vuilgoed, paddaslym ens. aantref. Sy het beweer dat sy nie uit die dam was nie, maar uit die oog uit.

oopketel: Hierdie uitdrukking beteken "goed", "voorspoedig". Dit is dus 'n woord wat 'n oordragtelike of metaforiese betekenis gaan kry het. Op 'n vraag aan 'n respondent hoe dit gaan, was sy antwoord eenvoudig :

"Dat gaat oopketel." Na verneem word, beteken die woord baie meer as net goed; dit het die konnotasie van "besonder voor die wind, voorspoedig." Vir die Namakwalander is daar blykbaar min ervarings wat kan opweeg teen die waarneming van koffiewater wat oopketel kook!

oording: Iets onverstaanbaars: "Hoe julle Linkse so ver kan leer, is vir my 'n oording."

oorstaan (-jaar, -ooi): 'n Jaar wat dit nie reën nie; 'n ooi wat 'n bepaalde jaar nie lam nie.

opsykind: 'n buite-egtelike kind.

ore in die nek: Interessant van die Namakwalandse uitdrukking is dat baie in verband staan met haastigheid, veral om werk klaar te kry. As iemand ore in die nek aankom, is hy baie haastig.

oubakkies: Stuurs.

ouderdom: Beteken dikwels hoog in jare: "Ek het hier op Kharkams kom ouderdom kry."

oumens: Dikwels gebruik 'n man dit vertroeteld teenoor sy vrou: "My oumens het mos gaan kuier."

ouspoor: Lank gelede se spoor, m.a.w. ouer as die dou=spoor en vaalspoor.

weg voor die perde: Die uitdrukking wat baie algemeen bekend is, word gebruik om 'heeltemal weg' aan te dui. Die respondente ken dit veral in 'n gebruik soos die volgende: "Toe hulle my daar by die huis soek, was ek weg voor die perde." Die uitdrukking was dus nie letterlik gebruik nie, maar veral vir beklemtoning van die gedagte "heeltemal weg".

pramhoog: Die uitdrukking word hoofsaaklik deur vrouens gebruik om hoogte aan te dui: "Die blomme staan vanjaar pramhoog."

hy het nie pruim gesê nie: Niks gesê nie.

pruttelbek: Iemand wat baie teë praat.

ram- (-honde, -kêrel): Die "ram-"lid word heel dikwels gebruik om 'n uithaler persoon of dier te beskryf. In 'n sin soos: "Dit moes sommer ramhonde gewees het wat toe die dag die jakkals gevang het" beteken "ram-" "knap", "goeie". Dikwels word van 'n man ook gepraat as ram: "Kyk net die ramme (= manne) se groot pense."

rik-rak: 'n Meubelstuk is rik-rak as dit lendelam is.

roof: Die bolaag van die grond: "Die ou reëntjie het net die roof natgemaak."

saans gousblom, smôrens molshoop: Die uitdrukking is oorbekend aan die respondente en verwys gewoonlik na veral jongmense wat snags karjakker en soggens nie kan opstaan nie. Die navorser het verneem dat dié uitdrukking ook elders in die land voorkom.

met die punt van die sekel in die buik sit: Ook hierdie uitdrukking het betrekking op die bestaanswyse van die Namakwalander. Die sekel was vir baie jare 'n oorbekende voorwerp wat om die huis rond was en ook op die koringland. Dis 'n sprekende uitdrukking. Om met sekel in die buik te sit beteken werklik dat jy in 'n situasie sit waar uitkomkans onmoontlik is; jy is in groot verleentheid.



sitkind: 'n Kind wat begin sit.

van die skaal af lewe: Dit was vir baie jare die gebruik op Kharkams dat die inwoners selfversorgend was: hulle het hul eie vee geslag, brood gebak, hul eie bokke gemelk ens. Deesdae word die winkel al hoe meer gebruik, selfs ook vir die basiese dinge soos vleis en brood. Hulle beskryf dit as "van die skaal af lewe."

skaalvleis: Vleis wat in die slaghuis gekoop is. Die Namakwalander hou daarvan om van die werf af te slag en sy eie vleis voor te berei; dus: huisvleis, teenoor skaalvleis.

skraapklip: 'n Klip wat gebruik word om die orige vleis van die velle te verwyder.

skutdonkieliggaam: Met 'n donkie wat in die skut by 'n Namakwalandse skutkraal is, gaan dit, die skutregulasies ten spyt, nie te goed nie. Die donkies is in alle gevalle honger, vol kneusplekke en slaanmerke. Wanneer 'n persoon vol littekens, maer en verwaarloos voorkom, word daar in die kontrei gesê dat hy 'n skutdonkieliggaam het.

skaapwerfgesig: Iemand wat baie vuil is, is skaapwerfvuil of as sy gesig vuil is, het hy 'n skaapwerfgesig.

sleepmis: Dit verwys na 'n mis wat laag lê, wat letterlik sleep. Ook die betekenis van los mis.

sleghalter: 'n Nikswerd persoon.

slyfer: Redelik vinnig loop maar sleepvoetend.

lyk soos Sondagkos: Dié uitdrukking word gebruik om iemand te beskryf wat netjies en fatsoenlik aangetrek is, veral vanweë die kleurverskeidenheid.

soutsak: Die samestelling is heel waarskynlik 'n verkorting.

van "die sak sout met iemand opeet", maar met 'n effense semantiese distorsie. As jy "soutsak sit" beteken dit dat jy jou man kan staan. Dikwels is dit op diere ook van toepassing: "Die donkies het soutsak gesit deur die drif." Hulle het die wa baie goed deur die drif getrek.

speeklos: Iemand wat nie lekker voel nie, is "speeklos". Dis 'n enkele woord wat 'n groot semantiese inhoud het. As iemand aandui dat hy speeklos voel, hoef hy nie meer te sê nie want enigeen weet dat 'n wiel waarvan die speke los is, nie heeltemal onbruikbaar is nie, maar nie is soos dit behoort te wees nie.

splintermaak/splinternakend: Hier het die komponent "splinter" die betekenis van "heeltemal", soos in "splinternuut". Analogie kon dus hier 'n rol gespeel het.

staanvuur: Hoë vuur, 'n vuur wat hoog brand.

stelstoot: Om sake te organiseer; om dinge in 'n regte rigting te stuur: "Jy sal jou dinge by die huis eers moet stelstoot voor jy lande toe gaan."

stilletjies: In die KT het die woord ook, naas die betekenis van "in stilte", "heimlik", "onopgemerk" die verdere betekenis van "stadigaan":

"Ek word mos toe stilletjies siek dat hulle dit nie eens opmerk nie want dit was toe al drie maande nadat ek die pyn gevoel het dat ek gekla het."

stilweikoppie: "Ek het toe my skaap aangeja na 'n stilweikoppie." Dis gewoonlik die plek waar die skaap of bok rustig kan wei.

streepsak is vol: Dit word gesê van iemand wat 'n sondige bestaan voer, of wat baie stories agter sy naam het. Dis alombekend.

storie maak: Dit beteken om te skinder: "Laat ons dit liever so stel, dan maak ons nie storie nie."

sweet weggooi: Dit beteken hard werk. "By so 'n puts moet jy sweet weggooi om vir jou skaap water te skep." "Nee Meester, op hierdie Namakwaland het ek sweet weggegooi." Die uitdrukking is baie bekend en is deel van die alledaagse taalgebruik by die respondente.

so ja, so waar: Die navorsingsgebied sowel as die res van Namakwaland is in der waarheid, vanweë die lae reënval, 'n dorre en droë wêreld wat geweldige hoë eise aan sy inwoners wat graag die mas wil opkom en bo wil bly, stel. Dit lê dus voor die hand dat baie van die mense se uit=

drukkings uit 'n wêreld van swoeg en swaarkry gebore is en uiteraard die stempel hiervan dra.

Bg. uitdrukking is baie teëgekomp by die respondente en word aan die begin van 'n geselsie gebruik, terwyl die geselsie nog in sy voel-voel-stadium is - moontlik tussen twee vreemdelinge wat sukkel om 'n gesprek aan die gang te kry. Soms word dit gebruik om lang pouses van swye korter te maak, of die gasheer probeer om die gas tot die werklikheid terug te bring. Dit het ook 'n bindende funksie in die sin dat die uitdrukking "so ja, so waar" af en toe deur een van die sprekers in die vorm van 'n sug uitgestoot word, waardeur laasgenoemde dan te kenne gee dat die gesprek nie moet ophou nie en dat die ander spreker(s) gelyk had. Die oer sprekers in die kontrei praat oor die algemeen nie baie nie en poog om deur middel van ekonomiese woordaanwending baie te sê. Wanneer die uitdrukking deur 'n respondent gestamel word, kan dit ook sy aandeel tot 'n gesprek beteken. Hierdeur gee hy nie slegs sy begrip tot die betrokke situasie te kenne nie, maar dit dui ook op sy gelate aanvaarding van die droogte wat gevoelige verliese saai, die reën wat instaan, sprinkane en ruspes wat sy voortbestaan rismier en die dade van sy Skepper wat welgedaan is.

in jou terugloopdae wees: Dié bekende uitdrukking in die kontrei verwys na die onaangename, eensame, laaste dae:

"Meester, wat sal ek dan nou kla, ek is mos nou in die terugloopdae - die Here had my mos 'n lang pad gevat." Dié uitdrukking word dikwels as teenstelling van die reeds bespreekte uitdrukking "fluitwieldae" gebruik.

tiemas/tiemaas/tiemassie/tiemaansie: 'n Blik met 'n oor aan; 'n selfgemaakte beker. Waarskynlik is dit 'n verworming van "tien maat."

tik-tak: Ook onomatopeïes vir 'n effense reëntjie; moontlik die nabootsing van die geluid van die reën op die dak: "Dit was so 'n tik-tak reëntjie wat laas hier geval het."

toemis: 'n Digte, swaar mis.

toestand: Die woord word heel dikwels eufemisties in die KT gebruik om "siekte" te beteken. Opgeteken in dié verband, is: "Hy ly aan 'n toestand wat ons noem kanker." Dis miskien juis as gevolg van die woord se betekenisvaagheid dat dit so geskik is in hierdie verband.

trippens soek: As iemand stadig loop, selfs diere ook, word gesê hulle soek trippens.

die tuie lê vas op my: Dié uitdrukking is gebruik deur 'n respondent om te beklemtoon dat die getroude lewe hom werklik vasgemaak het, ingehok het. Dit is natuurlik 'n

beeld wat weer kom uit die wyse van vervoer en die in- en uitspan van diere. Dis 'n baie algemene gebruik in hierdie omgewing.

uitlêveld/uitlêplek: Hierdie twee woorde verwys al twee na die plek waar die boer gedurende die lamtyd vir 'n paar maande gaan woon.

vaaldag: "Dagbreek": "Met die vaaldag toe is ons al hier by Kheis deur."

vaalspoor: Effens ouerige spoor, van die vorige week, byvoorbeeld.

vaal van opslag wees: Gryserig wees, iemand wat grys word. "Opslag" word in die kontrei gebruik om te verwys na enige plante ens. wat opkom sonder dat dit geplant is. Die gedagte word nou op grys hare oorgedra.

vangstok: Strik; "Dis 'n vangstok vir jou." Dit word ook gebruik t.o.v. iemand wat moeilikheid veroorsaak: "Jy is 'n vangstok."

velskoene deurmekaar gooi: Ook dié idiomatiese uitdrukking is baie raak en oud in Namakwaland en verwys, soos een respondent tereg gesê het, na die feit dat daar vroeër een paar velskoene langs of onder die bed gestaan het. Na die troue is daar nou twee paar en dikwels raak hulle

deurmekaar, sodat die uitdrukking verwys na vrou vat of man vat.

vernufkop: 'n Slim persoon of iemand wat goed kan leer,

vleisding/vleisdingetjie: Kos wat van vleis gemaak is:
"Maak vir ons 'n vleisding."

sit soos Vleikraal se meisies: Vleikraal, 'n nedersetting in dië kontrei, se meisies het die reputasie gehad dat hulle altyd plat, langbeen sit en mettertyd het dit 'n vaste uitdrukking geword.

voorlyf: Die samestelling word dikwels gebruik om "bolyf" aan te dui: "Ek spring op, maar dis net die voorlyf wat so maak."

voorspoor: Wet of reël of regulasie: "Die man het oor die voorspoor getrap en is tronk toe." Hier idiomaties gebruik.

voorvoet: Aanvang, begin: "Julle Kapenaars moes met die voorvoet van die blomtyd hier gewees het; dit was pragtig."

iemand in die vrot sit: Dit beteken om iemand sleg te sê of in te sê.

vuurslag: 'n Baie hartstogtelike man.

wat: In KT beteken die woorde ook dikwels "baie":
"Dis mos nie wat koring wat jy op die wa had nie."

waterloop: Baie: "Dit het vanjaar waterloop gereën hier op Kharkams."

watter: In KT het dië woord, naas sy gewone betekenis van vraende voornaamwoord, ook die betekenis van "'n wat-wonderse" soos in:
"Hy is nie watter se man nie." of
"Dit was darem nie watter se vleis wat jy my laas gegee het nie."
Ook het dië woord baiekeer die betekenis van "Baie" in sinne soos:

"Hy woon nie watter ver nie." of
"Die uitstaanveld is nie watter ver van die lande af nie,"

weduvrou: Vir weduwee.

winkelbakkies: As iemand vals is, word gesê hy is winkelbakkies.

woelfletter: 'n Geharwar, 'n deurmekaarspul.

ystervark: Word meesal figuurlik gebruik en word gewoonlik gesê van 'n gerf waarvan die stoppels ongelyk is.

3.3.1 Bogenoemde idiomatiese uitdrukkings en woorde is oorbekend in dié navorsingsgebied en is, soos baie ander idiomatiese uitdrukkings in AB, 'n spieël tot die lewe, bestaan en geskiedenis van die taalgebruikers. Hierin word die wel en wee van die taalgebruikers gesien. Daar is dikwels volkshumor wat uit hierdie woorde en uitdrukkings spreek. Dat die taalondersoeker hiervan moet kennis neem, val nie te betwyfel nie. Malherbe (1924:III) het dit soos volg geformuleer: "Wie op die terrein van 'n volk se spreekwoordeskat werksaam is, moet by alle waters drink: by die wye see van die lewende volkspraak, by riviere en spruite, by die fonteine en syferplekke van die volk se verre verlede, sowel as by enige ander stroom of bron wat die wydvertakte wetenskap tot sy beskikking stel."

3.4 Khoi-invloed op die leksikon

Daar is reeds vroeër in dié monografie gewys op die moontlike invloed van die Khoi-taal op die respondente se taalgebruik. Nêrens kan dit egter duideliker waargeneem word as op die gebied van die leksikon nie, en daarom is dit taalkundig veelseggend. Nienaber vat dit soos volg saam: "Vir die Khoisanistiek kry dié ou bewaarde leksikologiese materiaal dus besondere betekenis. Hulle is enersyds soos taalmonumente, andersyds is hulle bakens op die pad van die voorgeskiedenis." (1963:99)

Dit is die navorsers se waarneming dat daar tussen Afrikaans, ofte wel die Kaapse taal, en die inboorlingtale in hierdie kontrei 'n intieme kontak moes gewees het aangesien die leksikon-items wat hier opgeteken is, deurgedring het tot die hart van die taalgebruik, nie net in Kharkams en die omliggende nedersettings nie, maar ook in die groter Nama-kwalandse gebied. Dié woorde en uitdrukkings het huis-houdelik geword en het nie op die periferie van taalgebruik gebly nie.

Dit moet ook daarop gewys word dat baie van hierdie leksikon-items in so 'n mate in die taalgebruik van die meeste respondente ingeburger geraak het dat hulle sodanige items nie meer identifiseer as behorende tot die Khoi-taal nie.

7

In baie gevalle was die respondente ook nie meer heeltemal seker oor die uitspraak van sommige leksikon-items nie en het die navorser maar op grond van talle navrae by 'n besondere item se uitspraak probeer uitkom. Die uitsprake verskil dus heel dikwels van spreker tot spreker en daarom is sekere vorms na aanleiding van die wisselende uitsprake gerekonstrueer. Die respondente het egter nie twyfel oor die betekenis wat aan besondere vorms geheg word nie.

Aangesien Afrikaans en Khoi-taal se klanksisteme verskil en die Afrikaanssprekende dikwels probleme ondervind om bepaalde Khoi-klanke te artikeleer, kan aanvaar word dat transfonemisering in 'n groot mate plaasgevind het. So het die Khoi-taal byvoorbeeld suigklanke wat nie voorkom in die Afrikaanse klankinventaris nie. Dié suigklanke is stemloos en die [k] vorm die basis daarvan. Foneties word die klanke soos volg weergegee:

[/] soos in [/gib] : "maanhaarjakkals"

[≠] soos in [≠gob] : "springhaas"

[!] soos in [!gani] : "pad"

[//] soos in [//gami] "water"

Dit is baie opvallend in die spraak van die respondente dat die fyn onderskeidings by die vorming van die suigklanke nie meer gehandhaaf word in KT nie. By die uitspraak van 'n woord soos [n!gu] sal 'n bepaalde respondent

byvoorbeeld die suigklank [!] laat hoor en by 'n ander gebruik geval van dieselfde woorde weer [//]. Daar is dus baie onvastheid op hierdie gebied. Vir die doel van hierdie studie word alle suigklanke slegs met een dekkende suigklankteken, nl. [!], weergegee.

3.4.1 Plantname

Uit die aard van die saak sal daar op hierdie gebied baie woorde wees wat uit die Khoi-taal oorgeneem is. Die veewagter is in die veld gebore en het daar grootgeword. As sodanig het hy 'n goeie kennis van die veld gehad.

Soos vroeër aangedui, het respondente se uitsprake in 'n groot mate gewissel en het ons in baie van onderstaande gevalle te doen met vervormde en getransfonemiseerde vorms.

barroe [baru] : Dis 'n skurwe, melkagtige bol wat sy kos onder die grond gee. Dié plantsoort gee blykbaar 'n groot blaar wat "bobbejaanoor" genoem word.

ghaap [ga:p] : Dis 'n bekende, kort vleesagtige plant. Dit het 'n koel waterige smaak en word dikwels gebruik om die dors in warm velde te les. Dis baie bekend aan die respondente.

kambro [kambro]: 'n patatagtige plantsoort.

kanna [kana] : Dié vorm is heel waarskynlik verafri=kaans. Volgens baie respondente is die kannawortel vroeër gebruik om rookgoed van te maak.

kannies : Alhoewel sommige respondente die mening huldig dat die "kannie" dieselfde soort wortel aandui as die "kanna" is daar tog sprekers wat 'n onderskeid tref. Volgens lg. groep staan die "kannies" ook bekend as die "jakkalsbos". Dit groei aan die melkbos se wortel en as dié kos ryp is, is die kleur daarvan baie pragtig. Dié wortel word nou nog op sy Khoi-naam genoem.

ntgaikee [n!aice] : 'n Soort eetbare uintjie.

ntgomsganna [n!omsxana] : 'n Soort kandelaar; skurwe, dik ronde lote soos 'n botterblom met kort dun pennetjies daarop.

ntorregaang [n!orəxɑ:ŋ] : 'n Soort swam op sommige plantsoorte.

ontsiama [ontsiha:mə] : 'n Soort plant wat plat op die grond groei. Dikwels word dit vir veekos gebruik.

swartbekdgibbiebos: 'n Soort bos met 'n aangename reuk.

tkaboom [!abom] : 'n Soort bos

tkarratkoei [!ara!ui] : 'n Soort vyebos. Die bos staan ook bekend as "meisiemens-hardloop". Die Afrikaanse benaming is baie interessant want "tara-s" beteken "vrou"/ "meisie" in die Khoi-taal.

tkebiebos [!əbibɔs] : Fluitjiesbos.

tkeina [!əina] : Peperbos.

tkoena [!kuna] : 'n Soort bossie wat baie maklik brand, al is dit ook nat.

tkounebie [!əunəbi]: 'n Bossiesoort; volop in dié kontrei.

tkooi [!koi] : Rooivyebos; veral geskik vir vuurmaakhout.

tnoroga [!nɔɾɔxɑ] : Die blom van die kannies.

tkorroë [!ɔru] : Ook bekend onder sy Afrikaanse naam, n1. "hotnotskool".

tkoubie [!əubi] : 'n S1ymwortel.

tkouroebos ['lœ urubɔs] : 'n Soort bossie wat aan die meeste Namakwalanders bekend is. Dis gewoonlik weiding vir die vee.

3.4.2 Diername en ander woorde wat met die veldlewe in verband staan:

gamma [xama] : 'n Bakoorjakkals.

gōrra [xɔra] : 'n Plekkie waar water uitsyfer, veral in 'n rivierbedding.

ntkan [n!an] : 'n Klipkoppie vol gate en tonnels waarin dassies hou.

ntgwa [n!wa] : 'n Klipperige rant waarteen vee veral wei.

ntgoeroetjie [n!guruci] : 'n Klein koppie met lossiger klippe.

ntgie [n!gi] : Die maanhaarjakkals.

ntgortota [n!ɔrtota] : Die bloukopkoggelmander.

tetoetoe [tətutu] : 'n Koggelmander met 'n bruin agterlyf.

tgnabbera ['!gnabəra:] : 'n Bruin-en-wit akkedissie.

tgón-tgón [!xón-!xón] : 'n Klein swart akkedissie.

tkamma [!amɑ] : Die draaijakkals, gewoonlik 'n bedreiging vir die vee.

tkōnna [!ónɑ] : Dis syferwater waarvan die bron net aan sekere persone of diere bekend is.

tkorteman [!örtəman] : 'n Akkedissoort.

3.4.3 Huishoudelike woorde en uitdrukkings

Miskien het die Khoitaal nêrens so 'n blywende invloed soos juis op die gebied van huishoudelike woorde en uitdrukkings nie. Die woorde en uitdrukkings kom somer so spontaan in die taalgebruik te voorskyn en is dikwels die toevlug vir die Namakwalander as die gewone Afrikaanse woord hom ontgaan het, of as dié se uitdrukkingskrag swakker is. Dit word miskien die beste geïllustreer deur die volgende voorval wat 'n respondent die navorser meegedeel het:

Dit was nog altyd die gewoonte by veral die oumense van Namakwaland om babas op hulle ruê te lê, die beentjies in en uit te stoot in 'n poging om die kind oefening te gee. Hulle het dan gesê dat hulle die kind sterk maak,tkoekeirie, soos dit in die Khoi-taal bekend staan.

Die woord is so algemeen bekend en het gaandeweg so diep in die huishoudelike- en omgewingstaal gevestig geraak, dat 'n Metodisteleraar van Durban, wie se huistaal Engels was, onlangs tydens sy afskeidswoorde aan die gemeente op Kharkams die volgende gesê het: "Namakwaland, met al sy teenslae en opdraande, het my gedurende my werk alhier so "getkoekeirie" dat ek redelik sterk voel vir die pad vorentoe."

Die volgende uitdrukkings en woorde is nog deel van die alledaagse, lewende taalgebruik van dié groep respondente:

bokntōng [bɔkn!ɔŋ] : Harde winddroog gemaakte vet van 'n bok wat dikwels as velroom gebruik word.

getkei [xə!əi] : Om gebukkend te staan; iemand staan "getkei".

tkam [!am] : By die uitspraak van hierdie woord is die verskillende suigklanke moontlik betekenisonderskeidend.

Die respondente het o.a. die volgende betekenis aan dié vorm geheg: "vasknyp"/"vassit":

"Ek vat die bokooi aan die agterbeen en tkam die poot tussen my knieë." Ook in:

"Die vet tkam aan my verhemelte."

"aanstoot": "Ek het tkam gekry."

"lig": "Vat 'n vuurhoutjie en tkam hier."

sabba [saba] : 'n Soort weersomstandigheid, gewoonlik mistigheid, wat die wêreld koud maak. Dié woord word werkwoordelik gebruik: "Hoe sabba die weer dan vanoggend so?"

soeroe [suru] : Dié woord verwys na die gebruik om alle oortollige vette, vliese en velletjies van 'n vel af te skuur met 'n growwe klip. Die vel word dan "gesoeroe".

gabba (-goed) : Dit verwys na koppies, bekers:
"Vat dié gabba (-goed) kombuis toe."

ntgaboe/ntgouboe [n!abu] / [n!œubu] : Dié woord wissel dikwels in die uitspraak en beteken "oninteressant", "onsmaaklik" ens. Die woordbetekenis word feitlik op enigiets toegepas, bv. koffie kan "ntgaboe" smaak of 'n kledingstuk kan "ntgaboe" sit aan iemand. Ook 'n geselskap kan beskryf word as "ntgaboe" (= oninteressant). 'n Enkele gebruik is ook teëgekome waar dié woord "agteraf" beteken: "Sussietjie het toe alles gaan vertel, want sy is mos van daardie dae af baie ntgaboe."

tkirie [!əri] : Oud maar sterk. Dit kan ook na 'n persoon verwys en word adjektiewies gebruik.

tkoei [!ui] : Dis 'n adjektiewiese vorm om 'n jong kind wat al vryerig begin raak te beskryf.

ntgōmsgom [n!ɔmsxɔm] : Dis die gedeelte aan die kop waar die dier kopaf gesny word. Wanneer dit later afgesny word, word dit gewoonlik aan die kinders gegee om op die kole te braai.

tkaau [!au] : Om langtand te eet omdat iets nie smaaklik is nie: "Hoekom tkaau jy dan die kossie so?"

ntgaira [n!aira] : Dié woord word adjektiewies gebruik om 'n persoon se lewensomstandighede te beskryf as dit eenvoudig of ellendig is.

ntgoe [n!gu] : Dikwels word hierdie woord werkwoordelik gebruik: "Hoe ntgoe jou elmoë dan so?" Dit verwys dan na die vorming van 'n skurwe kors op bepaalde dele van die liggaam, byvoorbeeld die elmoë, hakskene ens. Dié woord is ook opgeteken waar dit as adjektief gebruik is: "Jou voete is ntgoe."

ntwangweer [n!va:ŋver] : 'n Soort weer wat, volgens bygeloof, aandui dat iets gaan gebeur, bv. iemand gaan sterwe. Dis ook as werkwoord opgeteken: "Vir wie ntwang die elemente dan so?"

tkoe-ie [!uhi:] : Eensaam, maar nie gewone eensaamheid nie. Dis 'n intenser woord wat dikwels verwys na 'n

alleenheid wat seermaak."

"Ek vra mos dan die Here dat ek nie tkoe-ie kry nie."

tkou [!æu] : Om iets met iemand te deel:

"Sal jy vir my ook tkou?"

tkabba [!aba] : Dié vorm verwys na "doodgaan" as gevolg van te maer wees. So sal 'n bok dan "tkabba".

Moontlik is dit onder die invloed van hierdie konstruksie dat die konstruksie "Hy het gedood", ontstaan het, 'n konstruksie wat heel dikwels in die respondente se taalgebruik waargeneem is.

tkaja [!aia] : 'n Pondok. Dié betekenis is baie algemeen bekend in dié geweste en verwys gewoon na die huisie wat in dié veld is, by die vee. Dit word dan gewoonlik teenstellend met "huis", uitgespreek [hy:s], gebruik wat die gewone verblyfplek is.

tkamkoe [!amku] : Iets kan "tkamkoe" (= lekker) smaak.

tkna [!na] : Vol: "Ek is tkna geëet."

tkom [!om] : Om siek te word: "Gert het skielik getkom."

tkoeriam [!uiam] : Vasmaak, veral 'n matjie vir die matjieshuis. Die vorm "tkoeriamtou" kom ook dikwels voor.

tkoe [!u] : Om nie te weet nie: "Jy tkoe nooit iets nie."

tkwa [!wa] : Hierdie woord toon 'n hoë gebruiksfrekwensie, moontlik as gevolg van sy meerduidigheid:

"Die bok het tkwa (= met sy kop reg na my) loop staan."

"Op die koringland moet jy nie heeldag staan tkwa (= onder die hand deur na die son kyk) nie."

tkai [!ai] : Vasmaak: "Ek tkai sy bek", verwysende na die bou van 'n matjieshuis.

tkaukind [!aukənt] : Die jongste kind, die laatlammetjie.

tkwanaka [!vanaka] : 'n Els, veral om matjies mee te vleg.

tnorro [n'ɔɾɔ] : Agterkop.

3.4.4 Plekname

Die feit dat daar nog so baie plekke, nedersettings en plase in Namakwaland is met hulle oorspronklike Khoi-name, is 'n bewys van hoe die invloed van die taal deur-gewerk het. Hier word 'n paar daarvan verstrekk soos wat dit tydens die onderhoudsvoering ter sprake gekom

het. Vir die juistheid van die betekenis, soos deur die proefpersone verstrekk, kan die navorser nie altyd instaan nie.

Droëdap: 'n Plaasnaam. Respondente het aangevoer dat dit 'n vervorming is van die oorspronklike Khoi-woord: tkourodap [':œurɔdap] = droë mis.

Gamoep: 'Sout water'

Garabes: Dit is die naam van wyle mnr Jakob Links se plaas in die kontrei. Dikwels word die naam ook uitgespreek as Gorabes sodat ons eintlik hier met wisseluit-sprake te make het. Nienaber wys op 'n interessante vervorming van die naam wat plaasgevind het t.o.v. die pleknaam "Grappies", 60km suidoos van Springbok. Die naam word dikwels in verband gebring met die gesellige lewe van die voorposbewoners by 'n waterplek en word dikwels as suiwer Afrikaans gereken. Nienaber wys egter daarop dat "Grappies" nie Afrikaans is nie, maar 'n getransfonemiseerde vorm uit die oorspronklike Garabes/Gorabes. Die juiste Afrikaanse naam vir Gorabes sou "Graafwater" wees, en sodanige naam bestaan ook as pleknaam in die omgewing van Vanrhynsdorp. Gorabes/Garabes beteken dus "plek waar syferwater ('gora') gegrawe is".

Kamiesberg: Baie respondente is die mening toegedaan dat Kamies["] oorspronklik beteken "bymeekaarkomplek". Nienaber en Raper (1979:624) is die mening toegedaan dat dit "Grasveldberg" beteken. Volgens hulle bronne word "gras" in Kora opgegee as lkām wat in die Khoi-taal as kam gerealiseer word. Die ou vorm sal dus kami- ge-wees het, en die -s is die lokatief, d.w.s. dit is "die plek van die Grasveld".

Kamieskroon: Daar is deur respondente meegedeel dat kamies- uit die San-taal kom en beteken "bondel". Moontlik 'n verwysing van die bondel berge. Een van hierdie pieke het 'n formasie wat lyk soos 'n kroon: dus Kamieskroon, die kroon van die bondel berge.

Kapkap: Dis 'n plek in die Boesmanland. Interessant is dat die kap-kap-vorm niks met die Afrikaanse ww. "kap" te doen het nie, volgens vertellings. Die oorspronklike Khoi-samestelling was "tghap-tghap" en het beteken rivier-rivier, moontlik 'n verwysing na die breë rivier wat dikwels oorgesteek moet word as jy ooswaarts beweeg.

Kharkams: Die betekenis wat deur respondente genoem is, is "vlakwater", "springwater", "fontein". Dat die pleknaam met water in verband staan, is blykbaar seker.


Kheis: "Woonplek" ook "leeg", "kaal", "vaal" en "droog".

Komaggas: Dis 'n sendingstasie, sedert 1936 van die N G -kerk. Respondente het aangevoer dat die naam beteken 'bruin plek'.

Nababeep: 'Renosterplek'.

Okiep: Sommige respondente voer aan dat dit 'sout' of 'brak' beteken, terwyl sommige 'groot brak' as die betekenis aangegee het.

3.4.4.1 Slotopmerking



Uit voorafgaande blyk dit duidelik dat die Khoi-taal 'n baie noue kontak met die Afrikaanse taal in hierdie gebied moes gehad het. Die feit dat so baie woorde en uitdrukkings, sowel as plek- en plaasname, nog vandag in die dialek voortbestaan en deel is van die lewende taal, is 'n bewys van dié blywende invloed.

3.5 Die invloed van Engels op die leksikon

Opmerklik is dat ons in die Kharkams-streek relatief min Engelse invloed aantref wat op dié taal ingewerk het.

Selfs al het die dorpie die afgelope aantal jare predikante, veral van die Metodiste-kerk, gehad wat van huis uit Engels-sprekend was, het die toedrag van sake nie baie verander nie.


Soos vroeër genoem, is faktore wat in dié opsig 'n rol gespeel het, skynbaar die geïsoleerdheid van die streek, die afwesigheid van Engelse koerante, Engelse sakeondernemings en ander massa-media soos die televisie.

In die gevalle waar Engelse woorde wel in die leksikon gekom het, is dit moontlik oorgeneem vanweë die kortheid daarvan teenoor die omslagtige vorm in Afrikaans. Dikwels word Engelse woorde ook oorgeneem omdat die Afrikaanse vorm nie bestaan nie of onbekend is. Verder word daar deesdae, vanweë die minder geïsoleerdheid van die streek en die stadskontak 'n groter mate van die beïnvloeding aangevoel, veral t.o.v. die taal van die jonger sprekers.

In die meeste gevalle waar Engelse woorde in die respondente se spraak voorgekom het, is sodanige woorde se uitspraak verafrikaans, m.a.w. dié woorde is getransfonemiseer. Van die bekendste voorbeelde wat opgeteken is, is:

<u>ENGELS</u>	<u>KT</u>
All right	[ɔrait] ook [ɔra:it]
dress	[dres]

matches	[mɛɪçɪs]
machine	[məʃɪn]
polish	[pɒlɪʃ]
stamps	[stæmps] / [stɛmps]
try	[tra:i] x [xətra:i]
job	[jɒp] x [jɒpi]
worry	[wɒri]
envelope	[ɛmlə:p] / [ɛmləp]
mix	[mɪks]
phone	[fəʊn]
traveller	[trɛvələ:r]
bicycle	[baɪsɪkəl]
fix up	[ɪp'fɪks]
tyre	[taɪə]
bother	[bɒðə]




Die navorser gee nie hiermee te kenne dat bogenoemde lysie woorde al Engelse woorde is wat ingewerk het op die kontreiese leksikon nie. Die bedoeling was eerder om die aard van die woorde wat oorgeneem is, te illustreer.

3.6 ARGAÏSMES

Dit is 'n natuurlike verskynsel in taal dat baie woorde verdwyn namate die 'sake' of 'dinge' waarop die woorde be=

trekking het, verdwyn. So weet baie min AB-sprekers vandag nog wat 'n snuiter of 'n konfoor is, omdat hierdie gebruik= artikels uit die moderne bestaan verdwyn.

Soos reeds aangedui, het die mense in hierdie navorsingsgebied jare in 'n groot mate 'n geïsoleerde bestaan gevoer. Sosiale, tegnologiese en kommunikatiewe vooruitgang was die gebied net nie beskore nie soos Redlinghuis in sy studie oor die gebiede tereg aandui (1981). Voorts is dit ook belangrik om te onthou dat randgebiede in sekere opsigte baie konserwatief is. Dit is dus te begrype dat ons in so 'n opset nog woorde en uitdrukkings sal aantref wat òf aan die verdwyn is in die AB òf selde gebruik of gehoor word. Hieronder volg etlike voorbeelde wat die soort woorde verteenwoordig wat in hierdie kontrei beware gebly het:

- 
- blootvoet: Kaalvoet
briekblok: Deel van 'n wa of donkiekar.
duim: Ou lengtemaat.
dit: In dié kontrei is die ou Nederlandse aanwysende gebruik nog algemeen onder die ouer sprekers.
"Soos dit man kan grap maak."
had: Dikwels word hierdie vorm gebruik i.p.v. "het gehad".

Die volgende gebruike is opgeteken:

- "Ek had dit toe al."
"Ek had toe 'n maag ('n maagkwaa)'.
"Ek had geen hulp."

"Ek had dit gehet."

"Ek had hom gehad."

jaart: Ou lengtemaat.

kapater: 'n Gesnyde manlike bok.

krank: Siek: "Hy is mos krank."

kros (< karos): 'n Toemaakding, vel, kombers.

lunspennetjie: Pen deur die punt van 'n luns.

lunsriem: 'n Riempie wat deur 'n gaatjie in die punt van 'n lunspen kom sodat die luns nie uitval nie.

maanhaar: Rif in die middel van 'n uitgeryde grondpad.

ogenblik: Hierdie Nederlandse vorm kom dikwels voor in baie respondente se taalgebruik;

"Op die oogenblik is al my vee mos in Tweerivier."

oondbrood: Brood wat in die oond gebak is.

ontskoot: Iets nie kan onthou nie:

"Die kinderse se geboortedatums is my nou ontskoot."

passede: Verlede:

"Passede jaar het ons goeie oes gehad."

potbrood: Brood wat in die pot gebak is.

pond: Beide die betekenis van geldeenheid en gewigsmat leef nog voort in hierdie kontrei.

sinkplaatpad: Grondpad wat vol riffels is.

skepel: Inhoudsmat: 'n Skepel koring.

- tata: Vir "pa".
- trippens: Ou geldeenheid; dikwels deel van idiomatiese taalgebruik.
- vaam: Lengtemaat, gewoonlik die lengte van die uitgestrekte arms. Die woord het oorspronklik ontwikkel uit "vadem" en is as sodanig 'n gesinkopeerde vorm: "'n Drievaamse matjie."
- verwulpsel: "Wulp" is 'n wisselvorm van "welp" in Nederlands:
"'n Hele verwulpsel van jakkalse was in die gaat."
- winkelhaak: Dikwels ook saamgetrek tot [vɔŋkla:k]:
'n Reghoekige skeur in klere of materiaal.
- wis: Dié over vorm word dikwels gebruik in plaas van "geweet":
"Ek wis toe nie hy het die bok geskiet nie."

DIE SINTAKSIS

Wat die sintaksis van die KT betref, moet daarop gewys word dat daar in die breë geen verskille is tussen sintaktiese patrone van AB en KT nie. In sy studie, wys De Klerk (1968:121) tereg daarop dat dialektiese verskille in die Afrikaanse sintaksis slegs die kleiner kategorieë raak vanweë die beperkte morfologie van Afrikaans. Dit maak die sintaktiese struktuur baie vaster.

Verskynsels wat hieronder genoem en bespreek word, word dus in eerste instansie nie vanweë hulle vreemdheid in die Afrikaanse sintaksis bespreek nie. In hoofsaak gaan dit ook hier om die hoër gebruiksfrekwensie van die verskynsels in die KT-sintaksis sowel as die mate van moontlike Khoi-ïnvloed waaraan KT blootgestel was.

4.1 Enkele woordsoortelike verskille tussen AB en KT

4.1.1 Verbalisering van die preposisie:

In AB is sinne soos die volgende algemeen gebruiklik:

"Ons is toe die bult uit."

"Ons is toe laas by Julie ook aan."

"Die donkies is toe oor die kop."

Die bo'jaan (= bobbejaan) is toe deur die land."

Bostaande sinne is gebruiklike sintaktiese konstruksies in Afrikaans. In KT is dit opvallend dat die preposisie baie dikwels geverbaliseer word, sodat bostaande sinne in die taalgebruik van die respondente soos volg voorgekom het:

"Ons is toe die bult geuit."

"Ons het laas by Julie ook geaan."

"Die donkies het die kop geoor."

"Die bo'jaan is toe die land gedeur."

"Dis net daar waar die wa geaf het."



Hierdie verskynsel is 'n verkorting van die sinsvorm en is 'n baie frekwente sintaktiese patroon in KT. Die voorsetsel word agterop geplaas in die vorm van verlede deelwoorde.

4.1.2 Verbalisering van die substantief.

Sinne soos die volgende is algemeen deur respondente gebruik:

"Wat storie Elias-goed?"

"Hoekom het julle ons nie getyding van julle komis nie, dan kan ons mos 'n vleisietjie reggehou het."

"Nou laas, die jaar met die mooi reënse, het die bokke taamlik getweeling en gedrieling."

So vaam ons hom af, vaam ons hom as hy klaar gesteeek is."

"Vandag se lewe kan ons oumense mos nie verstaan nie, want die vleis word dan geskaal."

"Ons is met die vaaldag weg, skaars geskottel."

"My kinders kom dan nou mos nie meer nie, maar ek is vrede."

"Wat bokwerk jy so?"

"Vandag se kinders rede mos met jou."

4.2 Die uitdrukking van ontkenning

Baie opvallend in die spreektaalgebruik van die respondente is die weglating van die tweede lid van die ontkenningskonstruksie. Sinne soos die volgende is baie frekvent opgeteken en teëgekomp:

"So het ons nou gekon maak toe ons nog dan nou nie so sleg was."

"Ja, ons slag nog self, maar ons het dan mos ook meer niks."

"Die Raad, of wie dit nou is, weet ek nie, maar het so afgevat dat ons nie meer 'n donkie het."

"Nee my broerkind, laat ek tog maar sê dit gaan aan, deur Gods goedheid, want jy moet sê dankie as jy dié wasdom is as die Here so laat dat jy nie op die kussing lê ..."

"Bene is mos seer dat jy nie kan trap."

"Ons het nie so swaar klaargekom. Vandag is die stukkie vleis so duur dat jy hom nie kan betaal."

"Ja, ek het mos nie van my man sla gekry."

"Hulle is mooi, maar hulle is darem nie daardie jaar s'n."

"My kind, hy is so lelik dat jy geheel nie moet van hom praat."

Daar moet beklemtoon word dat teenoor dié sinne met die weggegate tweede ontkenningpartikel daar ook heelwat sinne opgeteken is onder die respondente waarin die tweede partikel wel voorkom m.a.w. die weglating kom nie konsekwent voor nie. Voorbeelde is o.a.:

"Toe's hy se twee voete al twee af. Maar daar lê hy mos nou. Maar die man is weg. Maar wie is dit nou. Niemand weet nie."

"... want ek het voor die Here nie geval nie."

"Maar ek weet mos dan nie of't hy is nie."

Hierdie groot mate van inkonsekwentheid t.o.v. die dubbele ontkenning kan moontlik herlei word na die posisie in die Khoi-taal. In Nama is daar twee ontkenningsspartikels: tama en tite. Hiernaas het die vorme ta en te ook bestaan wat verkorte weergawes was van die bogenoemde volle vorms. Dit kom dus daarop neer dat ons vier vorms kon aantref. Daar het geen verskil bestaan tussen die variante tite x te nie sodat daar dus eintlik drie vorme was, nl. tamá, ta en tite/te.

Nienaber (1965: 34) wys daarop dat dié partikels sintakties verskillend opgetree het in die Khoi-taal: ta is altyd pre-verbaal gebruik, terwyl tamá, tite en te post-verbaal gebruik is. Laasgenoemde drie toon 'n baie hoë gebruiksfrekwensie in die Khoi-taal en Nama in die algemeen. Die volgende sinne wat 'n Woord-vir-woord-vertaling is van Namasinne uit die Bybel illustreer hoe die negatiewe tamá, tite en te gefunksioneer het binne sinsverband om 'n sin te ontken in die sintaktiese patroon verbum + (neg):

(Die broer van die Verlore Seun): "En hy het gedoen kwaad-wees en ingaan wou nie daar."

(Gehuurde arbeiders): "Vriend jy, sleg ek mos behandel-jou-nie."

Hierdie sinne is voorbeelde van neksale ontkenning, m.a.w. die sin as geheel word ontken. Daarnaas tref ons nog spesiale ontkenning aan wat soos volg in die Nama-taal gewerk het:

"So jy mag nooit handel nie."

"Nooit jy moes gaan nie."

Interessant t.o.v. lg. voorbeelde is dat saam met die spesiale negasie, vertaal met die partikel nooit, verskyn ook die post-verbale neksale ontkenning. Nienaber (1965: 36) toon aan dat die tweede partikel hom as't ware insing in die ontkenningskonstruksie in die Nama-taal en het later 'n vaste struktuurpatroon geword. Dit is juis in hierdie "dubbele" vorm van ontkenning dat Nienaber die post-verbale nie (nie²) in Afrikaans wil verklaar. Hy wys daarop dat wat die nie² betref, hier sprake is van struktuuroordrag. Mettertyd het hierdie nie² 'n eie nuanse ontwikkel van o.a. afronding en saambinding. Die gebruik van nie² is verder verstewig deur die skryftaal en is ook later gebruik as 'n bewys vir Afrikaans se eiesoortigheid in sy stryd teen

Nederlands, aldus Nienaber (1935: 36).

Daar moet beklemtoon word dat die "nie ... nie"-konstruksie in Afrikaans nie 'n nabootsing is van die Nama-struktuur nie. In nexale verband ontken Nama net een keer met die enkelvoudige "tamá, "títe" of "te", sonder herhaling. Ook moet bygevoeg word dat die nie¹ in Afrikaans nie verband hou met Nama nie want dit is te verklaar in terme van Afrikaans se Germaanse geskiedenis. Dit is sintakties onbevloed en kan tereg beskou word as erfgoed uit Nederlands. Maar dat die nie², met sy hiaatvullende funksie, verband hou met Nama is seker nie te betwyfel nie, volgens Nienaber (1965: 37).

So het die twee konstruksies dus langs mekaar bestaan in die Khoitaal en is dikwels wisselend gebruik. Dit is dus insiggewend dat die KT ook hierdie wisselende gebruik by die ontkenning openbaar. Dis moontlik te verklaar in terme van die noue kontak wat die bepaalde dialektiese gebied met die Khoi-taal gehad het.

4.3 Die agteropplasing van dit wat as belangrik in die sin aanvoel word

Hierdie verskynsel hou moontlik verband met die feit dat die spreker intuïtief 'n bepaalde deel in die sin as belangrik aanvoel, daarom word dit geïsoleer deur agterop-

plasing. Op dié wyse dra die element 'n swaarder aksent as die res van die sin. Die volgende sinne is in hierdie verband opgeteken:

"Het jy dit al gaan koop my kind, die lampolie?"

"Die een se huis sit hier en hy is mos goewerment se mense. Die ander weet ek nie waar hy is nie, Jakob."

"Dit het ons nie geken nie, nie eens onse voorgeslagte wat voor geloop het nie, die slegtigheid nie."

"Daar het ek toe vir baie jare onder die boere gewerk en gebly, en later getrek kom ek en die oumens."

"Dis net behalwe hier Krisjan wat ek by bly, die k relkind en die jongstetjie wat nie getroud is, het gesterwe, B rend."

Di  verskynsel is nie vreemd in AB nie, maar val in KT baie sterk op juis vanwe  die ho  gebruiksfrekwensie.

4.4 Herhaling en stapeling

Ook di  kenmerk val in die KT sterk op. Dikwels word 'n woord of woordgroep in 'n sin of in 'n daaropvolgende sin herhaal, woordperfek of met variasie. Uit die verbande

waarin hierdie sinne gebruik is, is dit duidelik dat die doel tweërlei van aard kan wees: om te aksentueer en om affek uit te druk. Heel dikwels word die repetisie aangewend vir die doel van nadere omskrywing:

"Hulle het geslag, die trop vee is geslag."

"Ou Goedjie, ou Piet Links se vrou, Goedjie, het tot daar aangekom."

"Ek was 'n vrou wat in my huis geld maak uit my hand uit, uit my hande uit."

"Dit is my oudste, my heel oudste wat toe die Links het ..."

"So sononder, toe die son nou wil sak en ons het hom net neergelê."

"So, die Here het my die uur gegee dat die dood ons geskei het, soos ek die Here gevra het. Ek het die Here so gevra."

"Dis mos nou 'n siek, 'n soort siek wat hulle sê krematiek."

"Voorheen was ek mos, soos dit gewees het, in die voortyd ..."

4.5 Die oormatige gebruik van "en", "nou" en "toe" as konjunksies

4.5.1 En

In AB is en een van die verbindingswoorde wat baie frekwent aangewend word om sinne of sinsdele wat bymekaar hoort, newskikkend saam te voeg. Die gebruik van en in die KT val dan ook om dié rede op nl. dat dit 'n baie hoë gebruiksfrekwensie toon, maar heel dikwels ook met ander funksies. Dikwels word dié voegwoord in KT gebruik om sinne wat glad nie met mekaar verband hou nie, te verbind. Dis ook baie algemeen in die sinskonstruksies dat en bloot as stoplap gebruik word.

"En die ander kinders moet onse vaders kyk. En ek het vir haar opgepas. En sy het twee seuns gehad en ek was 'n enkele meisiekind in die huis toe. En later was hulle so kwaai met my."

"En die son is warm. En ek dink; ek is mos breek, glo. Ek sit my hoed so op my bakkies vir die son. Ek lê ... Ek kan mos nie breek wees. En ek spring weer."

"En ons het ons eie stukkie vleis geëet en ons ken 'n skaalvleis nie."

4.5.2 Toe

Ook hierdie bindwoord val op vanweë die hoë gebruiksfrekwensie in die kontrei. In AB het die woord as verbindingselement heel dikwels 'n tydsaanduidende betekenis, soos in die volgende sinne waar dit beteken:

"in", "op daardie tyd":

"Hy het toe maar gekom."

"Daar was toe nie self aan te smeer nie."

In KT word toe as skakel gebruik sonder dat dit werklik 'n spesifieke betekenis dra en kom baie dikwels voor in die geselstaal van dié respondente:

"Toe het hy gesê 'nee'. Toe het ek eers met die sinkding gesukkel, dat hy dan daarin kom. Toe hy die Kaap vat wat hy deurgespring het wat hy die werk gekry het op die 'nurse job', toe het hy geskrywe hy wil 'n gebou hê ..."

"Toe dink ek; mense wat praat die ou man nou? Maar soos dit is, ek is mos vaak, dis mos ploegtyd. Toe het ek bietjie wyd geloop, wyd. Toe sien ek maar dit is darem soos Meester gesê het."

"Ja, toe sê hy ek moet hom kom optel en dra en ek moet hom neerlê. En toe't ek aan hom vat, toe voel ek mos hierdie asem is mos 'n ander asem."

"Toe roep hy my en dit was toe die weggaan van my af."

"Nou toe hy omkom, toe sien hy die kar, maar hier staan die kar mos nog. Nou toe trek hy so effentjies af en toe hy nou aftrek toe skreeu ek. Toe houstil hy en hy kom,"

4.5.3 Nou

Wat hierbo gesê is omtrent "toe" geld ook vir die bindwoordjie "nou". Ook dié woord het in AB temporale betekeniswaarde, maar word so oormatig in KT gebruik, dat die temporale betekenis in baie gebruiksgevalle vervaag. Die gevolg is dat die woord dikwels ook maar soos "en" en "toe" 'n stoplap in die spreektaal word. Voorbeelde van stukkies opgetekende spraak waarin dié oormatige gebruik na vore kom, is die volgende:

"Nou moenie dat daardie dae by julle aankom nie. Kom ... ek is, julle weet mos nou ek is nou alleen ..."

"Nou vat ek die else, nou vat ek die klip, nou trap ek hom vas. Nou ry ek hom in, ry ek hom in ..."

"Nou ja, maar as ek nou moet los dan sê die nôi: 'Ou Aia loop vat die potte en dan skuur jy die potte. Nou as ek die potte klaar geskuur het: 'Ou Aia dan moet jy nou kom en maak die velle nat en dan brei jy. Nou ja, nou moet ek die slaai loop vat."

4.6 Die skakelwerkwoorde

In AB is die gebruik van die werkwoorde lê, loop, sit en staan as skakelwerkwoorde baie algemeen. AB het in 'n groot mate nog die en in die hendiadis-konstruksie behou sodat sinne soos die volgende met die bindpartikel algemeen bekend is:

"Hy sit en lees."

"Hy lê en speel."



In KT kom dit baie frekvent voor dat die bindpartikel "en" uit die konstruksie verdwyn en die twee werkwoorde onmiddellik langs mekaar optree. De Klerk (1968:135) postuleer dat dié verskynsel blykbaar aan die verdwyn is oor die groter spraakgebied van Afrikaans en waar dit nog aange-tref word, is die voorkoms daarvan sporadies. Dié gebruik van die skakelwerkwoorde is egter 'n uitstaande kenmerk van KT, soos blyk uit o.a. die volgende opgetekende gevalle:

"Daar het my ma my loop neergesit."

"Daar het ek my oë loop oopgemaak."

"Ek het toe daar loop kalwer opgepas."

"So het ek oor die jare gelê aankom."

"Ons het op dié manier gelê sukkel en so gekom aankom."

"Hy het my in die bakkie loop neergesit."

"Daar het hulle my in die hospitaal loop neergelê."


"So het ons koring loop geoes by die boere."

"Hy het net sy pa kom gegroet."


"Ons had ook mos maar laat geploeg."

Die volgende boomdiagramme illustreer die werking van skakelwerkwoorde in KT en AB onderskeidelik:

KT



AB



Wat hier opval, is die plasing van die ge- en daarom verskil die hoofwerkwoorde in die onderskeie weergawes.

Dié tipe konstruksie is baie algemeen in KT en hang moontlik saam met die feit dat werkwoorde soos groet, ploeg, neersit aangevoel word as dié dele wat die kern van die sinne vorm; met ander woorde, hoofsaak is vir die spreker dat dan gegroet is, byvoorbeeld, en nie dat daar gekom is nie.

Dié skakelwerkwoord-konstruksie is, soos aangedui, baie produktief in die KT. Trouens, in die Afrikaanse taalgeskiedenis is die vorme al baie oud. Reeds in Mnl. word die werkwoorde staan, sitten en ligghen paratakties deur middel van ende verbind met ander werkwoorde: Ie sta ende wachte (Ek staan en wag Ek staan wag), Hi sat ende at (Hy het gesit en eet Hy het sit eet). Dit moet daarop gewys word dat dié konstruksies sonder die partikel reeds in 17de-eeuse Nederlands frekwent voorkom en nog bewaar is in sommige van die moderne Nederlandse dialekte. Dit kan dus wees dat ons hier in die KT 'n vorm van die werkwoord het wat oorgeërf is uit die 17de-eeuse taalstadium.

4.7 Die Pronomen

4.7.1 Geslag by die pronomen

Ponelis (1978: 58) wys daarop dat die voornaamwoord in Afrikaans 'n tweërlei verwysingsfunksie kan hê, nl. deikties (buitetekstueel) en anafories (binnetekstueel). Onder

deikties verstaan hy dan die regstreekse verwysing na die een of ander aspek van 'n gespreksituasie en dit kan aan die hand van die volgende voorbeelde geïllustreer word:


"Het Ouma en hy baie gestry?"

"Toe sê sy vir my om met die krukke te loop."

"Hoe maak jy 'n matjieshuis?"

"Dit verskil van die ronde huis."

In bostaande sinne word die referent aangedui deur die verband tussen die teks (die taaluiting wat gebruik word, bv.: "Het Ouma en hy baie gestry?") en iets daarbuite, nl. die gespreksituasie.



In tweede instansie kan persoonlike voornaamwoorde referente ook anafories aandui deur te verwys na 'n referent wat reeds binne die teks deur 'n ander naamwoordstuk geïdentifiseer is, byvoorbeeld:

"Mnr George het gesê dat hy tevrede is met my huis."

In hierdie sin vorm Mnr George en hy 'n anaforiese ketting waarin die leksikale naamwoordstuk Mnr George die antesedent vorm en die persoonlike voornaamwoord hy die anafoor.

Die persoonlike voornaamwoord hy verwys dus terug na die referent.

Na aanleiding van bostaande uiteensetting is die kwessie van geslag by die pronomene baie interessant in KT.

In Afrikaans het die geslag waartoe 'n bepaalde iets behoort geen uitwerking op die grammatika nie; die selfstandige naamwoorde vorm 'n paradigma solank hulle semanties versoenbaar is, byvoorbeeld:

"Ek het die man/vrou, kind/koei gesien."

By mense en veral groter diere word hy en sy gebruik om verskille van natuurlike geslag aan te dui:

hy

Dirk, Samuel, Pieter
man, bul, hings.

Sara, Elizabet, Dora
vrou, koei, merrie.

Ponelis (1978: 58) wys tereg daarop dat bostaande klasifikasie 'n oorblyfsel is van 'n stelsel wat vroeër alle naamwoorde ingesluit het en waardeur buigingsuitgange onderskei is as manlik, vroulik of onsydig. Dat ons in Afrikaans nog reste van dié sisteem by die voornaamwoord besit, dui op die konserwatisme wat by uitstek 'n kenmerk van die voornaamwoord is. Die enigste belang wat die geslag vir die Afrikaanse grammatika het, hang met twee

korrelasies saam:

- (a) dat daar by 'n betreklik klein getal woorde 'n morfologiese verskil bestaan tussen die selfstandige naamwoorde vir die manlike en vroulike, en
- (b) dat daar 'n anaforiese verband bestaan tussen wat deur die selfstandige naamwoord benoem word en die voornaamwoord wat die selfstandige naamwoord vervang.

Een van die opvallendste kenmerke van dié groep respondente se taalgebruik is die opheffing van die anaforiese ketting. Dit kom baie frekvent in die taalgebruik van die respondente voor dat die manlike voornaamwoord heel dikwels die vroulike vorm verdring. Dié verskynsel het hom in al die respondente se taalgebruik geopenbaar soos blyk uit die volgende voorbeelde:

"My vrou is nie hier nie; hy is in Spoegrivier."

"Hy het my gesê 'Oom' toe ek by hom gekom het. Nou jy weet dis mos 'n kind man, Elias, ou George se dogtertjie, dogter, Eletjie, en hy's mos 'n jong kind Hy's jonk, hy's jonk man, hy's jonk Meester."

"Ou Hendrik Smit se vrou. Dis mos 'n kind, 'n kind, maar wragtig, hy loop, net so. Toe sê ek hom: 'Jou naam is Kortkierie', want hy loop net so. Ek loop nog beter as hy."

"Toe had ek vir hom getrou, my vrou."

"Hy se vrou is net so ondeund soos sy man."

Dit gebeur soms dat hierdie verbreking van die anaforiese ketting deur 'n hele gesprek volgehou kan word soos blyk uit die volgende stuk opgetekende gesprek:

"Toe het ek eers met die sinkding gesukkel dat hy daarin kom. Toe hy die Kaap vat wat hy deurgespring het, wat hy die werk gekry het op die 'nurse job', toe het hy geskrywe hy wil 'n gebou het, hy wil nie ..."

(Ondervraer): "Is dit 'n seun?"

(Respondent): "Is 'n dogter. Hy wil nie, hy kan nie as hy daarvandaan kom en hy kry 'leave', kan hy nie soos my manier is, kom nie, kom huis werk en afbreek en maak. Toe het ek vir hom gesê: 'As dit jou plan is, dan sal jy kom moet nou uitwys', en daarvandaan het hy sy geldjiese so opmekaar gegooi,

opmekaar gegooi, opmekaar gegooi en hy het afgevra,
en hy het gekom met daardie geld ..."

'n Interessante verskynsel is dat die anaforiese
ketting dikwels behou word t.o.v. vreemde vrouens,
d.w.s. vrouens wat nie van die gemeenskap is nie.
Maar selfs hier is die gebruik verwarrend. 'n Res=
pondent het die gebruik van die voornaamwoord teenoor
vreemde vrouens soos volg probeer verduidelik:

"Vir my wêreld se meisies sal ek sê hy, maar vir hom
(= 'n onderwyseres wat nie van die gemeenskap is nie) sal
ek sê sy want hy is 'n sy."

4.7.2 Die affektiewe gebruik van "dit"

Al drie gebruike van dit soos deur Ponelis (1978:72)
aangetoon, om groter gevoelswaarde uit te druk as die
gebruiklike voornaamwoord, is ook dikwels in dié dia=
lektiese gebied gehoor.

4.7.2.1 "Dit" in die aangesprokene

"Dit kom darem laat vir die afspraak."

"Wat dra dit dan daar in die hand?"

(Albei hierdie sinne was gerig aan die navorser.)

4.7.2.2 "Dit" t.o.v. die derde persoon (hy/sy)

"Dit sê mos nie waarheen dit loop nie, dit loop net."

Dié woorde was die antwoord van 'n vrou toe daar na haar man, 'n respondent, verneem is. In dié besondere geval het die gebruik van dit i.p.v. hy baie duidelik haar houding teenoor haar man gesinjaleer.

4.7.2.3 "Dit" in geanimeerde verteltrant

Dikwels word dit ook aangewend om die aandag van die onderwerp af te trek en dit op die handeling te vestig:

"Het jy nie gehoor hoedat dit (= jongmense) hier watter aande was dit wat hulle hier so gewerskaf het dat dit (= polisie) geskiet het hier."

4.7.3 Vormlike aspek van besit by die pronomens

Een van die opvallendste verskille tussen AB en KT is die gebruik van die besitlike voornaamwoorde. In KT wissel dié besitlike voornaamwoorde sy en haar baie dikwels met hy se sodat besit heel dikwels op die abnormale wyse

V.nw. + se uitgedruk word, byvoorbeeld:

AB

KT

Sy donkies

Hy se donkies

Die besitlike konstruksie bestaan heel dikwels as variant vir die gebruiklike voornaamwoordelike vorm en het hom gaan verbrei om selfs die meervoudskategorieë in te sluit. Die paradigma vir KT, met al die moontlike wisselvorme sien dus soos volg daaruit:

Enkelvoudig	Attributiewe	Substantiewese	Attributiewe	Substantiewese
Onderwerps-vorm	Besitlike Vorm (AB)	Besitlike Vorm (AB)	Besitlike Vorm (KT)	Besitlike Vorm (KT)
ek	my	myne	my	my
jy	jou	joune/joue	jou	joune/joue
sy	haar	hare	haar/hy se/ sy se	hy s'n/hare
hy	sy	syne	sy/hy se	hy s'n/syne
Meervoudig				
Ons	ons	ons s'n	ons/ons se	ons s'n
julle	julle	julle s'n	julle/julle se	julle s'n
hulle	hulle	hulle s'n	hulle/hulle se	hulle s'n
u	u	u s'n	u/u se	u/s'n

Opgetekende sinne waarin bogenoemde wisselvorme voorkom
is o.a.:

"Toe's hy se (= sy) voete al twee af."

"So het hy (= sy) hy se (= haar) kinderse opgegroot."

"Die kinderse is almal hy s'n (= hare). Ek het hom
(= haar) mos toe getrou."

"Ons het van ons se eie brood klaargekom."

"In die klas huise het ons ons se kinderse groot gemaak."

"Toe sien Oompiese ek is nie reg nie, my man Samuel, maar
ons sê ..., hy se (= sy) naam, die noeming is mos maar
Oompiese."

"Daar is nou ene wat hy se (= haar) man afgesterf het."

"Julle se name had ek mos almal geveergeet, Elias."

"Sy se (= haar) man is aan die ploeg."

Hierdie vw. + se-konstruksie word in KT verder uitgebrei
tot onder soortgelyke omgewings sodat ander voorbeelde soos
die volgende ook opgeteken is:

"Nou se dae is Kharkams lelik (= onveilig)."

"Môre se week (= die week wat more begin)."

"Ek het nie eet se gedagte gehad."

Hoe sou die vw. + se-konstruksie ontstaan het? T.o.v. enkelvoudige voornaamwoorde het ons in AB nie 'n probleem nie. In AB word gepraat van: "Dis my donkie."
"Dis jou huis."
"Dis sy kos."

Dié besondere vorm van die pronomens laat die spreker van AB nie voel dat daar 'n vormlike leemte is t.o.v. besit nie.



Wat die meervoudsvorm van besit betref mag 'n leemte egter aangevoel word en daarom is dit algemeen dat dié hiaat dikwels oorbrug word deur 'n ekstra se-formans in te span: "Dis ons se donkie."
"Dis julle se huis."
"Dis hulle se kos."

Die moontlikheid is groot dat ons in KT sterk analogiewerking gekry het, nl. dat die meervoudskonstruksie wat vrywel in AB voorkom, ingeënt is op die enkelvoudsvorme soos hy + se en sy + se.

Le Roux (1923:88) wys op 'n soortgelyke konstruksie in die Khoi-taal en beweer dat die Khoi-taal kon bygedra het tot die uitbreiding van die v_{rw}. + se-konstruksie. So is daar in die Khoi-taal die v_{rw}. + di in verbindings soos die volgende:

"ti di khoiⁿ" = letterlik: "ek se vriende".

"sa di hab" = "jy se perd".

Dit moet daarop gewys word dat die Khoi-taal wel in dié opsig 'n rol kon gespeel het aangesien die inwoners van hierdie gebied van die vroegste jare af kontak met die Khoi gehad het.



4.8 Die parentese

In dié kontrei val dit op, juis miskien vanweë dié sprekers se analitiese sintaksis, dat parentetiese sinne of sinsdele heel dikwels voorkom. Dikwels het die tipe konstruksie tot gevolg dat die hele sintaktiese bou inmekaar tuimel. Dit is moontlik aan die gedagtesplitsing en ook heel dikwels aan die opgewonde verteltrant sodat die spreker nie die sintaktiese bou hervat waar die parentese ophou nie:

"En toe ek op die grond kom - dis glyk grond, net soos hierdie vloer maar daars 'n plat klippietjie, glyk met die grond - en ek loop sit."

"'n Duur tyd. Hy's onverstaanbaar. As dit nie die 'pension' gewees het - maar die Here maak mos als - die Here weet vooruit."

Die inkongruente sintaktiese bou van die sinne met parentese, is baie duidelik uit dié voorbeelde.

4.9 Slotopmerking

Uit voorafgaande is dit duidelik dat daar niks besonder vreemd in die sintaksis van die groep proefpersone voorkom nie. Wat hierbo beskryf word, geld in 'n groot mate ook vir AB. Die verskil is egter dat bepaalde sintaktiese verskynsels, soos ander taalaspekte, 'n baie hoër gebruiksfrekwensie toon in die spreektaalgebruik van die respondente, dat die KT-sintaksis 'n groter analitiese kenmerk het en dat KT sterk tekens van Khoi-invloed toon.

SAMEVATTING

Daar bestaan 'n sterk opvatting by baie taalkundiges dat Afrikaans geen dialekte het nie. Reeds in 1949 het J J Le Roux al gesê dat daar eerder van "plaaslike verskille" gepraat moet word (1949:43) ook Abel Coetzee (1958:9) het dit onomwonde gestel dat Afrikaans van ander tale verskil in die opsig dat dit geen gewestelike variante het nie.

Alhoewel daar dan in Afrikaans miskien nie van dialekte in die ware sin van die woord gepraat kan word nie, lewer hierdie ondersoek tog getuigenis van die dialektiese verskeidenheid wat in Afrikaans bestaan.

Eers is daar gekyk na die fonologiese eiensortigheid van dié onderhewige groep respondente se taalgebruik. Al die wisselings by die vokale, diftonge en konsonante is behandel. Op hierdie vlak van taalgebruik bestaan beslis 'n groter mate van wisseling as in AB. Dit blyk veral ook uit die foneties-getranskribeerde weergawe van 'n stuk Kharkamsspraak.

Op die gebied van die leksikon tref ons die opvallendste en omvattendste verskille aan tussen AB en KT. Dit is ook op hierdie vlak van taalgebruik dat die Khoi-taal 'n sterk invloed uitgeoefen het. Vgl. o.a. *die substantief + -goed-konstruksie*

(3.1.1) en *Khoi-invloed op die leksikon* (3.4).

Wat KT-sintaksis betref, is daarop gewys dat sintaktiese wisselings in die Afrikaanse spraakgemeenskap in elk geval beperk is a.g.v. die beperkte morfologiese struktuur van die taal. Sintaktiese verskynsels soos o.a. *herhaling en stapeling* (4.7.1), *die parentese* (4.8) is 'n wesenlike kenmerk van dié streektaal en die hoë gebruiksfrekwensie van dié sintaktiese middele is opvallend.

Dié verskynsels wat in die bestek van drie hoofstukke uiteengesit is, is baie duidelik waar te neem uit die monster van opgeneemde stukke spraak, waarvan uittreksels van 6 respondente se taalgebruik hier as addenda verskyn.



B I B L I O G R A F I E

- BOSHOFF, S P E en : *Afrikaanse Etimologieë*
NIENABER, G S Pretoria
1967
- BREDEKAMP, H C : *Van Veeverskaffers tot Veewagters*
1982 'n Historiese ondersoek na betrekkinge
tussen die Khoikoi en Europeërs aan die
Kaap, 1662-1679.
U W K
- CLAASSEN, G N en : *Taalverskeidenheid*
VAN RENSBURG, M C J 'n Blik op die spektrum van taalvariasie
1983 in Afrikaans.
UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
Pretoria
- COETZEE, ABEL : *Teenstellings in die Taal*
1958 Kaapstad
- COETZEE, J C N : *Dialektiese woordeskatverskynsels in die*
1983 *Hardeveld en Namakwaland en Hottentotwoorde*
wat besig is om uit hierdie streektaal
te verdwyn.
Die Unie: Junie, 311-313

- DE GROOT, A W : *Studies op het gebied van het hedendaagse*
1963 *Nederlands*
The Hague
- DE KLERK, G J : *Middelnerlands :*
1982 *'n Eerste Kennismaking*
Pretoria
- DE KLERK, W J : *Die aard van Dialektiese Verskeidenheid*
1968 *in Afrikaans*
Ongepubliseerde D Litt-verhandeling,
Universiteit van Pretoria
- DE KLERK, W J : *Dialektiese verskeidenheid in Afrikaans*
1972 *Afrikaans sy aard en ontwikkeling: 219-239*
- DE ROUBAIX, E : *Boesmanlandse Sketse en Verhale*
1927 Pretoria
- DE VILLIERS, M : *Afrikaanse Fonetiek*
1973 Kaapstad
- DE VRIES, J : *Etymologiesch Woordenboek*
1976 Utrecht
- DU PLESSIS, E P : *Die Kennisgids tot Moderne Afrikaans*
1979 Kaapstad

- DU PLESSIS, J : *A History of Christian Missionaries in*
1965 *South Africa*
Cape Town
- ELPHICK, R : *Kraal and Castle*
1977 *Khoikhoi and the founding of White South Africa.*
London
- HEESE, J A : *Onderwys in Namakwaland*
1942 *Ongepubliseerde D. Ed-proefskrif*
Stellenbosch
- HIEMSTRA, L W en : *Die Juiste Woord*
SPIES, J J : *Kaapstad*
1980
- KEMPEN, W : *Woordvorming en Funksiewisseling in Afrikaans*
s.j. *Kaapstad*
- KOENEN, M J : *Handwoordenboek der Nederlandse Taal*
1977 *Pretoria*
- KOTZE, D A : *Die Nederlanders se Belangstelling in die*
1947 *Minerale bronne van Suidelike Afrika (1652-1795)*
Ongepubliseerde M A-proefskrif
Stellenbosch

- KRITZINGER, M S B en: *Afrikaanse Spreekwoorde en Uitdrukkings*
SABBAGHA, N G Pretoria
1967
- LEGASSICK, M : *The Griqua, the Sotho-Tswana, and the*
1969 *Missionaries (1780-1840)*
The politics of a frontier.
Zore, Los Angeles
- LE ROUX, J J : *Oor die Afrikaanse Sintaksis*
1923 Amsterdam
- LE ROUX, J J : *Praatjies oor ons Taal*
1949 Kaapstad
- LE ROUX, T H en : *Middelnederlandse Grammatika*
LE ROUX, J J Pretoria
1945
- LE ROUX, T H en : *Afrikaanse Fonetiek*
PIENAAR, P D Kaapstad
1927
- LE ROUX, T H : *Uitspraakwoordeboek van Afrikaans*
1976 Pretoria
- LOUBSER, J E : *Aspekte van die Afrikaanse Spreektaalgebruik*
1954 *in en om Loeriesfontein.*
Ongepubliseerde M A-proefskrif
Stellenbosch

- LOUW, S A : *Dialekvermenging en Taalontwikkeling*
1948 Kaapstad
- LOUW, S A en : *Afrikaanse Taalatlas*
EKSTEEN, L C Pretoria
1975
- MALHERBE, D F : *Afrikaanse Spreekwoorde en verwante vorme*
1924 Bloemfontein
- MULDER, H : *Dit was Gister en Eergister*
1970 Lansdowne
- NIENABER, G S : *Hottentots*
1963 Pretoria
- NIENABER, G S : *Iets naders oor die ontkenning in Afrikaans*
1965 Taalkundige opstelle: 22-38
Kaapstad
- NIENABER, G S en : *Toponymica Hottentotica*
RAPER, P E Pretoria
1977
- ODENDAL, F F e.a. : *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*
1979 Johannesburg

- PONELIS, F A : *!ora Clicks: problems and speculations*
1974 Bushman and Hottentot Linguistic studies: 51-60
Witwatersrand
- PONELIS, F A : *Afrikaanse Sintaksis*
1978 Pretoria
- RADEMEYER, J H : *Kleurling-Afrikaans*
1938 Die taal van die Griekwas en Rehoboth-
Basters
Amsterdam
- RAIDT, E H : *Afrikaans en sy Europese verlede*
s.j. Kaapstad
- RAPER, P E : *Notes on the Khoekhoen place names*
1979 South African Journal of Science 75: 448-451
- REDLINGHUIS, A C : *Die Ontwikkelpotensiaal van vyf*
1981 *Landelike Gebiede in Namakwaland*
Ongepubliseerde D Phil-verhandeling
Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville
- REICHLING, A : *Verzamelde studies*
1962 Tjeek Willink
- ROSSOUW, H A : *Namakwalandse Kroniek*
1973 Stellenbosch

- SAPIR, E : *Language*
1921 New York
- SCHOLTZ, J DU P : *Taalhistoriese Opstelle*
1963 Pretoria
- SCHÖNFELD : *Historische Grammatica van het Nederlands*
1932 Zutphen
- SUID- AFRIKAANSE : *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*
AKADEMIE VIR WETEN= Kaapstad
SKAP EN KUNS s.j.
- TRAILL, A : *Khoisan Linguistic Studies 3*
1977 Witwatersrand
- VAN DALE : *Nieuw Handwoordenboek der Nederlandse Taal*
1956 'S - Gravenhage
- VAN DER MERWE, H J J: *Afrikaans - sy aard en ontwikkeling*
1972 Pretoria
- VAN DER MERWE, H J J: *Die Korrekte Woord*
en PONELIS, F Pretoria
1982



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

- VAN NIEKERK, A A J : *Die Soutryers*
1964 Kaapstad
- VAN NIEKERK, A A J : *Bittergousblom*
1974 Kaapstad
- VAN NIEKERK, A A J : *Rondom die Skoolklok*
1976 Kaapstad
- VAN NIEKERK, A A J : *Die Klipsweet sit aan my voetsool vas*
1981 Kaapstad
- VAN SCHALKWYK, D J : *Enkele gedagtes i.v.m. idiomatiese uit-
drukkings*
1973
Klasgids: Februarie, 16-24
- VAN SCHALKWYK, M J : *Die Werk van die Wesleyaanse Metodiste
Sendinggenootskap in Klein- en Groot
Namakwaland van 1816-1850 met besondere
verwysing na die stasie Leliefontein
en die werk van Barnabas Shaw aldaar.*
1963
Ongepubliseerde M A-graad
Universiteit van Suid-Afrika
- VAN SCHOOR, J L : *Die Grammatika van Standaard Afrikaans*
1983 Kaapstad

- VAN WYK, E B : *Praktiese Fonetiek vir Taalstudente*
1976 Johannesburg
- VERDAM, J : *Middelnederlandsch Handwoordenboek*
1961 'S - Gravenhage
- VON WIELLIGH, G H : *Ons Geselstaal*
1925 Pretoria
- WEIJNEN, A : *Nederlandse Dialectkunde*
1958 Assen
- WEIJNEN, A s.j. : *Zeventiende-eeuwse Taal*
Zutphen
- WEIJNEN, A : *Het Schema van de Klankwetten*
1970 Assen
- SNIJMAN, F J e.a. : *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*

ADDENDUM 1

NAAM: MEV ELISABET BEUKES (Ook bekend as ouma Ellie Beukes)

OUDERDOM: 92 jaar

O Wat soort kind is sy?

R Die tkaukind, die klein kind. Sy het mos nou vir Neels Smit.

O O, is sy met Neels Smit getroud?

R Sy't vir Neels Smit getrou.

O So, is hulle almal hier rond, of is hulle weg van die huis af?

R Hulle is weg. Dis net behalwe hier Krisjan wat ek by bly, die kêrelkind en die jongstetjie wat nie getroud is, het gesterwe, Bêrend, wat ouer is, net ouer as Anna hier.

O So Ouma sê Ouma het al die jare maar net huiswerk gedoen.

R Ja my kind en so kerkwerk. Ek was mos 'n voorganger van die kerk, hierso op Kharkams.

O Nou die vroeër jare, Ouma, was dit swaar dae?

R Dit was. Dit was nie sulke duur dae nie, soos vandag nie. En ons het van ons se eie brood klaargekom. Ons het nie in die winkel geloop brood koop nie. Ons het gearbei dat ons 'n eie brood gehad het en vandag is die lewe 'n ander lewe. Ons moet van die skaal af lewe; uit die hand uit. In daardie dae wat ek nie so ... My kinders had vee gehad; ons het lekker klaar geleef. Ons het nie so swaar klaargekom. Vandag is die stukkie vleis so duur dat jy hom nie kan betaal. En ons het ons eie stukkie vleis geëet en ons ken 'n skaalvleis nie. My kinders ken hom nie. Nou het hulle hom mos dese dae geleer ken, van die tyd verander is. Dié tyd is mos 'n ander tyd.

O 'n Ander tyd Ouma, 'n duur tyd.

R 'n Duur tyd. Hy's onbestaanbaar. As dit nie die 'pension' gewees het, maar die Here maak mos als, die Here weet vooruit die lewe toe, want wat sal van my geword het. Ek was 'n vrou wat in my huis geld maak uit my hande uit, uit my hande uit. Ek het my kerkfooi als gebetaal uit my twee hande uit. Ek is ... in my huis in werk ek want ek maak ... vat velle en ek maak vir die vrou 'n kleedjie en ek maak 'n kombers en dit was my werk gewees. En so het ek my lewe voortgesit, my kindertjies bymekaar gehou. Dit is my oudste, my heel oudste wat hier toe hier, wat toe die Links het, vir Lena, my oudste kind.

O Ouma, watter jaar is die man toe dood?

R Wie se man?

O Ouma se man.

R Og my tyd. Die kop is dan so halfkop.

O Was hy 'n goeie man vir Ouma?

R Ja, ek het mos nie van my man sla gekry ... Ek het nie 'n man gehad wat vir my moeite gegee het en ek ook nie vir hom deur Gods genade. Maar ek het die dag wat ons getroud is, toe het ek gesê: "Here", hierdie dag, laat ek die getukwense vir die lewe het geontvang het, het ek gesê: "Here, laat die dood ons skei." En jy sal my nie glo nie. Die dooduur, toe roep hy vir my op my naam en ek het sy oë toegedruk.

O Wat is Ouma se naam?

R Elisabet.

O Toe roep hy Elisabet?

R Ja, toe sê hy ek moet hom kom optel en dra en ek moet hom

neerlê. En toe't ek aan hom vat, toe voel ek mos hierdie asem is mos 'n ander asem en ek het gesit. Oorlede ouma Peddie het toe nog geleef en ek het net vir haar, sy sit daar op die kooi, ons het vir haar net, ons het die oukêrel van buitekant ingehelp kooi toe. So sonder, toe die son nou wil sak en ons het hom net neergelê. Sy sit nog daar op die kooi, ek en sy altwee, toe roep sy my. Toe roep hy my en dit was toe die weggaan van my af. So, die Here het my die uur gegee dat die dood ons geskei het, soos ek die Here gevra het. Ek het die Here so gevra. Vandag weet ek nie of die getroude vrouens so vra die Here. Die Here laat dit toe wat jy hom vra. Die sal hy dan aan jou ... so het ek hom gebegrave my kind, met dankbaarheid.



ADDENDUM 2

NAAM: MNR JAN BEUKES (Ook bekend as Oupa Tkomma)

OUDERDOM: 80 jaar

R Ja, ek was 'n maand en vyftien dae in die Kaap, daar gelê, daar by die breekplek. Hulle bring jou mos daar by 'n breekplek in wat ... die man wat inkom, het 'n rooi kombers oor. Dan kan jy weet hy's breek. Die kaffer sê hier wat hier lê, wat ook breek is: "Is hy breek, hy kom in die rooi kombers. Hy's breek."

Ek sê: "Jong nee, stil, jy is klaar breek. Wat sal jy nog van die man praat wat kom" En so ... maar ek het daar 'n maand gebly, Elias, en vyftien dae. Weet jy, toe die vyftiende dag kom, toe sê ek: "Julle moet my leer met die krukke loop." Ja.

"Oupa, Oupa las te gou."

Ek sê: "Nee, ek moet 'try'," en hulle had my twee kurke gegee.

O Wat is die goed? Wat 'n mens mee loop?

R Wat jy mee loop as ...

O Wat noem hulle dit?

R Kurke. Hulle sê mos so. Dié wat jy so ... Nou toe twee. Ja, maar nou moet hier een loop en een hier langs my en die ander een wat ek moet, wat ek ... wat ek nou agteruit loop. Dan moet ek my kurke staanmaak daar waar hy staan, dan moet ek loop. So het ek dan nou twee dae geloop. Die derde dag toe sê ek: "Julle moet my los."

"Oupa sal val."

Toe sê ek: "Nee, julle moet my los. Julle sal tog nie met my saam nie. Los my laat ek 'try'. Ek is nog hier, sukkel, alleen." Ja, toe gaan ek met die straat af.

"Maar Oupa, jy kan mos nog nie gelas wees nie."

Ek sê: "Nee, ek weet nie. Ek voel niks."

"Ja maar hulle het 'n staalplaat in Oupa se heup gesit." Nou ek had gesien dat hulle die steke losgemaak het, maar die insit weet ek nie. Nee, toe was ek weg.

R Waarnatoe.

R Want hulle het my mos onder 'n ding ingestoot. Hier so iets; dan kom hy so. Dan gaan hy weer op. En hoe lank ek hom gekyk het, weet ek nie. Toe is ek weg, want toe ek weer wakker word, of by myself kom, toe lê ek op die kooi waar ek vanmôre gelê het. Nou weet ek nie hierdeur nie, wat hulle gemaak het, maar die mense wat, die "nursie=tjies" wat dan nou daar by my gewees het, het gesê: "Oupa hulle het 'n staalplaat ingesit, in pa se heup." Ja, nou maar, nou dink ek dan maar waaraan het hulle hom dan vasgesit. Of hulle hom met skroefies aan die been vasgesit het, weet ek nie, maar ewenswel (= ewerwel) dit is dan nou

so dat ek dan nou so loop en so na die vyftiende dag toe sê ek: "Nou moet julle my los dat ek, soos ek sê, met die goed loop. Ek moet hulle leer loop." Ja, so geleer. Ja maar ek is aan't loop, ek loop, ek moet leer. Nee, maar nou's hulle darem mos onder my bladde en as ek hom daar gestaanmaak het, dan spring ek 'n ent tot daar. So het ek dan nou geaangaan.

Die tweede dag toe bring hulle my so hier, die anderdingese loop so hier af, die stoep. Toe bring hulle my hier by die stoep af tot onder. Maar onder is nou mos gras geplant. Daar 'n stoel loop neergesit het. Daar loop sit ek nou. Netnou hier kom hulle weer met 'n ou breek ou wat se voete af is, bring hulle dan ook daar. Ek en hy ou sit nou daar. Ja, maar hier praat 'n mens: "Môre Oupa." Ek ... "Môre." Is dit dan nie bostes? Kyk hulle huise is mos so opmekaar.

"Hoe gaan dit met Oupa?"

Ek sê: "Nee goed. Hoe gaan dit met julle?"

"Nee, ook goed." Maar die ou se breek het so gekom, soos hy dan nou vertel: Hy loop 'n pad, toe het 'n bakkie van agter of 'n 'moutor' van agter af gekom en vir hom opgetel en hom die wal afgegooi. Toe's hy se twee voete al twee af. Maar daar lê hy mos nou. Maar die man is weg. Hy's weg. Hy het nie eens gestilhou nie. Nou wie's dit nou? Niemand weet nie, want die 'moutor' loop dan so. Daar lê

hy toe die nag. Die ander dag toe kry die mense hom daar omdat hy roep. Maar hy's mos teen die pad. Op die manier het hulle hom dan gekry en hom toe na die breekplek toe gebring; hulle het hom mos dan breekplek toe gebring.

Nou so lyk die lewe, ja, hy lyk so. Nou, ek het nie als te ware ... man as jy moet 'n ding oorkom, dan kom jy vir hom maklik oor, want ek het voor die Here nie geval nie. Ek het my leisels so in my hand, in die hand, maar ek het nou deurgekom, die die ... jy ken hier waar, waar ons altyd gesê het duskant Langdam. Daar is mos 'n hek wat Jorsie gemaak het. Teen die pad. Hy's so, net so. Ek't gery tot daar en afgeklim, die hek oopgemaak en nou het ek die perde net so aan die bek gevat en deurgetrek en duskant die hek. Nou wil ek die hek toemaak, want ek wil uitspan, hier in die kamp om hout te maak. Nou dan sal die perde mos strak daar deurgaen. Toe maak ek maar die hek toe. Hierdie kom opklim van my, kom klim ek van dié kant af op. Of 'n perd so aan die kar gewoel het, weet ek nie, maar toe ek nou kom sit, toe kom sit ek op die dier, op die leerboom en ek gly nou af hier. Die perde wil loop en ek sê "hoo" en hulle staan en had ek afgegly tot op die grond. En toe ek op die grond kom - is glyk grond, net soos hierdie vloer maar daars 'n plat klippietjie, glyk met die grond - en ek loop sit, lê net met die heup op die grond, met die heup op die klip. En 'k, toe ek loop val dat ek sê 'hoek', toe spring

ek op. Wil ek opspring, dis my plan, maar toe is die onderlyf van my morsdood. Ek kan my nie roer. Ek kan net my kop so maak, so, maar verder kan ek ... Maar ek kan mos nie breek wees nie. Ek spring weer op. Wat se opspring. Dis net die voorlyf wat so maak. En die son is warm. En ek dink, ek is mos breek, glo. Ek sit my hoed so op my bakkies vir die son. Ek lê ... Ek kan mos nie breek wees. En ek spring weer, maak weer so. Here, ek lê dan maar. Ek hoor 'n bakkie of 'n moutor dan afkom. Is Johnny Horniman, maar ek weet mos dan nie of't hy is. Ja, maar hy is hier kom verby, maar hy bring nou 'n man net tot onderkant my, by Langdam, by Bai se huis. Daar kom laai hy nou die mannetjie af. Maar wat weet ek dan nou. Hy't net so gekyk toe hy nou hier verby kom. Hy ken my kar, hy ken my perde. Nee, dis Oupa Jan se kar wat hier staan, maar hy is maar weg en die mannetjie loop afgelaai en hier kom hy hier op. Maar ek hoor hier kom hier 'n ding op. Nou lig ek weer my kop en toe hy nou die draaitjie omkom, toe trek hy so 'n bietjie af. Kyk, die pad het so 'n draai. Nou toe hy omkom, toe sien hy die kar, maar hier staan die kar mos nog. Nou toe trek hy so effentjies af en toe hy nou aftrek toe skreeu ek. Toe houstil hy en hy kom.

ADDENDUM 3

NAAM: MNR DIRKIE DIRKSE

OUDERDOM: 85 jaar

O Is Oupa al die jare hier?

R Ja, ek is nou al hier ... hierso is nou al van '39 af, is ek nou hierso.

O Waar was Oupa voorheen?

Waar was Oupa voorheen?

R Voorheen was ek mos, soos dit gewees het, in die voortyd, jy moet mos maar jou lewe maak daar in die wêreld rond. Toe is ek onder die boere, vee oppas, bees oppas, vir jare, maar waar ek eintlik grootgeword het is op Leliesfontein.

O Op Leliesfontein, ja.

R Ja. Ons Elias-goed, ons hullese. Ou Johnnie Blessie, ons-hulle.

O Nee dis my ooms daardie, almal my ooms.

R Ja is jou ooms.

O Kyk, Jakob Links was mos ook 'n broer van hulle.

R Ja, Ja.

R Hoe oud is Oupa nou?

R Oupa is nou, laaste Mei was oupa gewees, die 27ste Mei, 85.

O 'n Goeie ouderdom, nê?

R Gemaak. 1896, die 27ste van die 5de maand gebore. Nou kan jy self sien hoe oud die ou nou is.

O Kom maar binne Ouma. Links is die van.

R Dirks.

O Sit maar hier Ouma. Ons praat so 'n bietjie oor die geskiedenis van dié plek en die lewe van Oupa en so aan. Ek wil nou bietjie 'n boek skryf oor die plek se geskiedenis en nou gaan ek maar so rond en ek vra die mense so 'n bietjie uit. So, wat soort werk het Oupa nou al die jare gedoen?

R Al die jare wat ek nou nie hier was het ek maar onder die boere gewerk, vee oppas, land kap, koring sny, daardie klas goed.

O So Oupa ken die harde lewe.



R Hê.

O Ek sê Oupa ken die harde lewe.

R Ja ek ken hom. Ek ken hom.

O Het Oupa baie geploeg ook?

R Ja in die voorjare toe ek nog mens was. Ek is mos nou niks, ek kan mos meer niks vir my maak nie.

O Nee, wat. Ek sien dan Oupa stap dan nog sonder 'n kiere.

R Ja, Ja, hier rondom die tkaia vat ek nie kiere darem nog nie, so hoop ons. Maar as ek moet 'n entjie loop, dis maar hopeloos. Hy's maar swak, die ou been.

O Noem Oupa hulle dit nou 'n tkaia?

R Ja, die tkaia.

O Wat is die tkaia nou eintlik?

Wat is die tkaia nou?

R 'n Huis, so. Dis 'n tkaia. Hy's mos nou nie huis, 'n muur=
huis nie. Dis nou soos ons wat nou swak was en weg is,
kan nie verder haal as so nie.

O Nou, die matjieshuis. Het Oupa hulle een hierso?

R Ja-nee, nie meer nie. Ons het nie meer. Ons het nou sleg
geword. Ons loop pluk mos altyd matjies daar op Leliesfontein.

O Kan Oupa vir my verduidelik hoe maak 'n mens 'n matjieshuis.
Hoe begin jy nou? Van die begin af miskien.

R Van die begint af. Jy, jy kap vir jou veertig pale wat
jy 'n rondhuis van maak. Dan pluk jy die matjie uit en
jy maak hom droog en die oumense die steek die matjie met 'n
els tot 3,4 vaam, so lank as wat hy hom wil hê.

O Hoe lank is 'n vaam?

R 'n Paal?

O 'n Vaam.

R Vaam. 'n Vaam is so.

O O so, soos jy jou arm uitsteek.

R So vaam ons hom af, vaam ons hom as hy klaar gestek is.
Dan word die pale ingegrou en die matjies word word omgetrek
dan word hy 'n rondhuis, 'n matjieshuis. So het ons nou



lewe gekon maak toe ons nog dan nou nog nie so sleg was.
Maar toe die slegheid nou kom; ons kan nie eens meer loop
matjie pluk vir ons nie. Toe maar met sulke ou blikplaatjies
en goed gesukkel om so 'n ding te kry.

O En die was van die matjie? Ek hoor die mense was hom ook.
Hulle was die matjieshuis.

R Ja.

O Hoe doen hulle dit?

R Jy was hom af as hy vuil loop word, ruikerig word, dan
jy hom met seep en water af dat jy weet hy skoon is, so
het ek hom gewas. Ja, hy word gewas, moet seep en water
uitgewas. Jou pale word kaal gemaak, matjies wegtrek en
loop was. Die pale word gewas en "gedye" moet 'n ... soos
klei of 'n rooi klei of soos jy kan kry.

O Ja, nou slag Oupa-hulle nog self hier rond?

R Slag? Ja, ons slag nog self maar ons het dan mos ook meer
niks. 'n Ou koop mos nou 'n R1 se vleis wat ek allenig
opeet.

O: Ja-nee wat, hy's niks, hy's niks werd nie. Dis net so.

R Net so 'n klap.

O Ja, nee wat Oupa, Hoe was die reën dié jaar?

R Hy was tot hier toe was hy mooi. Nou vir 'n paar jaar terug het ons maar swak reëntjies gekry. Maar hierdie September= maand, het dit nou mooi gereën.

O So hoe dink Oupa, hoe gaan die oes wees dié jaar?

R Ons skat daar kan 'n oesietjie wees. Ons had ook mos maar laat geploeg want die ploereëns soos April-Meimaandgoed is nou die beste ploemaande. Toe was dit maar dro. Toe het ons van Juniemaand af het ons maar met die ploedery aange= gaan. Nou dat is toe laat al. So hy sal nie uitstekend wees, maar hier is darem kol-kol mooi granetjies.

O Oupa het... Oupa sê Oupa het mos nou baie geploeg, ook vroeër jare.

R Ja, Ja.

O En geoes ook.

R Geoes ook, Ja.

O Nou hoe vat 'n man nou 'n ploegland aan as jy nou man alleen is? Om hom te begin ploeg.

R Jy moet mos jou ploeleiertjie moet jy mos hê voor die trekgoed. Dan is net jy en 'n ploeleier genoeg om jou plaas te ploeg. Ja, net julle twee. Soos hierdie plasie hier. Dit is my uitgegewende plaas, hier oor. Die het ek én 'n leier omgeploeg die jare Maart. Toe het hulle mos nou laas ons se donkies ook afgevat. Die Raad, of wie dit nou is, weet ek nie, afgevat dat ons nie meer 'n donkie het, niks het. Nou het hulle mos toe die skottelploë en trekkers en goed ingebring, hierso. Dit nou soos nou se dae die oese werk want die mense vat hand, hulle help jou dan. Dit kos, dit kos, dit kos vir jou 'n twintig tot twee-en-twintig rand 'n sak koring om in te ploeg met die skottelploeg. Oestyd dieselfde. Dan kry jy, dan betaal jy ook 'n tien, twaalf rand 'n sak as die stroper hom gestroop het en die sak ingesloop het. Hy's duur, 'n duur transaksie. En vir ons wat swak is ...

O En die oes, Oupa. Vroeër jare hoe het die manne nou geoes toe daar nou nie stropers en goed was nie. Hoe begin jy nou as 'n land geel is van die graan. Waar begin jy en hoe end jy?

R As hy geelryp is dat hy nou al ryp is, snybaar, dat jy hom kan afoes, dan vat ons, steek ons aanmekaar so byvoorbeeld

soos hierdie huise, onse, ons maak komponie, een bondel.
Dan sny ons 'n week moet 'n paar manne, ses of agt manne,
sny ons een man se oes amper af, af, af, af en weer die ander
een. Oestyd, as ons klaar is, dra ons hope, hope dra op
die lande met die donkiewaens inry en die vloere skoonmaak
en trap met die donkies.

O Daardie jare het hulle nog getrap?

R Ja, hy trap nog.

O Nou hoe skei hulle die koring van die kaf?

R Nou het jy 'n jagbesem wat jy hom vee en skop en gooi dat
die kaf uitwaai en die lidgoedjiese vee jy met die besem
weg, met die jagbesem.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

O So haal jy nou jou koring af?

R Ja, so maak jy jou koring skoon.

ADDENDUM 4

NAAM: MEV KATRIENA LINKS

OUDERDOM: 76 jaar

O U was maar altyd maar ...

R Ja, ek is maar altyd net hier, in die kontrei is ek mos maar net altyd.

O Nou, en die man, hoe lank is hy nou al ...

R Die man, is mos nou '37 het hy mos gesterwe.

O Is dit?

R Ja.

O Toe het Ouma nou maar al die jare so alleen deur die lewe gekom?

R Ja, so alleen deurgekom.

O Is dit nie eensaam nie?

R Nee, ek het mos nou iemand gehad wat ek sou nou seker mee in die huwelik ingegaan het, Lisa se broer. Maar ek het

gesien, jy weet, in die lewe, terwyl ek die getroude lewe deurgemaak het met my eerste man is dit 'n bietjie swaar, want jy weet hoe hy loop krank raak, hoe het hy mos lank gesit. Hy het mos die beroerte gehad en my ou kindertjies was mos klein en ek moes mos koring sny, en ek moes vel brei en ek moes naald werk dat ek by aande as ek aan die land afgekom het, dan weet ek nie, maar dan moet ek die lig opsteek om die naaldwerk naasteby te bring so laat as ek Saterdag of Vrydagaande afsluit met die snyery dan moet ek dié werk klaar doen want laat ek ook van die werk 'pay' dat die kinderse kan ...

O Dat daar darem 'n, 'n pennie kan wees.

R Juis, dat daar darem 'n geldjie kan inkom en dat ek vir die kinders lappers koop en hulle is mos in die skool, sien en baie dae dan moet ek my sak op die rug sit, die velsak en dan moet ek na die boere toe en dan moet ek mierhope dra en die boer nou op die ... daarom wat had ek nou so gedra het die sand en goed, mierhope loop kap en in die sak ingooi en bring en stamp as dit reëntyd is, stamp, tot laat die boer sê: Nee aia, jy kan maar los. Nou ja, maar as ek nou moet los dan sê die nõi: Ou Aia loop vat die potte en dan skuur jy die potte. Nou as ek die potte klaar geskuur het: Ou Aia dan moet jy nou kom en maak die velle kom natmaak en dan moet ek die velle brei, of ek moet die matjie vat en ek moet die matjie natmaak, 'n drievaamse matjie of 'n viervaamse matjie, en dan moet ek hom natmaak en dan moet

ek die sak vat en dan moet ek hom uitmekaar torring en dan moet ek hom uittrek. Ek kan jou nou nog hier 'n sylappietjie wys wat ek nog laas toe ek 'n matjie gestee het.

O Is dit?

R Ja! Hy lê hier binnekant. Ek is hom so jammer. As ek hom smôrs so optel, ai! my hande is mos dese dae so laat ek nou nie kan meer die else ... die else is ook hier. Ek kan nou nie meer die else ...

O Hanteer nie.

R Ja, ek het nou al gedink ek moet daar deur, daar oorkant tussen die lyne is 'n tko.

O 'n Tko, wat is dit?



R Tko

O Wat, wat is 'n tko?

R Dis ook 'n matjie, ons kap hom.

O Is dit 'n soort miet?

R Ja mnr George het gesê die jaar toe hy in Klein Bethel by my

kom: O, dis 'n pragtige riethuis, pragtige riethuis. Nou die tko kap ek. En as ek hom klaar gekap het, dan gooi ek hom op. Nou as ek hom opgegooi het, nou lê hy mos nou vir 'n agt dae. Nou, as hy die ag dae gelê het, dan kap ek hom, kap ek hom-en dan kap ek hom. Nou vat ek die else, nou vat ek die klip, nou trap ek hom vas. Nou ry ek hom in as ek my tou klaar gedraai het. Nou ry ek hom in, ry ek hom in en as ek hom klaar ingery het dan gooi ek hom op en as ek hom opgegooi het, dan loop sit ek met my else en dan steek ek. En so sal ek hom klaar werk. Dan wat ek my tkoeiham-tou en dan draai ek hom.

O Tkoeiham-tou, wat ...?

R Tkoeiham-tou, Mama sê tkoeiham-tou. Draai ek hom. Sien jy nou tkoei ek, nou maak ek sy bek, sy bek styf. Nou sny ek hom af. Nou bring ek hom weg. En as dit myne is dan tkai ek hom oor my rondehuis. Ons het mos in rondehuise grootgeword. Ons het mos nie in muurhuise grootgeword. Het jy die rondehuise gesien al.

O Ja nee nie, ek het ...

R Juis!

O Nou laas toe ons op die Kamiesberg was, het ek gesien.

R Juis, Juis! Daar in die klas huise het ons mos onse kinderse grootgemaak. En ons het mos in daar in die huise getrou ook. Die mense maak mos nou muurhuise.

O Ja-nee, nee, nou is die mense modern.

R Yes, yes. Nou dit is mos nou die werke wat ons moes swaar doen. Dit is mos nie lekker nie. Vandag kan ek nie met die hande vel brei. Kan nie. Ek kry so hartseer.

O Is dit die rumetiek?

R Ek kan nie met die hande vel brei nie. Swaarliks was ek. Ek weet ek moet nou leer om 'n ding van my skoon te kry, maar soos dit is, ek ken mos daardie werke. Nou weet ek mos hoe ek kan sukkel om hulle klaar te kry. En vandag se mens, vandag se jongmense verstaan nie daardie werk. Weet jy, soos ek nou gesê het, 'n vrou: My kind wat ek nou laas geleer het, het toe hy moet vir st. 6 vat, vir st. 5 vat, daarvandaan het hy nou uitgebrei. Ja, my kind. Ons moet die ou kookhuis regmaak. Dan sal hy net so. Hy het nie eens gesien hoe om die paal in te steek nie. Toe hy moet vir st. 6 vat, toe moet hy mos dan nou loop. Nou as hy kom: Tse, die paar dae wat jy hier is, moet ons die ding afwas, die huis. O, mama!

O Nou was 'n mens daai?

R Ja, jy was hom met rooi grond, soos ek nou die ding gewas het. Hy was hom met rooi grond af, om hom skoon, dat hy nie roet ruik nie. Was jy hom af en dan tkai jy hom. Dan maak jy hom toe. Nou so is ons mos gewoonde gemaak. Nou ...

O Beteken tkai, toemaak?

R Ja, ja ons sê mos vir die toemaak tkai.

O Tkai.

R Ja.

O Is dit 'n Hottentotswoord?

R Ja, dis 'n Hottentotswoord.

O Dit kom uit die Hottentottaal uit.

R Ja, tkai. Soos die oumense gesê het, maar so maak ons hom mos en in hom het ons mos grootgeword. En ek was so bly dat mnr George op Leliesfontein in 'n raad gesê het die dag wat die-mense my so opgevat het, opgebou het toe die 'start' toe't ek gesê ek sal nie bou nie. Ek is 'n enkele vrou ek sal bly in my gewonelike geloof. Toe het mnr George gesê: Die riethuis wat sy in is, wat ek by haar gekom het, hy is goed genoeg as sy hom so hou en daarvandaan het die raad mos nou met die dit moet gebou word. Nou ek het nie gebou nie. Die kind wat weg is en wat nie ...

O Is dit sy huis?

R Ja, die kind wat weg is, ken mos nie die huis se maak nie en die kind toe hy op Steinkopf is, het al gesê: Mama, ek is nie tevrede nie. Ek kan nie as ek gekom het moet mama se soort besigheid ... Nee dis mos nie besigheid. Ons moet mos die huis afwas. Ons moet mos die huis toemaak. Toe het hy gesê, nee. Toe het ek eers met die sinkding gesukkel. Dat hy dan daarin kom. Toe hy die Kaap vat wat hy deurge= spring het lat sy werk gekry het op die 'nurse job', toe het hy geskrywe hy wil 'n gebou hê, hy wil nie.

O Is dit 'n seun?

R Is 'n dogter. Hy wil nie, hy kan nie as hy daarvandaan kom en hy kry 'leave' kan hy nie kom soos my manier is kom nie, kom huiswerk en afbreek en maak. Toe het ek vir hom gesê: As dit jou plan is, dan sal jy hom moet nou uitwys en daar= vandaan het hy sy geldjiese so opmekaar gegooi, opmekaar ge= gooi, opmekaar gegooi en hy het afgevra en hy het gekom met daardie geld en gesê: Koop met die geld nou stene by die raad, Kobus Witbooi is die getuie. Kobus Witbooi het hy gesê vat die ou man en gaan en koop die stene en ek sal nou hiervandaan aanhou elke geld stuur laat as ek daar lostrek laat ek by die huis kom en ... Ek kan nie huis, moet Mama se huiswerk vas wees nie en as hy gekom het dan kom hy na die huis toe wat hy gebeplan het en ek is tussen my met my

rondehuis, is nog my ronduhuissement daardie en ek sal hom nie los solank as ek nog kan vat.

O Nou, wat, maak Ouma in daardie huis, kook?

R Ja, ek maak vuur en ek sit as dit reën en ek kook my kossietjie.

O Nou is Ouma alleen oordags hier by die huis.

R Ja, ek is alleen tot lat sy

O Stoksielalleen.

R Stoksielalleen tot lat as die kinderse so kom soos my Sara is mos nou van gister af met die kerklikheid hierse.

O Hoeveel kinders het Ouma?

R Daar is nou net nog twee, drie wat leef. Die anders het mos dan nou so gesterf.

O Drie?

R Ja, ek het mos 'n enkele seun gehad en dié is mos verloor=dood. Ek het mos net sy klere gekry.



ADDENDUM 5

NAAM: MEV HELLETJIE WILDSCHUTTE

OUERDOM: 80 jaar

R Jy moet vir Elias sê Swartmeid het gesê hy kan nie eens lekker sit nie.

O Is dit?

R Ek weet nie of dit ouderdom is ...

O Hoe oud is Ouma dan nou?

R Ek is 1903 se kind, die 7de Maart.

O Nee, hy's ook net so gedaan, kyk hy's mos weer 1901 se kind.

R Ja hy is 'n jaar ouer as ek.

O En anders gaan dit lekker Ouma?

R Nee my broerkind, laat ek tog maar sê dit gaan aan, daar God's goedheid, want jy moet se dankie as jy dié wasdom is, as die Here so toelaat dat jy nie op die kussing lê, dan moet jy ook se dankie.

O Ja-nee as 'n man darem nog kan beweeg, heen en weer, dan moet jy darem dankie sê.

R Ja, is waar.

O Nee, ek gaan maar so rond en gesels maar met die mense 'n bietjie oor die geskiedenis van die plek en so aan. Was Ouma al die jare hier op Kharkams?

R Nee, jare het ek in die Onderveld gebly.

O Waar is dit nou?

R Ek het mos, ek het mos die outa ken jy seker nie maar hulle is die Wildschutte - ek het mos 'n Wildschutte-man getrou. En toe't ons mos daar gebly en toe word ek mos op 'n dag, toe is ek nou net soos 'n een. Toe sien Oompiese mos ek is nie reg nie, my man Samuel, maar ons sê, hy se naam, die noeming is mos maar Oompiese. Toe't hy daar vir ek - toe is dit hierdie Lena van Toetoes, toe's hy net so 'n klein kindjie. Toe is hy by my en hy het die Here gevra die Here moet dat ek net so sit en hy het vir John Heyn loop haal. H'n'n, Samuel, my man. Van daardie jaar af is ek hier rond. Anders ek het onder gebly.

O Waar is dit?

R Hulle sê hom Rietmond.

O Roetmond. Is dit nou ook in die Namkwaland?

R Dis ook in die Namakwaland.

O So hoe lank is Ouma nou hier omtrent, hoeveel jaar omtrent.

R Nee dit kan ek nie sê nie.

O 'n Lang tyd?

R Ek kan nie eens maand reken meer, my broer se kind. Die
oumens se kop hou nie - vat nie meer nie.

O Maar Ouma ken darem die Namakwalandse lewe? Is dit 'n swaar
lewe?

R Hy is swaar. Nee hy was lekker gewees. Boeta die dae wat
ons onse goed inspan en ploeg. Toe het ons nie vir meel geken.
Toe het ons geken koring uithaal en maal. Toe was dit lekker.

O Om dit self te doen.

R Self te doen.

O Het Ouma self op die ploegveld gestaan?

R Ek het net nie geploeg nie, maar koring had ek gesny. Maar nou beteken ek niks. Ek's net lewendig.

O Maar nou daardie jare. As ons sê koring sny, is dit groot lande?

R Sien Meester, sien Boetie dan nie dié lande nie.

O Ja-nee ek sien hulle, ek sien hulle.

R Nou ons sny hom mos so.

O Met die sekel?

R Met die sekel.

O Nou van watter kant af - gestel jou koringland lê daar, van watter kant af begin jy?

R Nee, as hy so lê, begint jy mos maar van duskant af. As die wind waai dan sny jy hom van daardie kant af. Kyk laat die koring nie in jou inwaai nie. Hy moet staan as jy hom vat. So waar ...

O Is Ouma alleen hier by die huis?

R Nee dis 'n vrou se huis, dis my jongste dogter se huis, hy bly hier. Ek bly by haar want ek is so sleg ek kan niks maak.

O En die kinders is hulle nou almal uitgetroud?

R Hulle het uitgetroud. Daar is nou ene wat hy se man afgesterf het, Rachel. Hy het ook van outa Zampie Beukes se familie had hy getrou. Maar dié mannetjie het doodongeluk gekry. Hy's oorlede.

O Maar hulle kom darem so nou en dan?

R Nee ons loop darem so oormekaar.

O Ouma en die matjieshuis. Het Ouma-hulle ook ...?

R Ek het hom gehad, maar toe ek nie meer kan steek nie, toe het ek gebeur na Beukes toe en toe het ek mos darem losge- raak. Ek ken die mandjieshuis, maar ek het loop sleg geword.

O Ja maar hoe begin 'n mens nou? Kyk ek is nou dom. Ek ken nie eens daardie soort huis nie.

R Nee jy maak mos eers die mandjies en dan moet jy mos die pale maak en dan maak jy mos die huis. Jy plant jou pale. En as jy jou pale geplant het, dan tkai jy jou huis.

O Tkai, wat is dit nou?

R Dis die opsit wat ons sê tkai.

O Ken Ouma die Hottentottaal?

R Nee, ek ken hom nie praat nie. Nee.

O Is Ouma Metodis?

R Ek is 'n Katoliek. Ek het getrou op Leliesfontein en afgetrek kom.

O Hulle sê Ouma is familie van my pa-hulle. Nou hoe werk die Wildschutte en die Linkse. Hoe is hulle familiebande?

R Elias is mos oom tata Jan Dagga se kind en en die Wildschutte weet ek mos nou nie die voorkant van die, maar my tata, Outa Paulus, was my tata se Oom, Paulus Wildschutte, dit was my tata se mense. Ek het mos uit die huis in die kookhuis getrou, want dit was ta se neef, ver neef wat ek mee getrou het. Ek praat nou ook waarheid.

Kyk die Kharkams gaan mos nie uit en daardie wêreld loop vrou vat nie. Hy vat hier. Leliesfontein trou op Leliesfontein en loop haal nie daar 'n kleinmeid nie. Dit is mos waar dat dit seker so toe sê.

O Jan Dagga, waar kom hy aan die naam?

R Dit was 'n noeming gewees wat hulle vir oom tata genoem het. Daarom sê dit: Elias Dagga. En dit sê Zoela Dagga en hulle sê Duusman Dagga. Dit was oom tata se kinders en dit was my newe.

O En die gesondhied Ouma. Hoe gaan dit aan?

R Die oumens se gesond? Nee my broer, ek weet nie. Hy se bene is tot niet en sy liggaam ook. Dis mos nou siek, 'n soort siek wat hulle sê kremetiek. Die is mos 'n een wat net pyn eintlik. Bene is mos seer dat jy nie kan trap, dan kry jy ook seer. Ons se voormense het ek nie gehoor van kremetiek nie.

O Nou is Ouma maar oordags so op en af?

R Hm! Ek is mos 'n ou tkom.

O 'n Ou wat?

R Naaldwerk.

O 'n Ou tkom. Hoe noem hulle hom?

O Hoe sê julle dan. Hoe sê julle vir "naaldwerk"?

O Nee ons sê "naaldwerk", maar Ouma het nou gepraat van tkom.

R Ek het gesê tkom.

O Tkom. Is dit naaldwerk? Doen Ouma nog baie naaldwerk?



R Ek doen maar die liggaam wil nie meer sit nie, Broer. Hy wil nie meer sit nie.

O Wat werk Ouma veral?

R Net so lappertjies aanmekaar trek.



ADDENDUM 6

NAAM: MEV MARIA WILLEMSE

OUDERDOM: 91 jaar

R Die eerste jare van my lewe was ek mos op Leliesfontein.
Toe ek met die soort kind grond vra en goed het hulle mos
hier in die onderveld rond gevra, en toe getrek kom. Toe
is ek mos weer Kharkams se mens.

O Watter jaar het Ouma-hulle Kharkams toe gekom?

R Man ek het mos hier skoolgegaan.

O Tot watter standerd toe?

R Ek het g'n standerd. Jy sit neuk nou met my. Wat verstaan
ek. Ek had nie skoolgegaan en klaar gegaan nie, maar ek
het mos net vir drie gemaak en gelos. Toe moet ek mos vee
oppas.

O En die man Willemse, was hy ook van Kharkams.

R Hy's daar Garies en Kheis-goed se mens.

O So Ouma wil sommer nog baie jare hier bly.

R Nee, wat se bly. Ek wil geheel graf toe loop.

O Nee maar 'n mens kan mos nie sit wens om graf toe te loop nie?

R Ek wens nie. Ek moet daar al gewees het. As jy nou ge=
lewe het, jy het nie 'n broer nie, jy nie 'n suster nie, jy
het nie 'n oom nie, jy het net tande.

O Jy het mos darem kinders.

R Waar is diese. Die een se huis sit hier en hy is mos goe=
werment se mense. Die ander weet ek nie waar hy is nie, Jakob.

O Waar bly hy?

R In die Kaap, op Elsiesrivier.

O Kom hy darem nou en dan, kom kyk hoe gaan dit met Ouma?

R Ja, laaste jaar het hy hier gekom en gebly tot Januariemaand
toe. Toe sal hy kamma trek kom.. Hy kom nou nog. Ek weet
ook nie wat dit is nie. Nou sit ek mos maar hier in die
ou huis waar dit uitgesterwe het.

O Het Willem-hulle in dié huis grootgeword.

R Almal, van Johannes af. Johannes het in die Kaap getrou.

O Kom hy darem ook nou en dan af?

R Hy kom. Hy was nou hier, in Maartmaand was hy hier gekom kom kyk hoe dit gaan. Hy is ook net mos met sy kinders en 'n kind, as jy eers met kind geloop ...

O En dié wêreld Ouma, as Ouma hom nou so kyk teen wat hy vroeër jare was, is daar 'n verskil?

R 'n Groot verskil.

O Wat is die verskil Ouma?

R Die wêreld se ... diesoortgeid het ons nie geken nie. Kyk, dis nou kamma winter maar ns het blomtyd gehad, kyk wat jy in loop sit en werk, jou klere in loop sit werk daar, so aangenaam was dit. Maar nou is hy mos nie meer so nie. Hy gee blomme.

O Ons was hier by Springbok uit, maar die blomme lyk nogal mooi.

R Hulle is mooi, hulle is darem -nie daardie jaar s'n.

O Maar behalwe die weer, Ouma, is daar nog ander goed wat verander het. Die mense self.

R Weet self nie. Elke een is nou op sy eie. Kyk hy laat hom nie van jou goed vertel nie. Hy ken ook. Later is julle geheel apart. Vroeër jare se mense was nie so nie. Hulle praat een praat en hulle was een. O Here, hulle was mos lieflik gewees. Hier nou nie. Jy moenie dink hier is liefde in dié wêreld nie. Elke een is net 'n mens by sy plek. Hulle kom kamma so bymekaar. Daars niks daar nie. Dis die slag dat ek dink jy kan daar op die kop loop sit as hulle nou so woel soos hulle nou hier gewoel het.

O Ouma-hulle het dan maar net so gewoel.

R Ons het geheel nie net maar net gedans nie. Ons loop dans by 'n bruilof waar ons genooi word. Ons dans daar by 'n plek wat ons nooi. Maar ons het nie hierdie soort loop ge-loop, hierdie wat die kind nou meer weet om huis toe te kom of om hoe hy hom moet gedra nie. Jy sal nie my kind sien kwaad doen en jy het die volste reg om hom te vat en hom 'n pak te gee, hoor jy. Nou vandag, moet ek nie jou kind verbie nie en ek moet ook nie vir jou sê hoe dat geheel dat jy nie sien agter jou kind nie. Die kind hy maak mos so en so. Nee my tata, dan kry ons twee mekaar en die kinders is ook so. Jy moet pasop om sommer een te verbie. Hy gee jou 'n antwoord wat jy nie eens van gedink het nie.

O So, die lewe het verander.

R Hy's anderster. Ons was, die een kind was die ander se ouerse so bang asof dit jou eie ouers is want as hy daardie kind sal nie omdat hy daardie pak gekry het nie moet 'n traan of 'n ding by sy ouer kom nie. En as hy nie so nie, kry hy 'n pak, daardie tyd want hy had iets gedoen. So is dit, dis nie deel nie.

O En die jong mense van vandag, Ouma, is hulle anders as wat Ouma-hulle gewees het.

R My kind hier is g'n jongmens. Hier loop jy jou net vas in kindertjiese. So sê ek jou mos, jy moenie, al is dit ook jou groot broer, jy moet eers kyk sal-hoe moet ek jou verbie of so. Nie maar net omdat dit jou mens is, dan vra hy jou waar kom jy vandaan. Namakwaland word nou lelik hier. Het jy nie gehoor hoedat dit hier, watter aande was dit wat hulle so gewerskaf het, dat dit geskiet het hier. Die polisie ondersoek nou, maar kan mos seker nie die regte ding ...

O Dan het die lewe mos sommer baie verander hier.

R My kind hy is so lelik dat jy geheel nie moet van hom praat. Jy wat dan nou daar in die wêreld is en dourie wêreld se kind is, die begeer mos dan want jy hoor mos dan dis jou tata-goed se bôrplase en dis hulle se plekke en goed om te sien. Pasop. Nee dis tkaboe.

O Wat is dit?

R Maar onlekker, ek meen dis nie opgeruim en plesier en goed wat ...

O Tkaboe. Wat, is dit 'n Hottentotwoord?

R Ja, dis sleg, maar somer sleg, lelik, onlieflik. Nee my kind, hulle is almal, julle grootmense ook is nie soos dit behoort te wees nie, maar dis mos dan so.

O As ouma nou moet weer, gestel Ouma kry weer 'n kans om te lewe, sal Ouma weer op Kharkams wil bly, al die jare.

R Nee, niks sal mos nie maak al bly ek ook hier. Hierdie mense wat jy hier sien en hoor en goed, ek steur my aan niemand. Ek gaan ook nie rond soos dit hier gaan. Hier kom hulle mos dan, het mos hoeka min mens gekom, maar hulle het dan mos nog daardie tyd gekom wat die ouer hier is. Maar nou nie meer.

O Nou mis Ouma hom darem party dae?

R Vir wie?

O Die ou.

R Nie party dae. Ek mis hom so groot as wat die wêreld daar is. Ek mis sy persoon, sy geselskap. Ek meen ek het mos al sy goeters in my hande.

O Het Ouma en hy baie gestry?

R Ons stry ja ... Ek kan mos nie stilbly.

O Ouma was darem seker kwaai in Ouma se dae. Ek kan sommer hoor.

R Jy kan maar hoor, sien ook, ek gee nie om nie.



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

O P S O M M I N G

In *Die Afrikaans van Kharkams* word daar in HOOFSTUK 1 eers 'n uiteensetting gegee van die motivering vir en die aard van dié studie. Hierna volg 'n beskrywing van die navorsingsgebied, Kharkams, uit 'n historiese, geografiese en sosiale oogpunt. Omdat die studie 'n dialektmonografie is en die dialektiese aard van Kharkams se taal beskryf word teen die agtergrond van Algemeenbeskaafde Afrikaans, word die begrippe Algemeen-beskaaf en dialek van nader omskryf.

HOOFSTUK 2 behandel die fonologiese eiesoortigheid van die groep respondente se taalgebruik en al die wisselings by die vokale, diftonge en konsonante word van nader bekyk en toegelig met voorbeelde uit die opnames en optekeninge. T.o.v. sommige fonologiese eienaardighede van KT word 'n diachroniese aanloop gegee en wat o.a. opval in dié opsig is dat baie van die verskynsels baie oud in Afrikaans is en soms 'n vroeër klankstadium van Afrikaans verteenwoordig. Vgl. monoftongering (3.1.1) en epentese (4.8.1)

HOOFSTUK 3 bekyk die leksikon van KT en dis veral op hierdie vlak van taalgebruik waar die opvallendste en omvattendste verskille tussen AB en KT aangetref word. In die subseksie *Aspekte van woordvorming* word byvoorbeeld gekyk na woordvorming soos

substantief + *-goed* waar die semantiese inhoud sowel as die spreiding van *-goed* nader beskryf en toegelig word. Khoi-invloed is in hierdie opsig onmiskenbaar. Ook die *substantief* + *dubbele meervoudsvorming* op *-e* word bespreek. Uit 'n diachroniese oogpunt is die verskynsel ook baie oud in Afrikaans. In KT is 'n voorliefde vir die dimunitiefsuffiks ook te bespeur – dié suffiks toon 'n abnormale hoë gebruiksfrekwensie in KT en heel dikwels word die dubbele dimunitiefsuffiks aangewend in vorme soos die volgende: *vleisietjie*, *kaatjietjie* en *kossietjie*. Dit word toegeskryf aan die KT-spreker se voorliefde om met affek te praat.

Die hoë gebruiksfrekwensie van die postmorfeem *-lik(e)*, met al sy variënde funksies word beskryf. Insgelyks word die premorfeem *ge-* ook in oormaat aangewend, selfs ook in gevalle met *be-*, *ge-*, *her-*, *er-*, *ont-* en *ver-*. Die vooropplasing van die *ge-* by die deeltjiewerkwoord word ook uitgelig as 'n besondere kenmerk van KT.

T.o.v. eienaamgebruik in KT is die opvallendste kenmerk die beperkte aantal voorname en familienaam wat in hierdie kontrei voorkom. Dit het tot gevolg dat verskillende persone heel dikwels dieselfde stelle name het. Dié verskynsel lei op sy beurt tot die totstandkoming van *byname*.

Wat die aanspreekvorme van KT betref, val dit op dat baie van dié

forme wat in AB 'n baie sterk pejoratiewe semantiese waarde het in KT dikwels sterk affektiewe waarde het. Vgl. forme soos *meid, aia en oudietjie* (< *outatjie*).

T.o.v. woord- en idioomgebruik staan dié streektaal uit in die besondere aard van woordgebruik en idiomatiese taalvorming. Die omgewing waarin die sprekers bly, het onmiskenbaar sy stempel op hierdie aspek van taalgebruik afgedruk. Dié wyse van woord- en idioomvorming het heel dikwels ook kombinatoriese simbolisasie tot gevolg.

Vreemdetaalbeïnvloeding het 'n minimale rol gespeel. Iets wat egter vir die Khoisanistiek besondere betekenis inhou, is die Khoi-leksikonitems wat in dié streektaal beware gebly het. Engelse invloed op dié streektaal het beperk gebly tot enkele woorde wat oorgeneem is en in die meeste gevalle getransfonemiseer is.

Wat ten slotte opval omtrent die leksikon, is die feit dat baie argaïstiese leksikonitems in hierdie streektaal beware gebly het. Die verskynsel hang saam met die feit dat randgebiede van taalgemeenskappe dikwels baie konserwatief is.

HOOFSTUK 4 ondersoek die sintaksis van KT en dit word daarop gewys dat sintaktiese wisselings beperk is juis a.g.v. die beperkte morfologie van Afrikaans. Verskynsels wat dus in hierdie afdeling genoem, bespreek en toegelig word, word dus nie betrek

op grond van hul uniekheid in Afrikaans nie, maar eerder a.g.v. die hoër gebruiksfrekwensie daarvan in KT.

Van die belangrikste sintaktiese verskynsels wat bespreek word, is die *uitdrukking van ontkenning*, waar Khoi-invloed te bespeur is, *herhaling en stapeling* wat dikwels aangewend word om affek en nadruk uit te druk, *geslag by die pronomens* waar veral gewys word op die verskynsel dat die anaforiese ketting by voornaamwoorde dikwels gebreek word. By die vormlike aspek van besit by die pronomens word die Khoi-invloed weer eens baie duidelik waargeneem.

Dié verskynsels wat in die bestek van drie hoofstukke uiteengesit is, is baie duidelik waar te neem uit die monster van opgeneemde stukke spraak waarvan uittreksels van ses respondente se taalgebruik in dié studie as addenda ingesluit is.

The logo of the University of the Western Cape, featuring a stylized building with columns and a pediment, with the text "UNIVERSITY of the WESTERN CAPE" below it.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE